

ILZA ROGGE BAND

NOOT VIR DOOD



'n Groot naam in Afrikaanse musiek.

'n Obsessiewe aanhanger.

'n Joernalis met 'n giftige pen.

En 'n musiekbedryf wat nie meer
is wat dit was nie . . .

ILZA ROGGE BAND
NOOD VIR DOOD

Queillerie

*Vir my seun, Zac Roggeband Steyn,
en ook my ouers, Willie en Esbé Roggeband,
wat my lief maak het vir boeke en musiek.*

1

Sy blaai deur die plakboek tot sy by die eerste leë bladsy kom. Neem die stafie gom en smeer van dit versigtig op die agterkant van die tydskriffoto wat sy uitgeknip het. Sy plak dit sekuur vas en kyk tevrede daarna. Sy lees weer die onderskrif: “Die gewilde sanger Carel Strydom het onlangs sy vierde platinum-toekenning ontvang vir verkope van meer as 40 000 vir sy nuwe album, *Maanmens*. Die album het hierdie prestasie behaal slegs vyf weke nadat dit uitgereik is. ‘Ek is baie dankbaar vir die sukses,’ het Strydom gesê. ‘Die Afrikaanse musiekmark gaan deur ’n moeilike tyd en ek is bly my aanhangers ondersteun nog my musiek.’”

Sy vryf saggies oor sy gesig. Haar vingers huiwer by sy mond. Eendag, dink sy, eendag gaan ek daardie mond soen.

Sy maak die plakboek toe, sit dit op die rak by die ander. Sy stap na haar CD-speler en druk die speel-knoppie.

Hoe lank moet ek nog wag?

Waar is jy, engel van my hart?

Hoeveel ure moet ek alleen

deur hierdie wêreld gaan?

Dis ek, Carel, dis ek. Jy weet dit nog net nie, maar dis ek. Dis na my wat jy so soek.

2

Jägermeister. So walglik, so wonderlik.

Tertia Viviers lek oor haar lippe. Sy proe nog die bruin vloeistof en lek effens harder om die smaak vir oulaas te geniet. Daardie laaste een was dalk nie nodig nie, maar o so lekker. Soos medisyne, maar medisyne wat sy graag drink. Gereeld en baie.

Sy stap deur die parkeerarea tot by haar kar. Mik-mik met die sleutel na die sleutelgat. Sit haar hand op die kar se dak sodat sy beter kan balanseer.

Mik weer en kry dit hierdie keer in. Draai die sleutel en val amper om toe sy die deur oopmaak.

Ek moet dalk nie bestuur nie, dink sy. Maar wie sal haar tog kan huis toe vat? Dis nie asof sy met ope arms by die partytjie ontvang is nie. Donnerse musiekmaatskappy! Skryf een ou skinderstoriëttjie oor een van hulle ou sterretjies en dan is jy skielik van die party-lys af. Nie dat sy haar laat onderkry nie. Sy daag eenvoudig net op. Hang buite die deur rond tot sy iemand sien in wie se goeie boekies sy nog is. Daar is altyd iemand wat sal sorg dat sy kan inkom. En dit maak nie saak of sy nie 'n formele uitnodiging gekry het om te weet waar en wanneer dinge gebeur nie – met Facebook weet mens deesdae in elk geval waar almal die hele flippen tyd is. So voorspelbaar.

Tog snaaks wat sommige mense vir publisiteit sal doen, dink sy terwyl sy die sleutel in die aansitter draai. Die stories wat mense al vir haar oor hulleself aangedra het, is iets verskrikliks. Skandes! Skinder! Sensasie! Enigiets om tog net hulle gesiggie in die media te sien. Talentlose klomp gemors, dink Tertia.

Die kar gee 'n ruk en stol. Sy draai weer die sleutel en ry rukkerig vorentoe. Konsentreer, Tertia, konsentreer. Die laaste ding wat jy nodig het, is 'n klag van dronkbestuur.

Sy ry so versigtig as wat sy kan. Probeer om by die spoedbeperking te hou.

By die Waterfront uit, links by die verkeerslig. Amper 'n kilometer op die N1 en dan die Tableview-afrit. Konsentreer, konsentreer, konsentreer.

Môreoggend moet sy vars op kantoor wees. Sy gaan moet onthou wat sy alles vanaand gesien en gehoor het.

Die hoogheilige Carel Strydom gaan sy gat sien, dink sy. Altyd so preuts en vriendelik met sy blou ogies en lang kuif. Maar dít gaan hom sink. Hy en Linda het sag gepraat, maar sy het elke woord gehoor.

Sy kan net dink wat hy alles gaan probeer doen om die skandaal te keer. Natuurlik sal sy hom môre bel om te sê dat sy die inligting gaan gebruik. Hy moet weet. Hy moet panic. Hy moenie 'n oog toemaak voor die koerant op straat is nie. Hy moet weet dat sy, Tertia Viviers, sy loopbaan gaan verwoes.

Boontjie kry sy loontjie. 'n Oog vir 'n oog. Die wiel draai. The sweet taste of revenge.

O, sy kry so lekker. Hierdie storie laat haar tone krul, dis so sappig en skandalig.

Sy kan nie glo dat sy dit nog nooit raakgesien het nie. Twee en twee bymekaargesit het nie. Dit was altyd daar. Hoe hy dit reggekry het om dit so lank weg te steek, weet sy nie. Sy fans sal hom baie vergewe, maar nie hierdie een nie. Hy het sy laaste konsert in 'n kerksaal gehou, dis donners seker.

Sy maak haar een oog toe om te sien of sy beter kan fokus. Maak dit weer oop en skrik toe 'n ander kar vinnig by haar verbyry.

Deur Milnerton en Sunset Beach, verby Rietvlei aan haar regterkant. By Blaauwbergweg draai sy links en by die volgende verkeerslig regs. Amper daar, amper daar.

Sy stop voor haar huis. Dis al donker en stil by die kompleks.

Ek gaan nie vanaand my kar in die motorhuis intrek nie, te veel moeite, dink sy.

Sy sien dis amper eenuur. G'n wonder dis so stil nie.

Sy klim uit en laat val haar handsak.

“Bliksem tog,” mompel sy.

Kom strompelend regop. Krap in haar handsak en vat haar huissleutels raak. Sy stap na die voordeur en probeer in die bietjie helderte van die straatlig die regte sleutel tussen die ander raakvat.

Sy hoor nie die sagte voetstappe agter haar nie. Die eerste hou val hard en met mening. Dit gooi haar van balans af. Sy keer met haar een hand teen die muur. Probeer regop kom.

“Wat ... ” sê Tertia, verdwaas oor hoe seer dit is. Sy lig haar hand op om aan haar kop te vat, probeer draai om te sien waar hierdie verskriklike pyn vandaan

kom. Sy voel hoe bloed uit die wond begin loop. Ek sal my hare moet was, dink sy.

Die tweede hou tref haar teen haar slaap. Haar knieë swik weer. Sy sak af en val vooroor.

“Wie ... moenie ... ” Sy is verward, verstaan nie wat besig is om te gebeur nie. Sy wil gil, maar sy kan nie. Maak haar mond oop, probeer iets sê. Niks nie. Sy verstaan nie ...

Sy probeer weer regop kom. Druk met haar hande op die plaveisel. Druk harder. Niks in haar liggaam wil werk nie. Sy draai haar kop. Sien die donker figuur wat afbuk na haar toe.

Sy voel iets teen haar keel. Probeer wegruk en sien die skerp lem sekondes voor dit die hoofslagaar in haar nek oopsny.

3

“Het jy gehoor?”

Carel kom regop in sy bed, vee die hare uit sy oë. Die selfoon het hom gewek uit 'n diep slaap.

“Wie praat nou?” vra hy.

“Goeiste, slaap jy nog? Dis Linda.”

Carel herken sy agent se stem, kyk na sy selfoon se skerm en sien nou eers haar naam.

Hoe laat is dit? Hy kyk op sy horlosie. Halfagt.

“Hallo,” sê hy hees. “Skuus, ja, ek het nog geslaap. Het ek wat gehoor?”

“Tertia Viviers is gisteraand dood. Iemand het haar voor haar huis oorval, haar nek met 'n mes oopgesny. Sy het glo doodgebloei. Net haar beursie en haar selfoon is gesteel.”

Carel word koud.

“Hoe ... hoe ... weet jy?” vra hy deurmekaar.

“Dis groot nuus op die radio en Sophia Lategan van *Die Burger* het my netnou gebel om te hoor of ek enige kommentaar het. Sy wil natuurlik by jou ook weet of jy iets te sê het. Ek het vir haar gesê ek sal by jou hoor, maar ek glo nie jy sal nie.”

Carel swaai sy bene van die bed af. Sit geboë vooroor. Vee weer sy hare uit sy oë.

Hy is skielik wawyd wakker.

“Sy was gisteraand by die partytjie,” sê hy.

“Ek weet, ek het haar gesien. Natuurlik nie met haar gepraat nie. Niks vir die vrou te sê nie! Die cheek wat sy het om haarself altyd oral in te wurm. Maar foei tog, dis seker nie 'n manier om dood te gaan nie.”

“Nee, seker nie.” Carel se kop is 'n warboel. Hy het ook nie by die partytjie met Tertia gepraat nie, maar het geweet sy hou hom dop. Dit was asof sy die hele tyd net 'n paar sentimeter van hom af gestaan het. Alles geluister het wat hy gepraat het. Met haar swartomlynde oë en mond altyd op 'n plooi getrek asof sy iets slegs ruik. En altyd met 'n glas in die hand.

“Wil jy kommentaar lewer? Moet ek vir Sophia iets stuur?” vra Linda.

“Nee. Nee wag, dalk moet ek. Ek weet nie. Laat ek daaroor dink,” sê hy.

Daar is ’n stilte.

“Carel, dink jy sy het geweet?”

Hy weet dadelik waarvan sy praat.

“Nee, hoe kon sy?” Hy sug, laat sak sy kop in sy hand. “Maar met haar het mens nooit geweet nie. Bliksem, sy kon so krap en krap! Linda, daar is net vier van ons wat weet, nee, vyf, want Alma weet ook, en nie een van ons sal praat nie.”

“Maar ek en jy het gisteraand ... ”

“Ek weet ons het vinnig daaroor gepraat, maar hoe sou sy kon hoor?”

“Ek weet nie. Ek wonder maar net. En as sy dalk die inligting gehad het, hoeveel ander mense het daarvan geweet?”

“Kom ons hoop niemand nie. Ek gaan nou stort. Ek bel jou later.”

“OK, bye. Praat later.”

Carel staan op en gaan badkamer toe. Kyk vir homself in die spieël. Tertia Viviers is dood. Die doring in sy vlees is met ’n skerp lem uitgesny.

Jy is ’n slagpat, Carel Strydom. Jy moes al lankal eerlik gewees het. Die wêreld en sy vrou vertel het van jou groot geheim. Hoe erg kan dit nou wees? Maar is die feit dat hy dit al so lank wegsteek, nie deel van die probleem nie? Gaan mense hom nie juis kruisig omdat hy so lank vir hulle gelieg het nie?

Hy sal seker vir Alma ook van Tertia moet laat weet. Alma O’Kennedy, een van die min mense in sy lewe wat hy werklik vertrou. Sy assistent die afgelope vyf jaar, wat oral saam met hom reis en sorg dat sy lewe glad loop. Liewe Alma wat nie ’n vlieg sal skade doen nie, maar soos ’n leeuwyfie sal baklei om hom te beskerm.

Hy en Tertia het mekaar die eerste keer ses jaar terug ontmoet. Sy eerste CD is pas bekendgestel en mense het van hom begin praat as die nuwe hoop vir Afrikaanse musiek. Dit was by die KKNK en hy het van die een verhoog na die ander gegaan en sonder betaling gesing. Encore Musiek, die musiekmaatskappy met wie hy kort tevore ’n kontrak geteken het, het gesorg vir plakgate, maar dit was hy wat dit tot die vroeë oggendure teen die lamppale vasgesit het.

Die foto op die plakkaat is geneem by ’n goedkoop ateljee in Kaapstad, maar

daar was nie geld vir 'n stilis en iemand om te sorg dat sy neus en voorkop nie te veel blink nie. Sy vaalblonde hare het geraak-raak aan sy kraag. Die langerige kuif was tot teenaan sy wenkbroue. Die ligblou hemp op die foto is een wat hy by Mr Price gekoop het, die jeans 'n paar Levi's wat al jare in sy kas was.

Hy het alleen gereis. Met die bokse CD's en sy kitaar agter in sy bakkie en 'n geldkissie vir die kontant. Mense het geluister terwyl hulle die een bier ná die ander gedrink het en aan die einde van die fees was hy, asook die musiekmaatskappy, 'n paar rand ryker. Sy eerste groot treë na sukses is in die Klein Karoo gegee.

Hy was meestal alleen en saans het hy na die koshuiskamer gegaan wat hy gehuur het vir die tyd by die fees. Soggens het hy tougestaan by die badkamers en gehoop daar is nog warm water oor.

Dit was net daardie een aand. Daardie een onbesonne aand wat hy besluit het om te gaan kyk hoe die naglewe by 'n fees lyk.

Volgens almal was Al Capone die plek om te kuier. Die watergat waar mense nog 'n laaste bier of dop of die een of ander gif in klein glasies gedrink het.

Carel het vinnig besef as jy op 'n verhoog is, is jy vir die meeste vroue soos 'n magneet. Sit 'n mikrofoon in jou hand en die vroue gooi hulleself vir jou.

Hy het geweet, gewéét hy moenie drink nie. Maar een bier sal tog nie skade aanrig nie? Hy het immers iets gehad om te vier. Goeie verkope, 'n goeie fees. Een bier het twee geword. Iemand het vir hom nog 'n drankie gekoop, 'n vrou het twee shooters aangedra. Ná daardie eerste twee biere het hy nie een keer vir sy eie drank betaal nie. Later het dit jolig gegaan. Hy het begin ontspan, grappies gemaak en met vreemde mense gesels. Hy het 'n persoonlikheid gekry wat hy nie sonder drank gehad het nie.

Saam met die aandag van vroue kom daar ander moeilikheid. Mans hou nie daarvan as hulle meisies 'n ou aanstaar nie. Ook nie as hulle vir hom drank aandra nie. Carel het die aandag geniet, maar 'n groot man met piesangtrosse vir hande het besluit hy het genoeg gehad. Hy het tot voor Carel gestap, hom in die oë gekyk en gesê: “Jy dink jy's die kat se gat, nè? Moffie-sangertjie wat seker koor op skool gesing het. Kyk nog een keer na my girl en ek bliksem vir jou.”

Carel het probeer verduidelik, maar dit het nie gehelp nie.

“Ek belowe ek stel nie in jou girl belang nie.”

“Wat?! Sê jy my girl is lelik? Wat is fout met haar? Jy het nog net tien CD's

verkoop en jy dink klaar jy is God's gift to women. Arrogante klein bliksem!" het die man hom toegesnou.

Carel het besef hy gaan nie wen nie en het omgedraai en weggestap.

"Ek watch vir jou!" het die man nog agternageskreeu, maar Carel het gemaak of hy nie hoor nie.

By 'n stiller plek in die ou huis wat as kuierplek omskep is, het hy teen 'n muur gaan staan.

"Jy gaan moet gewoond raak daaraan," het 'n vrou vir hom gesê.

"Waaraan?"

"Die aandag."

Carel het na die vrou gekyk. Sy was seker in haar laat twintigs, nie te lelik nie. 'n Paar jaar ouer as hy, maar met oë wat nie wyk nie en 'n borsmaat wat sy nie skaam was om te wys nie.

"Ek dink nie ek sal ooit gewoond raak daaraan nie," het hy geantwoord.

"My naam is Tertia Viviers," het sy gesê en haar hand uitgesteek.

"Hallo, ek is ... "

"Ek weet wie jy is. Ek het vanoggend na jou geluister by die *Huisgenoot*-verhoog. Jy is goed."

"Dankie. Ek het hard gewerk ... "

"Natuurlik het jy. Mens kan dit hoor. So, vertel my, wat is jou storie?"

Die vrou se blonde hare het los op haar skouers gehang. Haar grimering was met 'n swaar hand aangewend en die donker potloodstrepe het dik onder haar oë gelê. Dit het gelyk of haar klere een nommer te klein is.

Hy het later besef dit was die alkohol wat sy mond so los gemaak het.

"Ek kom van Saldanha. Daar grootgeword en skoolgegaan. Daar was nie geld vir verder leer nie. Ek sing nog altyd. Gehoop iemand sien my eendag raak. En iemand het. Ek het by 'n kuierplek gesing toe André van Encore Musiek my raakgesien het. Hy het my 'n kontrak aangebied en hier is ek nou."

"Weskusklong? Met soutwater in jou are?"

"Ja, seker."

"Gaan jy 'n shooter saam met my drink?" het Tertia gevra.

Sy lyf was warm, die smaak van sukses nog 'n nuwigheid.

"Ja, hoekom nie?"

Hy kon die volgende oggend nie onthou hoeveel hy gedrink het nie. Daar was

om die waarheid te sê dele van die aand waarvan hy niks geweet het nie. Toe hy baie vroeg in haar bed by haar gastehuis wakker word, was hy dankbaar dat sy nog slaap. Hy het versigtig opgestaan, sy klere aangetrek en uitgesluip.

Die warm son van die Klein Karoo het al gewys dat hy dié dag met mening gaan brand.

Hy is na sy koshuiskamer en ná 'n koue stort is hy weer in die bakkie na die feesterrein. Daar was drie optredes op sy program. Hy het broos gevoel. Dit het gevoel of iemand sy brein aanhoudend met 'n klein messie steek.

Jou dom fool! het hy met homself geraas. Hy het hom dan voorgeneem om sy lewe lank so ver moontlik van drank af weg te bly. Hy het mos gesien wat dit aan mense kan doen, hoe dit gesinne kan verwoes. Dit nog altyd reggekry om matig te drink. 'n Bier of twee of 'n glas wyn saam met ete. Maar gisteraand ... Gisteraand was dit asof hy 'n ander mens was. Is dit wat 'n bietjie aandag aan jou doen?

Hy het Steers toe gegaan en 'n hamburger en Coke gekoop. Bewerig die geld uit sy beursie gehaal. Sy eerste optrede was elfuur en hy het gehoop die mense kom nie agter dat hy 'n babelas uit die hel het nie.

Tertia was daar toe hy by die verhoog aankom. Hy het geskrik toe hy haar sien, nie geweet wat hy gaan sê nie. Nog groter geskrik toe hy sien sy het 'n mediakaart om haar nek. Welgedaan, Carel Strydom, jou dom poephof, jou one-night stand is 'n joernalis. Nie 'n los stukkief op 'n fees nie, maar 'n joernalis.

“Hallo, sluiper,” het sy gesê.

“Hallo. Ek, uh, wou jou nie pla nie. Jy het nog vas geslaap.”

“Ek sou nie omgee het as jy my wakker gemaak het nie.”

Carel het nie geweet wat om te antwoord nie. Nee, hy hét geweet: Dit was 'n fout. Dit moes nooit gebeur het nie. Dit sou nie gebeur het as hy nugter was nie. Maar hy het nie die moed gehad om dit te sê nie.

“Ek het nog baie dinge gehad om te doen, jammer.”

“Dis OK,” het sy geglimlag. “Wat maak jy vir lunch? Sal ons iets gaan eet?”

“Ek kan ongelukkig nie. Ek het nog twee ander optredes vandag. Dit gaan maar rof.”

“Hoe laat maak jy klaar? Ek kan jou dalk dan iewers kry?”

“Ek dink nie so nie. Ek sien later die mense van Encore Musiek,” het hy skaamteloos gelieg.

“Wat van later vanaand?”

Carel het besef sy gaan nie bes gee nie. Weer homself uitgeskel. Hy het vinnig probeer dink. Hy wou haar nie weer sien nie. In die skerp sonlig het sy baie ouer gelyk as die aand tevore. Die plooië om haar oë en mond het diep gelê, haar hare was onversorg en hy kon sweer hy het drank op haar asem geruik.

“Luister, uh ... ” het hy gemompel en besef hy het haar naam vergeet.

“Tertia. Tertia Viviers.” Sy was nie meer so vriendelik soos vroeër nie.

“Luister, Tertia, gisteraand ... ”

“Ja, OK, moenie probeer verskoning maak nie. Ek was maar net afleiding. Nog ’n fees, nog ’n pomp.”

Hy het gegril vir haar kruheid.

“Maar weet nou maar, Carel Strydom,” het sy verder gesis, “gisteraand gaan nog lank by jou spook. Jy dink dalk ek is ’n los slet wat in enige man se bed spring, maar ek is nie. Jy sal nog jou fout agterkom.”

Sy het omgedraai en weggestap. Die klankman het by hom kom staan.

“Hoekom lyk Tertia of iemand haar drank gesteel het?”

“Ken jy haar?” het Carel gevra.

“Almal ken haar. Jy wil nie in haar slegte boekies wees nie. Sy is trouble met ’n capital T. Is jy reg om op te gaan?”

Carel het sy kitaar gekry, sy babelas skielik vergete. Tertia Viviers was ’n groter probleem as die shooters wat nog in sy kop geskiet het.

Dit het goed gegaan met die optrede. Die mense het geklap en ná die tyd het hy 46 CD’s verkoop. Dit was die tweede laaste dag van die fees en as dit so aangaan, sou hy nie genoeg CD’s gehad het om te verkoop nie.

Terwyl hy besig was om op te pak, het ’n vrou na hom toe gestap.

“Hallo, my naam is Linda Cronjé. Het jy al ’n agent?”

Hy het haar so in haar vroeë veertigs geskat. Sy het ’n denimromp gedra wat tot net bo haar knieë kom. ’n Moulose wit hemp en plat sandale aan haar voete. Haar bruin hare was kort gesny en hy kon sien sy is ’n vrou wat gereeld oefen. Carel het met waardering na haar bruingebrande bene en helderrooi toonnaels gekyk. Sy was ’n mooi vrou.

Hy het natuurlik geweet wie sy is. Van die grootste name in musiek was by haar. Sy speel nie met up-and-coming sangertjies nie. Sy kies haar mense met

die hand.

“Nee, ek het nie. Ek het maar twee maande gelede die kontrak by Encore geteken,” het hy geantwoord.

“Ek weet. Ek weet alles. Het jy tyd vir koffie? Dit lyk of jy dit nodig het.”

“Ja, koffie sal lekker wees.”

Hulle het sy kitaar en die res van die CD's in sy bakkie gaan bêre en is na 'n restaurant waar hulle wonderbaarlik 'n stil hoekie gekry het.

“Hoekom stel jy in my belang?” het Carel met die deur in die huis geval.

“Jy het dit,” het Linda gesê. “Deur die jare het ek dit nog net 'n paar keer raakgesien en jy het dit. Die stem, die look, die talent. Jy gaan dit nog ver bring.”

“Wat moet nou gebeur?”

Linda het vir hom verduidelik hoe die musiekbedryf werk. Hoeveel mense jy nodig het om jou rug dop te hou. Hoe venynig dit kan raak. Die wedywering tussen maatskappye. Die stryd om jou musiek op radiostasies te kry. Hoe mense jou om elke hoek en draai gaan probeer verneuk. Dat jy iemand nodig het om vir jou kontrakte op te stel, dat iemand jou beeld in die media gaan moet beheer ...

“Ek dink ons het klaar 'n probleem,” het Carel gesê.

Linda het gelag.

“Jou nie lank geneem nie, het dit? Wat het gebeur?”

“Ek het gisteraand vir Tertia ... ”

“Viviers?”

“Ja.”

“Jy het gisteraand vir Tertia gewat?”

Hy was skielik skaam.

“Ek was nog elke aand alleen in my koshuiskamer. Gisteraand het ek uitgegaan en haar by Al Capone ontmoet.” Hy kon voel hoe hy bloos. “Ek het vanoggend in haar bed wakker geword. Dit was 'n fout, ek weet dit, maar ... Ek weet drank is nie 'n verskoning nie ... ”

Hy het soos 'n stout skoolseun gevoel.

Linda het vooroor gebuk en sy hand gevat.

“Jy het jou eerste, baie moeilike les geleer. Vroue gaan hulleself vir jou op 'n skinkbord aanbied. Jy gaan aandag kry wat jy nie gedink het moontlik is nie. Iets gebeur wanneer 'n man op 'n verhoog stap. Dit doen iets aan hulle. Jy gaan móét versigtig wees. As jy 'n sukses van jou loopbaan wil maak, sal jy hard moet

werk, maar jy sal ook pal moet besef mense hou jou dop. Sukses is 'n vreemde ding. Sodra jy dit kry, gaan daar mense wees wat alles sal doen om dit van jou weg te neem.”

“Sien jy nog kans om my te help?”

“Ja, natuurlik. Ek sal met André by Encore praat. Ons werk nog altyd goed saam. Eers moet ons die potensiële Tertia-probleem oplos. Het sy gesê sy gaan iets skryf?”

“Nee, sy het nie. Ek het eers vanoggend besef sy is 'n joernalis.”

“Van nou af doen ek al jou mediaskakeling. Jy praat nie met 'n joernalis voor jy met my gepraat het nie. Waar is jou selfoon? Neem my nommer. Dis nou die belangrikste nommer in jou lewe.”

Carel het beter gevoel ná sy gesprek met Linda. Hy het vir André by Encore gebel en van hulle gesprek vertel.

“Jy is in goeie hande,” het André gesê. “En jy moet jou sterre dank dat sy jou raakgesien het. Sy steur haar nie gewoonlik aan nuwe talent nie.”

Carel het sy ander twee optredes gedoen. Albei kere was Tertia daar. Sy het nie met hom gepraat nie, maar hy het die hele tyd haar oë op hom gevoel. Hy het ná die tyd CD's verkoop en gestaan vir 'n paar foto's. Teen seweur die aand was hy klaar. Toe hy by sy bakkie kom, het Tertia daar gestaan.

“En toe? Het jy al van plan verander?” het sy gevra.

“Tertia, dit gaan nie gebeur nie. As dit enigsins help, ek is jammer. Ek is jammer oor gisteraand en ek is jammer as ek jou dalk aanleiding gegee het.”

“Aanleiding? Aanleiding? My fok, ons het seks gehad!” het sy geskreeu.

Hy het om hom gekyk, bang iemand hoor haar.

“Ek weet, ek is jammer. Verstaan asseblief. Ek is regtig jammer.”

“Jammer se gat! Jy weet nog net nie wat ek vir jou in jou loopbaan kan beteken nie!”

“Ek moet nou gaan. Ek is regtig jammer.”

Hy het in sy bakkie geklim en weggery. By die koshuis het hy dadelik vir Linda gebel.

“Tertia was by die ander twee optredes en het nou by my bakkie gewag.”

“Daai vrou is ongelooflik. Haar vel is so dik soos 'n renoster s'n. Wat het sy gesê?”

“Sy het gesê ek besef nie wat sy vir my in my loopbaan kan beteken nie.”

Linda het gelag.

“Nee wat, daaroor moet jy jou nie bekommer nie. Sy het ’n baie slegte reputasie en hoe sy nog ’n werk het, gaan my verstand te bowe. Mense neem gewoonlik haar stories met ’n knippie sout, maar dit beteken nie dat jy nie versigtig moet wees nie. Kom ons kyk eers of sy iets gaan skryf. Ons hanteer dit van daar.”

Carel het die aand op sy koshuiskateltjie lê en lees. Al negeur sy lig afgeskakel.

Die volgende twee dae het dit goed gegaan. Daar was elke keer meer mense en teen die Saterdagoggend was al die CD’s wat hy saamgebring het, verkoop. Mense het gevra waar hulle hom vir ’n konsert kan bespreek en hy was verlig dat hy vir hulle Linda se nommer kon gee.

En elke keer was Tertia daar. Nie met hom gepraat nie, net naby genoeg dat hy kon agterkom sy is daar.

Nuus24.com; 11.46 vm.

2 Februarie 2012

Joernalis vermoor vir selfoon en beursie

Deur Sophia Lategan

Die joernalis Tertia Viviers (35) is gisteraand voor haar huis in Tableview vermoor. Cynthia Cupido, woordvoerder van die Tableview-polisiekantoor, het gesê slegs Viviers se beursie en selfoon word vermis.

“Haar lyk is vroeg vanoggend deur haar buurvrou gevind,” het Cupido in ’n verklaring gesê. “Dit is in hierdie stadium nie seker of die motief vir die moord slegs diefstal was nie en daar is nog geen verdagtes nie.”

Viviers was ná haar dramastudie aan die Universiteit Stellenbosch vir ’n wyle betrokke by kinderteater, waarna sy ’n paar weke in die sepie *Mooirivier* te sien was. Daar was toe gerugte dat sy gevra is om dié langs lopende sepie in Suid-Afrika te verlaat as gevolg van haar laatkommery en die feit dat sy nie altyd voorberei het nie.

“Ons is baie jammer om van Tertia se ontydige dood te hoor,” het Elsabé Louw, woordvoerder van *Mooirivier*, gesê. “Ons innige simpatie met haar naasbestaandes.”

Louw wou geen kommentaar lewer oor die tyd toe Viviers onder ’n wolk by *Mooirivier* weg is nie.

Simon van Wyk, redakteur van *Scoop*, die skinderblad waarvoor Viviers gewerk het, het gesê sy laat ’n groot leemte.

“Tertia was dalk nie die gewildste joernalis nie, maar sy het nie opgegee voor sy ’n storie gekry het nie,” het hy bygevoeg.

Viviers het kort nadat sy by *Mooirivier* weg is, by *Scoop* begin werk. Daar is gesê dat sy juis die werk gekry het omdat sy soveel mense in die vermaakbedryf geken het. Sy was verantwoordelik vir verskeie skinderstories wat die lewe vir bekendes moeilik gemaak het. Van die onlangse skandale wat sy uitgekrap het, was die verhouding tussen die getroude rugbyspeler Wian Kloppe en die

Springbokke se fisioterapeut, Telanie Schutte, en die feit dat die Afrikaanse sangeres Mari-Lou haar matrieksertifikaat vervals het.

Van die bekendes wat nie wou kommentaar lewer oor Viviers se dood nie, is die sanger Carel Strydom, die sangeres Anél Burger en die *Moorivier*-spelers Nico de Jongh, Annemarie Nortier en Samuel Jacobs.

Begrafnisreëlins is nog nie bekendgemaak nie. Viviers, wat ongetroud was, word oorleef deur haar ma en suster.

Dis seker verkeerd, dink Azania Paulse, maar sy is bly Tertia Viviers is dood. Sy is jammer vir haar ma en suster, maar die wêreld is 'n beter plek sonder mense soos Tertia.

As dit nie vir haar was nie, dink Azania, as dit net nie vir haar was nie ...

Sy wil nie bitter wees nie, maar sy kan dit nie help nie. Tertia Viviers het gekrap waar dit nie gejeuk het nie. Azania se verlede gaan oopkrap en daaroor in die koerant geskryf sodat haar swaarkry openbaar kon word vir ander se vermaak. Vir die land vertel van Azania se lewe in die plakkerskamp, haar dronk ma, haar pa wat sy nooit geken het nie. Geskryf dat haar suiplap-ma bruin was, maar haar pa swart, en dat dit is hoekom Azania so 'n donker vel maar gladde hare het. Asof dit saak maak! Asof haar DNS iets met haar talent te doen het.

Tertia het met haar giftige pen mense mooi laat verstaan dat niks goeds ooit uit 'n plakkerskamp kan kom nie. Dat Azania se loopbaan dood was nog voor dit begin het. Wie wil tog nou iemand 'n kans gee of vir 'n konsert bespreek as sy dalk nie eens met 'n mes en vurk kan eet nie? Of dalk suip soos haar ma?

Natuurlik nie 'n woord geskryf oor haar Ouma Annie wat haar met liefde grootgemaak het nie. Ouma Annie wat die klere aan haar lyf sou gee om te sorg dat Azania iets van haar lewe maak. Uit die haglike omstandighede kom en haar stem gebruik om die stof van die plakkerskamp af te skud.

Toe Ouma Annie geld gespaar het sodat Azania 'n taxi na die *Idols*-oudisie kon neem, het Azania geweet dis genoeg geld vir 'n brood, dalk 'n halfliter melk, 'n paar rand om elektrisiteit mee te koop. Bloedgeld.

Sy het die vorige jaar matriek geskryf, maar werk was skaars. Haar ouma het geweier dat sy huise skoonmaak soos sy. Geld vir verder leer was daar nie. Wanneer sy aangeklop het vir werk, was die antwoorde altyd dieselfde: al die poste is gevul; ons het iemand nodig met meer as net 'n matrieksertifikaat; jammer, nie vandag nie.

Intussen het sy elke oomblik wat sy kon, gesing. Na die radiotjie in hulle kombuis geluister en saamgesing. Woorde gememoriseer en neergeskryf. Gesing in die kerk en wanneer mense haar gevra het om by partytjies op te tree. Sonder

begeleiding, want geld daarvoor was daar beslis nie. Sy het in haar hart geweet dat Ouma Annie reg was – as iets haar uit hierdie sinkhuis-hel gaan kry, gaan dit haar stem wees.

Azania kyk op haar horlosie. Dis amper twaalfuur. Sy moet wikkkel as sy betyds by die kleuterskool wil wees. Rosa haat dit tog so om te wag.

Rosa. Die lig in haar lewe. Haar klein krulkopdogtertjie met die mooi oë wat haar geleer het wat liefde is. Vyf jaar oud, maar met soveel wysheid. 'n Skoon siel wat 'n vreugde is vir enigiemand wat met haar te doen kry.

Rosa. Azania sal alles doen om te keer dat sy die kinderjare het wat sy self gehad het. Sy kon nie verhoed dat Rosa ook sonder 'n pa grootword nie, maar sy sal sorg dat daar nooit stories is wat haar lewe sal verwoes nie.

Rosa, die kind wat sy tot die dood sal beskerm.

“Weet jy wie is Nico de Jongh?”

Carel kyk na André Smit. André is ’n groot man en sy dubbelken sit wyd onder sy kakebeen. Hy is in sy laat dertigs en sy swart hare, wat plek-plek grys word, is kort gesny, sy donkerbruin oë diep in hulle kasse. Hier waar hy agter sy lessenaar by Encore Musiek sit, beur die knope van sy hemp teen sy groot maag en skuif hy aanhoudend rond. Maak hy aanmekaar sy rug reguit soos een wat ongemaklik sit, ’n lyf wat swaar dra aan al die ekstra gewig.

“Nico de Jongh, die akteur?”

“Ja, hy was vir ’n ruk in *Moorivier*. Al lank in die land. Doen so nou en dan teater ook,” sê André.

“Hoekom vra jy?”

“Hy het gebel. Hy het ’n klein produksiemaatskappy begin en wil musiekvideo’s maak. Gevra of ons vir hom werk sal gee. Ek het gewonder of ons nie ’n kans moet waag nie? Ons het begroot vir ’n video en het mos besluit ons gaan ’n video van ‘Soeker’ maak. Ek dink dit sal dalk goed wees om iemand nuut te gebruik. En omdat dit sy eerste is, kan ons dalk publisiteit kry. Elke bietjie help.”

“Het ons dan nog publisiteit nodig? Hoe gaan dit met die verkope?” vra Carel.

“Goed, ek is tevrede. Staan nou op so 51 000. Maar ons hoop vir nog baie meer. Ek dink hierdie is ’n album wat by 100 000 kan draai.”

“Is jy seker? Die mark is in sy moer in. En die mense copy asof hulle betaal word. Mamma koop ’n CD en maak copies vir die wêreld en sy maatjie. Ek wonder of hulle weet dis net so erg soos diefstal. Kla hulle gatte af oor die politici wat die land rot en kaal steel, maar dink dis OK om dit te doen. Weet jy dat iemand nou onlangs by ’n konsert vir my ’n copy gebring het om te teken? Nogals in ’n CD-kissie mét ’n foto van my in! Die cheek!”

“Tot iemand ’n manier uitvind om dit onmoontlik te maak om CD’s te copy en die ekonomie sy gat uit die toilet uit kry, gaan dit aanhou gebeur,” merk André op.

“Is daar nog ’n toekoms vir CD’s? Gaan alles nie digitaal gaan nie?”

“Dit sal seker die een of ander tyd, maar Suid-Afrika is nog agter. In Amerika is digital al meer as die helfte van die mark. Ek dink dit sal nog ’n rukkie duur voor dit by ons oorvat. Die meeste mense hou nog van ’n CD in die hand.”

“Hoe lyk my digitale verkope?”

“OK,” antwoord André. “Die meeste kopers is in die buiteland. Expats wat terugverlang. Wat in die aand by die huis kom en snot en trane huil as jy so mooi Afrikaans sing. So by the way, het Linda al weer iets laat weet van Australië?”

“Nee, sy hoor volgende week, maar dit lyk of die toer in Mei volgende jaar sal wees. Kan jy dink, dat ’n Afrikaanse sanger in Australië kan gaan toer en vir sewe dae elke aand ’n vol saal trek? Wie sou ooit kon dink?”

“Ek sê jou, ’n klomp verlangende Afrikaners wat droom van braaivleis, Klipdrift en rugby. Ek dink hulle is so uitgehonger dat hulle enigiets wat Afrikaans is, sal gaan luister. En o ja, so gepraat van banggat Afrikaners ... Riana Kruger se agent, daai skelm Morné Naudé, het gebel.”

“Regse Riana?” vra Carel. “Sy was die ander aand by die partytjie in die Waterfront. Nie met haar gepraat nie. Weet nou nog nie hoekom sy daar was nie. Dit was tog ’n Encore-partytjie.”

“Jong, sy het haarself ingewurm. Nes daai Viviers-vrou van *Scoop*. Maar in elk geval, het jy gelees wat het Riana nou weer kwytkeraak? Oor haar volk wat so uitgemoor word? En dat sy geweier het om ’n kleedkamer met Thandi Monsela te deel?”

“Ja, ek het gelees. Die vrou is nie lekker nie. Ek kan nie verstaan dat enige regdenkende mens se politiek so skeef kan wees nie.”

“Gaan lees bietjie haar Facebook-blad. Die meeste van haar aanhangers is net so fokken dom soos sy,” sê André.

“Wat wou Morné hê?”

“Riana wil hê jy moet ’n duet saam met haar doen op haar nuwe gospel-CD. Ek het sommer dadelik nee gesê. Sy is nie iemand met wie jy geassosieer wil word nie. Hou verby.”

Carel lig sy wenkbroue. “Dankie, ek sou self nee gesê het. Dis persone soos sy wat wit mense in die land ’n slegte naam gee. Maar terug by die video. Vertel meer van Nico de Jongh?”

“Hy het lank in Johannesburg gebly, maar het so ’n paar maande gelede Kaap toe getrek. Ek dink dis tough vir akteurs. As jy dink die kak ekonomie is sleg vir

sangers, dan moet jou hart bloei vir daardie lot. Hoe moet hulle aan die lewe bly? So 'n movie hier en daar, dalk 'n bietjie TV-werk en 'n play wat 'n paar dae by 'n kunstefees speel as hulle gelukkig is. Ek weet nie hoe hulle aan die lewe bly nie.”

“Ja, moet moeilik wees,” sê Carel. “Gaan jy hom laat weet dat hy die video kan maak?”

“Ek dink ek en jy moet net eers met hom praat. Hoor watter idees hy het. Dis nog nie 'n uitgemaakte saak dat hy dit gaan doen nie, ek het net gedink dis dalk 'n lekker angle vir 'n storie. Ons kan vir *Huisgenoot* sê hulle kan 'n behind-the-scenes kom doen.”

“Dis reg, laat weet wanneer ek moet inkom.”

Nico de Jongh staan voor die OTM. Druk sy kaart in. Hy weet voor sy heilige siel daar is nie baie geld in sy rekening nie. As hy net R100 se petrol kan ingooi. Dalk nog R100 om elektrisiteit te koop. 'n Paar minute lugtyd vir sy selfoon. Saterdag doen hy 'n MC job waar hy hopelik kontant betaal sal word. R2 000. Fok. Dat hy opgewonde kan raak oor R2 000. Asof dit 'n salaris is. Asof dit die loon is wat iemand soos hy moet verdien.

Hy druk sy geheime kode in. Vra die masjien om R300 uit te spoeg. Wag vir die drie blou note wat hy vinnig in sy beursie sit.

Hy kyk na die strokie wat uitkom en sien hy het R175,34 oor in sy rekening. Die balans van al sy jare se harde werk is R175,34. Sepiester, bekende gesig wat in winkelsentrums voorgekeer word om te staan vir nog 'n foto en om nog 'n handtekening uit te deel. Honderd-fokken-vyf-en-sewentig-rand-en-vier-endertig-sent. Dis wat hy op sy naam het. Dit en 'n kar wat al lankal nuwe bande en 'n diens nodig het.

Hy stap na sy kar toe en kyk weer na die adres. Hy moet dit nie vandag opneuk nie. Hy het die werk nodig. As hierdie video 'n sukses is, sal daar dalk nog kom. Dalk kan hy op 38 met 'n nuwe lewe begin. Hy is klaar met acting! 'n Sukkelbestaan waar jy moet bakhand staan vir enige ou los werkie, tog te dankbaar as iemand jou raaksien en dink jy is goed genoeg.

Hy ry op met Adderleystraat, mik Tamboerskloof toe. André het verduidelik hoe om by die kantore uit te kom, maar hy is nog onseker wanneer hy in die Kaap bestuur. Hy sukkel om parkering te kry en is moerig toe 'n karwag nader stap.

“Will look after the car, boss.”

“You don’t have to. I’m sure it will still be here when I come back.”

Hy wil sleg voel, maar hel tog, hy is so gatvol vir die ewige gebedel. Jy kan deesdae nie by 'n verkeerslig stop sonder dat iemand iets aan jou probeer verkoop of 'n snot-en-trane-bordjie voor jou neus druk nie. Hy is self moeg gesukkel – hy het nie nog mense nodig om vir hom te wys hoe hulle sukkel nie.

Die ontvangsdame kyk op toe hy instap.

“Hallo,” sê sy en hy sien hoe sy haar beste glimlag uithaal en haar skouers net ’n klein bietjie verder agtertoe stoot. Ai, die poppies wat so swik voor bekendheid.

Hy draai die krane oop. ’n Mens weet nooit hoe belangrik sy in die hiërargie van Encore Musiek is nie. Gee sy mooiste glimlag, laat sak sy stem ’n aks.

“Hallo, ek is hier om vir André te sien. Ons het ’n afspraak.”

“Hy het gesê, ja. Wag net ’n oomblik.”

Sy staan op en Nico sien hoe sy haar heupies swaai. Hy kyk haar agterna. Nie te sleg nie. Hy ken nog nie so baie mense in Kaapstad nie en ’n stukkie vriendelike afleiding is dalk net wat hy nodig het.

Hy kyk haar in die oë toe sy teruggestap kom. Sy bloos effens.

“André is besig met ’n telefoonoproep. Hy is nou by jou.”

“Dankie. Sê my, is jy ’n Kapenaar?”

“Ja, gebore en getoë. Was hier in Jan van Riebeeck op skool. Hoekom vra jy?”

“Ek is nou al so uitgehonger vir ’n bord gekookte kos. Kan jy nie dalk ’n plek aanbeveel nie?”

“Ja, daar is ’n paar wat tradisionele kos het, maar hoekom sal jy na ’n restaurant toe gaan as jy lekker boerekos by iemand se huis kan eet?”

Hy speel dom. “Wat bedoel jy?”

“Ek doen dit nie gewoonlik nie, maar ek weet mos darem wie jy is. Kom eet by my. Ek maak die lekkerste hoenderpastei in die Kaap.”

Hook, line and sinker, dink Nico.

“Ek het nie geskimp nie en ’n mooi meisie soos jy het seker ’n kêrel. Sal hy nie kla nie?”

Sy giggel.

“Ek het nie ’n kêrel nie. Het jy nog nie gehoor hoe moeilik dit is om ’n boyfriend in die Kaap te kry nie?”

“Ek sou dink iemand soos jy sou al lankal van die mark af gewees het,” antwoord hy gemaak verbaas.

Sy giggel weer.

“My naam is Natasha. Natasha Bloem.”

“Hallo, Natasha Bloem. Bly te kenne.”

Weer die giggel.

“Wag, ek kyk gou of André klaar is.”

Sy draai weer om en swaai haar heupies vir sy vermaak. Kom terug en sê hy kan maar deurgaan.

“Hallo, Nico, dankie dat jy ingekom het,” groet André.

“Dis ’n plesier. Dankie vir jou tyd.”

“Ek is nuuskierig om te hoor wat jy beplan. Het jy al na die CD geluister? Na Carel se vorige video’s op YouTube gekyk?”

Natuurlik het ek, jou vet idioot, dink Nico. Hy kyk na André waar hy agter sy lessenaar sit. Hy is minstens twintig kilogram oorgewig en daar is ’n ligte lagie sweet op sy voorkop.

“Ja, ek het. Ek dink dis Carel se beste album. Ek is regtig beïndruk met die produksie en die lirieke,” sê hy met sy ge oefende glimlag. Dis ten minste een ding wat hy in al sy jare voor die kamera en op die verhoog geleer het – hy kan opreg glimlag terwyl sy hart swart is.

“Ek is bly jy dink so. Het jy al idees? Carel behoort netnou hier te wees – hy is net gou by ’n radiostasie vir ’n onderhoud. Almal wil ’n stukkie van hom hê.”

Nico gee weer sy vals glimlag. Fokken sangers.

“Seker, ja. Dit moet lekker wees om so suksesvol te wees. Ons akteurs is nie altyd so gelukkig nie.”

“Ja, ek en Carel het nou die dag daaroor gepraat. Dit moet moeilik vir julle wees. Is daar nog steeds so min werk?”

Nee, poephol, my Merc staan hier voor jou kantoor omdat hierdie fokken Hollywood is.

“Dit gaan maar rof. Werk is skaars. Dis hoekom ek begin kyk het na ander dinge om brood op die tafel te sit.”

“Jammer ek is laat.”

Nico kyk op toe Carel instap. Die sanger lyk of hy so pas uit ’n advertensie vir naskeermiddel gestap het. Gebleikte jeans, wit hemp, die alewige kuif wat skuins oor sy oë hang. Hy kom nader om Nico se hand te skud.

“Hallo, Carel Strydom.”

“Nico de Jongh.”

“Ek hoor jy het ’n paar idees?”

“Ja, dis vir my ’n nuwe ding, maar ek hoop dit draai reg uit.” Hy wil nie klink of hy smeek nie, maar as hierdie ding nie werk nie ...

“Ons het self ’n paar idees. Sal ons sit? Natasha! Kan ons koffie kry?” roep André.

Sy moes seker om die draai gestaan en luister het, want binne ’n sekonde is sy in die kantoor.

“Natuurlik. Koffie vir almal?”

“Ja, dankie.” Nico gee weer sy million-dollar smile. Natasha giggel en trippel by die kantoor uit.

“Sy is ’n groot fan,” sê André. “Soos jy seker al agtergekom het. Kyk *Mooirivier* al van sy op skool is. Maar nou ja, kom ons praat. Wat het jy in gedagte?”

Nico voel uit sy gemaksone, maar dis maak of breek.

“Ek het gedink ons moet uitleg Langebaan toe ... ”

Hy kry nie eens sy eerste sin klaar nie.

“Nee, Langebaan is al te veel gedoen,” sê André. “Ons soek iets nuuts, iets wat nog nie gedoen is nie.”

Nico kyk na André. Fok. So selfversekerd. Mister Money Bags. Kan hiet en gebied net soos hy wil. Grootmeneer wat altyd kry wat hy wil hê.

Vinnig dink, Nico, vinnig dink.

“Ek sien beslis iets in die natuur. Wat van ’n koringveld by Malmesbury?”

“Nee, ook al te veel gedoen,” sê André.

Fokfokfok.

Carel lag. “André is ’n moeilike customer. Jy sal nog leer.”

“Ek kom so agter,” antwoord Nico. “Goed, vertel my dan eers wat het julle in gedagte.”

“Ons het gewonder of ons nie ’n video moet maak met die meeste mense wat ons kan kry nie,” sê Carel. “Jy weet, the more the merrier.”

“Meeste mense?” vra Nico.

“Ja, ’n massiewe produksie met honderde mense. Die liedjie is immers ‘Soeker’. Jy weet, dat Carel die ou is wat so tussen die honderde mense die een soek wat hy wil hê,” laat hoor André.

Nico se kop sing. Hoe meer mense in die produksie, hoe meer geld, hoe meer kameras, hoe meer assistente. Meer, meer, meer wat hy nie kan bekostig nie. Hy het so gehoop dis ’n klein produksie wat hy sommer met twee of drie mense kan doen. Fok! Hy weet nog nie eens waar hy die geld sou kry om ’n klein produksie

te doen nie, wat nog te sê 'n produksie met duisend ekstras.

“Waar het jy gedink moet dit geskiet word?”

André kyk by die venster uit. “Ek het gedink 'n groot rugbyveld. Ons sal iewers 'n skool kry wat vir ons hulle veld sal leen.”

“Het julle al 'n begroting?” vra Nico hoopvol.

“Nee, nie eintlik nie. Ons het 'n vae idee wat ons bereid is om te betaal, maar jy sal 'n paar somme moet gaan maak en uitvind hoeveel dit gaan kos.”

“Ek is seker André sal vir jou 'n deposito kan betaal as dit nodig is,” sê Carel.

Nico kyk na hom. Dalk is die ou nie so 'n poephol as wat hy gedink het nie.

“Dit sal help. Soos julle seker weet, is my beroep nie die lonendste wat daar is nie.” Nico kan dadelik sy gat skop omdat hy dit gesê het. Hulle moet asseblief nie dink dat hy 'n armsalige sukkelaar is nie.

“Ek verstaan, want ek was ook daar,” sê Carel.

“Ons was seker almal daar,” sê André. “Nou goed, gaan jy 'n bietjie huiswerk doen en terugkom na ons toe? Ons is haastig, so dit moet asseblief binne die volgende dag of twee wees. Het jy darem 'n rekenaar? Sal jy vir ons iets kan mail?”

Nico se kop word warm toe André dit vra, maar hy bly kalm. Kyk na André en besef dat hy 'n boelie is. Dat hy daarvan hou om mense te verneder.

“Ja, ek het 'n rekenaar. Ek stuur vir julle die voorstel deur. En dankie weer vir die geleentheid.”

Hy haat dit dat hy so nederig moet wees. So smekend voor hierdie buffel. Asseblief, baas, 'n bietjie werk tog, baas.

Met die uitstap nader hy Natasha se lessenaar. Sy staan op en hou 'n stukkie papier na hom toe uit.

“My nommers. Bel my as jy lus is vir hoenderpastei.”

Nico weet goed daar is baie meer op die spyskaart as hoenderpastei ...

“Wat dink jy?”

André snork deur sy neus. “Die arme actortjies. Om darem so te moet smee vir werk. Foei tog. Jong, ek weet nie. Kom ons kyk waarmee hy vorendag kom. Dalk het hy ’n idee, dalk is dit so kak dat ons dit glad nie gebruik nie.”

Carel het simpatie met Nico. Hy besef hoe baie hulle lewens verskil. Al twee entertainers, maar hy wat Carel is, het ’n huis in Melkbosstrand wat uitkyk op die see en ’n splinternuwe Discovery waarmee hy rondry, genoeg geld in die bank om mee te speel. ’n Huis by Bulshoekdam naby Clanwilliam ook. ’n Boot. Geld is om die waarheid te sê die minste van sy probleme. Daarvoor het die goeie verkope van sy CD’s gesorg, en die konserte waar mense hom maklik R60 000 betaal om vir ’n uur te kom sing. Hy het in die jare sedert sy debuut ’n ryk man geword. Alles te danke aan Afrikaanse musiek. Alles te danke aan die regte plek en die regte tyd.

“Ek dink tog ons moet hom ’n kans gee. Hy het die werk nodig.”

“Ja, maar ons is nie ’n charity nie,” sê André. “Maar wie weet? Dalk kom die actortjie met ’n idee.”

Dit pla Carel dat André so neerhalend met Nico gepraat het. Dis nie asof hy wat André is met ’n silwerlepel in sy mond gebore is nie. Sy geld is ook maar nuwe geld, maar hy het duidelik vergeet hoe dit was om swaar te kry.

“Kan ons ’n bietjie besigheid praat?” vra Carel.

“Ja, sure. Wat wil jy weet?”

“Ek het lanklaas ’n staat gekry. Ek weet dit gaan goed met die CD’s se verkope, maar wil net weet hoeveel presies daar verkoop is.”

“Man, jy weet mos die system het onlangs gecrash. Ek sal weer by Fanie by finansies hoor. Maar moenie worry nie, alles gaan goed. Ons sal seker teen die einde van die maand weer vir jou geld oorbetal.”

Carel wou nie kla nie. André was die man wat hom ’n kans gegee het en gesorg het dat sy CD’s op die rakke kom. Hy het hom nog altyd vertrou, maar dis asof daar die laaste tyd iets is wat knaag. Nie ’n sekerheid nie, net ’n aanvoeling dat alles nie reg is nie.

“OK, dis reg so. Dis net dat ek gewoonnd geraak het aan die state elke maand en nou nie seker is wat aangaan nie.”

André se gesig het ’n effense pienk skynsel gekry.

“Fok, Carel! Was ons nie nog altyd goed vir jou nie? Sê jy my jy vertrou ons nie?” vra hy net ’n bietjie te hard.

“Dis nie wat ek sê nie. Ek sal net graag weer elke maand ’n staat wil sien. Ek sal wag om van Fanie te hoor. Ek moet nou gaan. Ek ry netnou Stellenbosch toe vir ’n konsert. Moet nog gaan sound check.”

Toe Carel uitstap, gryp André sy selfoon. Hy gaan na die lys van telefoonnommers en druk die een wat hy die afgelope tyd so gereeld gebel het. Nog net een keer. Nog net hierdie een keer.

“Hallo, dis Sophia Lategan wat praat.” Sophia ignoreer die kantoorgeluide en rig haar gemakliker in agter die lessenaar.

“Hallo, Sophia. Dis André Smit van Encore Musiek hier.”

“Hallo, André, hoe gaan dit?”

“Baie goed, dankie. Man, die rede hoekom ek bel ... Ons gaan ’n musiekvideo van Carel Strydom se liedjie ‘Soeker’ maak en het asseblief jou hulp nodig. Of eintlik *Die Burger* se hulp.”

Sophia sit regop.

“Hoe kan ons help?”

“Jy moet dit asseblief vir die oomblik baie stil hou, maar ons wil ’n video met die meeste ekstras ooit maak – jy weet, ekstra mense wat net op die agtergrond moet wees. Ons het nie die begroting om almal te betaal nie, maar ons glo ons gaan genoeg fans kan kry wat dit sal doen vir die liefde van die saak. Hier kom julle in. Jy kan nie dalk vir ons ’n artikel skryf en noem dat ons hierdie mense soek nie?”

“Is daar nog ’n angle wat ek kan gebruik?” vra Sophia.

“Ja, die regisseur van die video is Nico de Jongh. Die akteur. Hy woon deesdae in die Kaap en dis sy eerste video. Ek kan vir jou ’n onderhoud met hom reël.”

“Dit klink goed. Ek gaan net eers met my nuusredakteur moet gesels. Sal jou laat weet.”

“Dankie,” sê André. “Luister, terwyl ek nou met jou praat, het jy nie die artikel oor Tertia Viviers se moord gedoen nie?”

“Ja, ek het.”

“Het daar toe ooit iets van gekom? Het hulle al die skuldige gekry?”

“Nee, ek het gister weer met die polisie in Tableview gepraat. Dis nou al twee maande later, maar daar is nog niks nie. Haar selfoon kon nie opgespoor word nie en haar bankkaarte is nie weer gebruik nie. Hulle is nie seker of hulle ooit gaan uitvind wie haar vermoor het nie. Het jy haar geken?”

“Ja en nee,” antwoord André. “Ons het mekaar ontmoet en so nou en dan

gepraat, maar ek sou nie sê ons was huisvriende nie.”

Sophia wonder waarheen die gesprek op pad is. Hoekom het André vir haar oor Tertia gevra? Nuuskierigheid? Sommer net om geselsies te maak?

“Is jy jammer sy is dood?” vra sy.

“Is enigiemand werklik jammer sy is dood? Maar in elk geval, ek moet nou gaan. Sal jy my laat weet wat sê jou base?”

“Ek maak so.”

Toe sy die foon neersit, wonder sy weer oor Tertia se dood. Sy het nie die vrou geken nie. Hulle het dalk vir dieselfde maatskappy gewerk, maar op verskillende verdiepings en by verskillende koerante.

Sy het egter geweet van Tertia se reputasie. Haar liefde vir drank, hoe sy mense in artikels aangehaal het met wie sy nooit eens gepraat het nie. Ook haar venyn en hoe sy uit haar pad gegaan het om loopbane te verwoes.

Sophia het nog altyd gedink daar is meer agter Tertia se moord as bloot die diefstal van ’n selfoon en beursie. Maar hoe bewys sy dit? Sy kan net werk met wat die polisie vir haar gee, en dit is byna niks nie. Hulle sê net hulle werk aan die saak.

Sy staan op en stap na haar nuusredakteur, Francine de Lange, se kantoor.

“Hallo, het jy gou ’n paar minute?” vra sy.

“Ja, het jy ’n storie?”

“Ek dink so. André Smit van Encore Musiek het gebel. Daar gaan ’n video van een van Carel Strydom se liedjies gemaak word en hulle wil honderde ekstras op die stel hê. Hulle het gehoop ons kan daaroor skryf en dan kry hulle só die mense om dit verniet te doen. Die regisseur is die akteur Nico de Jongh. Klink my dis sy eerste musiekvideo.”

“Cheapskates. Dink jy dis ’n storie?”

“Ja, ek dink so. Ek kan ’n onderhoud met Nico oor sy nuwe lewe in die Kaap doen. Ons kan dalk ook ’n leserskompetisie hê waar iemand ’n ete of iets saam met Carel wen. Ek dink mense sal inskryf. Daar is niemand in Afrikaanse musiek wat op die oomblik so groot soos hy is nie.”

“Die kompetisie is ’n goeie idee. Ek sal met die mense by promosies praat. OK, gaan voort. Laat my weet wanneer dit kan ingaan.”

Terug by haar lessenaar bel Sophia vir André.

“My nuusredakteur sê dis reg. By wie kan ek die inligting kry? En kan jy my

Nico se nommer gee dat ek 'n onderhoud met hom kan reël?”

Die koffierestaurant in die Waterfront is stil vir 'n Dinsdagoggend. Sy herken hom dadelik.

“Hallo, Nico, ek is Sophia Lategan van *Die Burger*.”

“Hallo, Sophia. Sit asseblief. Kan ek vir jou iets bestel?”

“Koffie sal lekker wees, dankie.”

Hy wink 'n kelner nader en bestel vir haar koffie.

“So, wat kan ek jou vandag vertel?” vra hy, sy mediakrane wyd oopgedraai. Hy is nie baie lief vir joernaliste nie, maar is slim genoeg om te weet wanneer hy hulle vir eie gewin moet gebruik.

“Jy weet seker *Die Burger* gaan 'n artikel doen oor Carel se nuwe video en dat ons gaan help sodat julle die honderde mense kry wat julle soek. Ek hoor jy is die regisseur. Ek wil graag as deel van die artikel vertel wat jy deesdae doen en dat dit jou eerste musiekvideo is. Dit is die eerste, nè?”

“Ja, dit is. Ek is baie opgewonde. Ek wou nog altyd direct en hierdie is 'n gulde geleentheid om te begin. Ek ken natuurlik die televisiemedium baie goed, aangesien die meeste van my werk voor die kameras was,” antwoord Nico.

“So jy het geen ander ondervinding hierin nie?”

“Nee, ek het nie, maar soos ek sê, jare se werk voor die kameras het my baie geleer.”

“Wat is vir jou die grootste uitdaging?”

“Die omvang van die produksie is seker die grootste,” sê hy. “Gelukkig het ek 'n groep baie bekwame studente van die filmskool hier in Kaapstad gekry om my te help. Ek sal egter die hele tyd die leisels hou.”

Sophia kyk na Nico. Hy is selfvoldaan. So verskriklik seker van sy saak. 'n Mens sou sweer hy het pas gehoor hy is vir 'n Oscar as best director benoem.

“Is dit iets wat jy hoop jy meer van gaan doen?” vra sy.

“Ja, ek hoop ook om eendag 'n feature te maak. Jy weet, 'n vollengte-fliek.”

Natuurlik weet ek wat 'n feature is, dink Sophia. Hoekom is daar soveel mense in die vermaakbedryf wat dink joernaliste is dom poppies wat die werk doen vir hulle eie vermaak?

“Is daar al 'n draaiboek wat jy in gedagte het?”

“Nee, maar dit lyk vir my elke tweede mens het 'n draaiboek iewers in sy laai.

Jy moet net soek tot jy die regte een kry. Lyk my Afrikaanse mense is uitgehonger vir flieks in hulle eie taal.”

“En wie gaan jy kry om in die fliek te speel? Sangers? Akteurs?”

“O aarde, nee, net nie sangers nie. Ek raak die moer in – skuus, ek moet seker nie in ’n onderhoud vloek nie – as sangers in flieks gebruik word. Wat weet hulle in elk geval? Net omdat jy CD’s verkoop, beteken dit nie jy kan act nie.”

“Maar daar was tog al soveel suksesse? Is die rede hoekom flieks met sangers in so ’n sukses was, nie dalk juis omdat mense hulle ken en ondersteun nie?”

Nico hou nie van die rigting wat die onderhoud inslaan nie.

“Ja, seker, maar wanneer ek ’n fliek maak, gaan dit met regte akteurs wees. Ek dink ons het nou al te lank aan die agterspeen gesuig. Sangers het die afgelope tien jaar of wat ’n klomp geld gemaak. Nie net met CD’s en konserte nie, maar ook met die flieks waarin hulle gespeel het. Dis tyd dat akteurs ’n beurt kry. Maar kom ons praat oor die video. Is daar nog iets wat jy wil weet?”

Terug by die kantoor sit Sophia lank en staar na haar rekenaarskerm voor sy die artikel begin skryf. Sy hou regtig nie van Nico de Jongh nie. Hy is te arrogant, te selfversekerd. Asof hy die een is wat die hele akteursbedryf gaan red. Daar is baie akteurs en aktrises vir wie sy die wêreld se respek het, maar hy is nie een van hulle nie.

Sy lees die berig in *Die Burger* weer en weer.

Skare nodig vir Strydom se nuwe video ...

In die berig skryf die joernalis dat mense wat belangstel 'n e-pos moet stuur om aansoek te doen. Daar is geen betaling vir die deelname nie, net 'n geleentheid om in een van die grootste Afrikaanse musiekvideo's ooit te wees. Daar is ook een groot prys vir mense wat inskryf: Een gelukkige leser wen 'n etesaam met Carel by 'n eetplek in Bloubergstrand.

Ek het nie betaling nodig nie, dink sy. Dis nie eens vir my nodig om die groot prys te wen nie. Ek wil net een van die mense wees wat daar is wanneer die video gemaak word.

Dalk sien hy haar dan raak. Elke keer wanneer hy in die Kaap optree, is sy daar. Sy het selfs George toe gery vir 'n konsert. Vroeër die jaar was sy by al sy konserte by die KKNK. Durbanville, Stellenbosch, Bellville. Hermanus toe en terug gery vir 'n konsert.

Sy is altyd daar wanneer hy ná die konserte CD's verkoop en handtekeninge uitdeel, maar sy was nog altyd te skaam om nader te gaan. Gehoop dat hy haar sal opmerk, haar sal nader wink tussen die massas en besef sy is die een.

Sy kry 'n skêr en knip die berig uit. Dit moet ook in een van haar plakboeke kom. Wanneer sy en Carel eendag oud is en hy nie meer optree nie, sal hulle deur die plakboeke blaai en sal hy weet wat elke oomblik in sy loopbaan gebeur het. Hy sal ook dan weet hoe lief sy vir hom is en nog altyd was, deur al die jare, al het hy haar vir so lank nooit eens raakgesien nie.

Facebook

Riana Kruger

27 minutes ago

Ek is nou al so moeg vir die Marmite-mannetjies wat ons lewe so versuur. Wanneer gaan ons Volk opstaan en trugvat wat ons sn is? Julle, my mede Afrikaners, moet trugveg!!!! Ons kan nie meer dat ons land so in die afgrond gaan nie!!! Wanneer hou die moord en doodslag op? Wat gaan jy eendag vir jou kinders sê wanneer jy vir hulle sê jy het niks gedoen nie?

Anna Botha: Ek stem saam met jou Riana en danki dat jy so op staan vi ons Volk. Ons waardeer dit.

Pieter Smit: Riana, dis vroue soos jy wat ons trots maak om Afrikaners te wees. Gaan voort met jou goeie werk.

Guillaume Visser: Die Marmite mannetjies het mos di land op n skinkbord gekry. FW en sy trawante was te skytbang om te baklei toe gee hulle net oor. Ons Volk sal nog oorwin!

Jan de Beer: Ek stem saam met @guillaume. Dit was 'n groot fout om die land so vinnig vir die barbare te gee.

Santie Vos: Kyk maar net na wat met onderwys in die land gebeur het. Dis in gaos!!!

Riana Kruger: Dankie julle. Ons moet saam staan. Ons kan hierdie ding oorwin. Ons sal nog vryheid in ons leeftyd ervaar. Julle moet asseblief onthou van die optog wat Saterdag in Verwoerdburg gehou word.

Jan de Beer: Bedoel jy Centurion?

Riana Kruger: Vir my sal dit altyd Verwoerdburg bly. Soos Jan Smuts Lughawe, Pretoria en Warmbad.

Chantelize Verster: Waneer ko jy weer Kroonstad toe? Ek het al ju CD's. Kan nie wag om ju weer te sien sing nie. Ek is jou grootste hero!

Riana Kruger: Dankie Chantelize. Ek is nie seker waneer ek weer in Kroonstad gaan wees nie maar gaan na my webblad www.rianakruger.co.za vir

al my optredes. Jy kan ook daar al my CDs bestel. Kyk ook uit vir my nuwe reeks T hemde, vadoeke en voorskote.

Hannah de Wet: Danqi dat jy so vir ons mense baklei die mense wat jou so in die rug steek gaan eerste en die hartste val ek het nie tyd vir mense soos hulle nie

Gerrie Marais: Riana, wanner gaan jy ophou om soveel haat aan te wakker? Wanneer gaan jy besef dat ons baie meer het om voor dankbaar te wees? Jy en jou anhangers is ewe veel agter die klip.

Jan de Beer: @Gerrie – jy is seker 'n kafferboetie wat vir die A en C stem? Jy sal nog sien! Ons wit mense gaan nog almal uit gemoor word. Dis mense soos jy wat my skaam maak om 'n afrikaner te wees.

Santie Vos: Gerrie gaan speel op 'n ander plek. As jy nie saak ondersteun nie, pak solank jou tasse vir Neu-zeeland.

Martjie Viljoen: Gerrie jou opinie beteken niks nie! Word wakker! Die land brand!

Riana Kruger: Gerrie moet asseblief nie jou verligte denke hier kom gee nie. Hierdie is 'n blad vir mense wat ernstig is oor die toekoms van ons Boere Volk. Dankie vir die res van julle se ondersteuning. Ek het vergeet om te noem dat ek voor die optog Saterdag by die Hyperama in Roodepoort tussen 9 en 9.30 sing. Hoop ek sien baie van julle daar. Onthou ook my nuwe gospel-CD is November uit. Lief vi julle!!!!

“Linda, hier’s moeilikheid.”

Linda hoor die angs in Carel se stem.

“Waar is jy?” vra sy.

“By die hotel in Port Elizabeth.”

“Wat’s fout? Is daar probleme met hotelbespreking?”

“Nee,” sê Carel. “Nee, alles is reg. Die venue is ook reg. Ons het netnou die sound check gedoen. Die kaartjies vir die drie aande is uitverkoop.”

“Nou wat is die probleem?”

“Hier is twee vroue wat my die hele tyd agtervolg. Hulle het kom groet en gesê hulle het kaartjies vir elke aand en dat hulle reg voor sit.”

“Ek verstaan nie. Is hulle nie net gewone fans nie?”

“Nee, iets is nie lekker nie. As ek my rug draai, is hulle daar. Hulle bly ook in die hotel en het op ’n manier uitgevind waar my kamer is. Ek weet nie hoe nie. Toe ek netnou uitkom, sien ek hulle is in die kamer reg oorkant myne. Ek dink hulle het agter die deur gewag om te sien wanneer ek uit my kamer kom. Toe ek in die hysbak klim, toe klim hulle saam in. Ek wil nie onbeskof met die mense wees nie, maar bliksem tog! Hulle volg my soos ’n skaduwee.”

“Het jy met die hotelbestuurder gepraat?” vra Linda.

“Nee. Ek voel half simpel om vir hom te sê ek is ongemaklik omdat daar twee fans op dieselfde vloer as ek is. Dis nie asof ek voel my lewe is in gevaar nie. Dis net dat hulle my baie ongemaklik maak.”

“Kyk eers hoe dit gaan. As hulle ’n oorlas van hulleself maak, bel my weer en ek sal dan met die bestuurder praat. Die hotel het seker sekuriteit wat ons kan gebruik. En is Nico nie ook daar nie? Gaan hulle nie skote van die konsert neem vir die nuwe video nie? En waar is Alma?”

“Nico en die kameraman is hier. Alma het nie saamgekom nie. Sy is by haar suster se troue in Pretoria. Ek gun haar die kort vakansie, maar ek mis haar. Sal self vanaand moet CD’s verkoop.”

“André het laat weet dat Nico en die kameraman ook daar moet wees. Ek het vir hulle die kamers in die hotel gekry. Die hotel se mense is so dankbaar dat jy

soveel mense trek dat hulle enigiets vir my sal doen. Het sommer die twee kamers vir ons gratis gegee.”

“Cool,” sê Carel. “Ek sal by Nico hoor en vra dat hy maar aan my sy bly. Maar hierdie twee vroue is tien teen een nog fans van hom ook. Mense is weird! Maar dankie vir die luister. Ek weet dit klink stupid, maar ek is nie aldag seker van mense se bedoelings nie. Ek hou jou op hoogte.”

“Dit klink nie stupid nie. Vertrou jou gut. Laat weet as jy wil hê ek moet soontoe vlieg. Ek kan binne ’n paar uur daar wees.”

“Dankie. Praat later.”

Carel kyk by die hotelvenster uit na die see. Hy wens so hy kan gaan swem. Soos ’n gewone toeris sy swembroek aantrek en in die see gaan swem. Dit pla hom nie dat hy oral voorgekeer word nie. Hy gee ook nie juis om dat die media sal spring vir ’n steelfoto van hom in ’n swembroek nie. Hy weet sangers soos hy is altyd nuus. Dis net dat hy so gatvol raak dat daar die hele tyd mense is wat hom dophou. Hy kan vóél hoe mense mekaar in die ribbes pomp wanneer hy in ’n winkelsentrum loop, hoe hulle met hulle vingers wys wanneer hy in ’n restaurant sit.

The nature of the beast, sê Linda altyd. As jy bekend is, gaan mense kyk. Hulle gaan met jou wil praat, ’n foto met hulle selfoon wil neem. Almal is deesdae ’n fotograaf. Erger nog, almal kan deesdae ’n video neem, of jy nou op jou beste of slegste is. Daar is mense wat wág vir die oomblik wanneer hulle ’n koerant of tydskrif kan bel om jou skandes te verkoop. Facebook het van almal ’n skinderskrywer gemaak. Dan is daar nog joernaliste wat hierdie stories koop asof dit die waarheid is. Hulle maak nie eens seker van hulle feite nie, publiseer dit net vir almal om te lees. En wanneer daar ’n regstelling geplaas word, is dit ’n paragraaf of twee weggesteek op ’n bladsy waar niemand dit sal raaksien nie.

Hy kyk op sy horlosie. Nog drie uur voor die konsert. Hy trek die boek wat hy saamgebring het nader, gaan sit op ’n stoel by die venster. Mense dink dis ’n glamorous lewe. As hulle maar weet hoeveel ure hy al stoksielalleen in ’n hotelkamer sit en lees het omdat hy wil wegkom van die oë wat hom die hele tyd dophou.

Ten minste het dit van my ’n leser gemaak, glimlag hy wrang.

Hy kyk weer vir die see en wonder of sy lewe nie anders sal wees as hy iemand daarin het nie. ’n Meisie, selfs ’n vrou en kinders. Hoe lank moet hy nog

so op sy eie aansukkel? Dis nie asof hy nie aandag van vroue kry nie. Inteendeel. Maar hoe leer jy werklik 'n vrou ken as jy doen wat hy doen? Hoe weet jy of sy verlief is op jou omdat jy Carel van Saldanha is of omdat jy Carel Strydom die sanger is? En watter vrou is sterk genoeg om al die aandag van ander vroue te hanteer?

Die twee vroue is weer daar toe hy sy kamerdeur oopmaak. Hy probeer hulle ignoreer, maar sien uit die hoek van sy oog hulle kamerdeur is oop en dat daar skielik 'n geskarrel is.

Hy stap so vinnig as wat hy kan na die hysbak en druk ongeduldig die knoppie om ondertoe te gaan.

“Is jy reg vir vanaand?”

Hy kyk om. Dis die ouer een van die twee.

“Ja, ek is,” sê hy en hoop hy klink nie te kortaf nie.

“Ons sien baie uit daarna,” sê sy en hy sien die ander vrou kom vinnig aangestap. “Ons het onself nog nie eens voorgestel nie. Ek is Susra van der Walt en dis my sussie Chamonique. Ons is groot fans. Het al die pad van Uitenhage gekom.”

“Dankie,” sê Carel.

“Wat maak jy ná die konsert? Kan ons nie vir jou 'n drankie koop nie? As jy dink ek is 'n groot fan, dan het jy nog nie so 'n groot fan soos Chamonique ontmoet nie! Sy het self die stem van 'n engel, maar het net nog nie haar big break gekry nie,” rammel sy voort.

“Ek kan ongelukkig nie. Ek het reeds planne, maar dankie.”

As die hyser net wil kom!

“Dalk môreaand? Of selfs deur die dag? Ons het baie tyd. Ons is ook hier vir die drie dae.”

Carel kan nie glo hoe dikvellig mense kan wees nie.

“Baie dankie, maar ek het tussendeur radio-onderhoude en ek weet nie of ek tyd sal hê nie,” lieg hy. Kan hulle nie die boodskap kry nie! Hy skram nie altyd weg van mense nie, maar hy kan agterkom hierdie is twee wat nie sal weggaan nie. Hulle sal nie tevrede wees met 'n vriendelike geselsie nie, maar is die soort wat jou e-posadres gaan kry en jou toegooi met boodskappe. Hulle gaan rondvertel julle is beste vriende. Hulle gaan jou selfoonnommer kry en jou in die

middel van die nag van 'n raserige partytjie bel en vra dat jy vir hulle moet sing.

Die hyser kom en hy staan opsy toe die deure oopgaan. Laat die twee vroue eerste instap. Speel vir tyd.

“Ek hoop julle geniet die konsert,” sê hy en sien hulle verbaasde uitdrukkinge toe die deur toemaak en hy nog buite staan.

Hy wag 'n wyle en klim toe stadig met die trap na die grondvloer. Kyk om hom rond, maar sien hulle nêrens nie. Dankie tog daar is iets soos backstage waar hy in vrede kan wag voor hy op die verhoog gaan.

Ná die konsert gaan deel hy handtekeninge uit en verkoop CD's. Hy mis vir Alma, maar Nico is gelukkig daar en help waar hy kan.

“OK, dit lyk my dis die laaste mense,” sê hy en kyk rond om te sien of die susters nie nog daar rondhang nie. Hy sien hulle nie en wil-wil verlig voel.

“Nee, nog nie die laaste nie,” sê Nico. “Hier is twee vroue wat gesê het hulle sal wag tot jy klaar is en dan sal hulle kom. Lyk my hulle soek spesiale aandag.”

Carel se moed sak in sy skoene. Asseblief, net nie dit nie.

“Watter twee vroue?” vra hy.

“Daar staan hulle,” sê Nico.

Carel kyk op en sien die Van der Walts van Uitenhage stap nader.

“Ons het die konsert baie geniet, baie dankie. Daar is darem net een Carel Strydom,” sê Susra.

“Dankie,” sê Carel.

“Is jy seker jy is nie lus vir 'n drankie nie? Ons treat.”

“Nee, baie dankie. Ek en Nico moet nog praat en daar is ongelukkig nie tyd nie.”

Hy kyk na Nico en sien hoe verbaas hy lyk. Asseblief, jy is 'n akteur, speel saam! dink Carel.

Nico snap vinnig.

“Ja, ons het ongelukkig nie vanaand tyd nie. Ons is besig met 'n video en ek wil vir Carel wys wat ons vanaand geskiet het.”

“Ons kan saam kom kyk?” sê Susra.

“Nee! Jammer, maar nee. Ons wys nooit die video voor ons tevrede is nie.” Carel kan dit nie glo nie! Gaan hierdie mense nie nee vir 'n antwoord vat nie?

“Goed so. Dalk môreaand. Soos ek sê, ons is vir die res van die tyd hier en is

weer môreaand in die voorste ry,” sê Susra.

Chamonique het tot dusver nie ’n woord gesê nie. Staan net die hele tyd so skuins agter haar suster se skouer. Sy loer na Nico.

“Askies, maar was jy nie in *Moorivier* nie? Is jy nie Samuel Jacobs nie?”

Nico kyk haar verstom aan. Al die jare. Al die fokken jare in ’n fokken sepie en daar is steeds mense wat nie weet wie hy is nie!

“Ja, ek was in *Moorivier*, maar my naam is Nico de Jongh. Ek is regtig jammer, maar ons moet nou gaan,” sê hy ysig.

Hy draai sy rug op die twee vroue en begin die CD’s in die groot tas pak.

“Dankie dat julle gekom het. Ek waardeer dit,” sê Nico en hoop die twee kry finaal die boodskap.

“Ja, dit lyk of julle planne het. Ons groet dan maar. Sien jou seker môreoggend by ontbyt? Lekker doeks.”

Susra en Chamonique stap weg en Carel draai na Nico toe.

“Dankie. Die twee agtervolg my al vandat ek hier aangekom het. Is selfs in die kamer oorkant myne. Ek weet nie hoe ek die volgende twee dae gaan uithou nie.”

“I’ve got your back. Moenie worry nie. Ek hoor jy het ’n assistent wat jou altyd beskerm teen karakters soos daardie?”

“Ja, maar Alma is by ’n troue. Dis op dae soos hierdie dat ek weet hoekom ek haar betaal wat ek haar betaal om te doen wat sy doen.”

“Moet ek jou help om die goed in jou kamer te kry?” vra Nico. “Jy het seker nog jou kitaar ook?”

“Dit sal nice wees, dankie.”

Hulle neem die hyser en Nico help hom die tas met CD’s dra. By sy kamerdeur probeer hy sien of die vroue se deur weer oopstaan, maar dit lyk of dit toe is. Dankie tog, dink hy verlig.

“Kan ek vir jou hotelkamerkoffie aanbied?” vra Carel.

“Ja, thanks. ’n Whisky sou lekkerder gewees het, maar as dit net koffie is, is dit seker maar OK.”

Hy maak vir hulle koffie en Nico se koppie is skaars koud toe hy sê hy gaan nou slaap. Toe Carel hom wegsien, gewaar hy dat die vroue oorkant die gang se deur op ’n skrefie oop is ...

Sy foon biep toe hy die deur toemaak.

Hoe ganit?

'n SMS van Alma. Hy het al met haar geraas oor haar SMS-taal, maar dit lyk of sy haar glad nie aan hom steur nie.

Alles goed afgeloop. Gelukkig iemand gehad om te help CD's verkoop, antwoord hy soos gewoonlik in suiwer Afrikaans.

Kan ok ni rug draai en jy verneuk my!

Niemand kan jou vervang nie. Ek weet nie of ek dit genoeg sê nie, maar jy beteken vir my baie. Dis veral aande soos vanaand dat ek dit besef.

Ou vleier! Bly dit ga goed. Gaan j nu slaap?

Ja. Môre nog 'n dag. Het ook twee oorywerige fans wat my oral volg.

Scary. Jy OK?

Ja, Nico hier vir video. Hy het gehelp met fans.

Cool. OK, lekker slaap.

Jy ook. Geniet die troue.

Carel dink aan die dag toe hy vir Alma ontmoet het. Dit was by een van sy konserte in Pretoria en sy loopbaan was goed op dreef. Hy het nog altyd alles self gedoen. Ja, Linda was daar met die besprekings en die kontrakte, maar wanneer hy opgetree het, het hy self gesorg dat daar genoeg CD's is om te verkoop. Ná konserte het hy gewag tot elke liewe mens wat wou praat hulle praat gepraat het. Hy het vinnig genoeg besef dat jou ware fans die mense is wat van jou die sukses maak wat jy is. As jy ongeërg of onvriendelik is, gaan hulle twee keer dink voor hulle weer 'n kaartjie vir 'n konsert koop. Hulle gaan vir hulle vriende vertel van hulle ondervinding en voor jy weet waar jy is, het jy 'n reputasie as 'n suur windgat.

Ná die konsert in Pretoria het hy bontgestaan om almal te help. Hy het in 'n stadion nie geweet waar hy moet vat en waar hy moet los nie. Weer gedink hy moet met André praat sodat die musiekmaatskappy iemand kan saamstuur na die konserte toe om hom by te staan. Van die ander sangers het daardie luukse, hoekom moet hy so alleen sukkel?

“Kan ek help?”

Carel het opgekyk en die vrou gesien. Sy het 'n langmou-T-hemp aangehad en haar jeans se some het op die vloer gehang. Sy het swart-en-wit tekkies gedra, wat hy deur die jare geleer het al is wat sy aan haar voete duld. Haar muisbruin

hare het 'n natuurlike krul gehad en hy kon sien dat sy amper geen grimering dra nie.

“Dit lyk of jy hulp nodig het,” het sy bygevoeg.

Daar was iets aan haar wat hom gerusgestel het, maar kon hy haar vertrou? Daar was al ver oor die R3 000 kontant in die geldkissie.

Dit was asof sy sy gedagtes gelees het.

“Jy kan my vertrou. Ek is 'n sekretaresse by 'n prokureur. Ek is nie skelm nie.”

Hy het geglimlag.

“Dankie, ek het hulp nodig. Kom staan hier agter die tafel. Die CD's is R100 en daar is kleingeld in die kissie. Nog iets?”

“Nee wat, dis maklik genoeg.”

Dit het makliker gegaan. Sy het die CD's verkoop en die omhulsels afgeskeur sodat hy die boekies vinniger kon teken.

Toe hy vir nog 'n laaste paar foto's staan, het sy die geld in die kissie sorteer en dit in netjiese hopies gesit.

“Baie dankie, jy was 'n groot hulp,” het hy gesê.

“Dis 'n groot plesier. Ek kon net nie meer kyk hoe jy sukkel nie.” Sy het gelag. “Lyk my jy het 'n assistent nodig.”

“Lyk seker so. Jy sê jy werk by 'n prokureur? Skuus, ek weet nie eens wat jou naam is nie.”

“My naam is Alma O'Kennedy, en ja, ek het 'n baie boring werk by 'n prokureur. Daar is seker mense wat dit geniet, maar vir my is dit sieldodend. Elke dag dieselfde werk oor en oor en oor tussen die vier mure van 'n vaal kantoor. Maar nou ja, ek kan seker nie kla nie. Dis 'n werk.”

Hy het later gewonder hoekom hy so 'n impulsiewe besluit geneem het, maar dit was op daardie oomblik die ding om te doen.

“Sal jy Kaap toe trek?”

Alma het vir hom gekyk, weer gelag.

“Hoekom sal ek dit wil doen? Ek is in Pretoria gebore en getoë. Bloubul tot die dood toe!”

“As jy my assistent wil wees, sal jy moet trek. Ek gaan beslis nie trek nie!”

“Is jy ernstig? Ek het gespot! Of ek dink ek het gespot ... ”

“Ek is ernstig. Jy is dalk net die mens wat ek nodig het. Linda, my agent, kyk

baie mooi na my besprekings en kontrakte, en die musiekmaatskappy doen hulle ding, maar ek dink ek het iemand nodig om my met die ander goed te help. Soos die CD's te verkoop en so."

"Sjoe, jy het my nou onkant betrap."

"Gee my jou nommer, dan praat ons môre. Ek sal net met André by Encore en met Linda praat. Ek dink hulle sal te bly wees as hulle hoor daar is nog iemand wat na my kan kyk. Administrasie was nog nooit my sterk punt nie."

Hy het die volgende dag gebel en haar 'n aanbod gemaak. In daardie stadium van sy loopbaan was haar salaris nog bloedgeld om te betaal. Hy het self nog nie soveel verdien dat hy 'n tweede salaris kon bekostig nie, maar het in sy hart geweet dis die regte ding om te doen.

Dit was die beste besluit wat hy al ooit geneem het.

13

Die volgende oggend besluit Carel om nie ontbyt in die hotel se eetkamer te gaan eet nie. Hy sluip so stil moontlik uit sy kamer en trek die pet op sy kop verder oor sy oë. Hy stap na die koffierestaurant oorkant die straat en kruip agter 'n koerant weg terwyl hy probeer eet.

Terug by die hotel loop hy direk na sy kamer en maak weer so stil moontlik die deur oop.

G'n mens kan so lewe nie, dink hy. Dalk is hy net neuroties. Dalk is die twee vroue net fans wat nie weet hoe om nee vir 'n antwoord te vat nie.

Hy skakel die TV aan, gaan deur die kanale en sien daar is niks om te kyk nie. Vat maar weer sy boek en gaan sit voor die venster. Kom nie aan die lees nie, stap na die lessenaar om sy rekenaar aan te skakel.

Hy lees 'n paar nuusblaaie en gaan dan na sy Facebook-profiel.

Dankie aan almal wat gisteraand se konsert in PE so lekker gemaak het. Ek waardeer dit. Nog twee aande om te gaan en dan huis toe.

Daar is dadelik 24 mense wat dit like. Dit neem omtrent 30 sekondes voor die eerste mens kommentaar lewer.

Helena de Waal: Carel, jy is die beste. Wanneer kom jy weer bietjie Bloem toe?

Hy kan dit nie verstaan nie. As hy in Bloemfontein optree, wil die mense in Port Elizabeth weet wanneer hy weer daar optree. As hy in PE is, wil hulle weer weet wanneer hy in Bloem is. Dis asof hy volgens van sy aanhangers nooit op die regte plek op die regte tyd is nie.

Carel Strydom: Was verlede maand daar. Ek dink ek is weer Maart volgende jaar daar. Sal julle op hoogte hou.

Daarna rits die boodskappe in. Meestal van vroue, maar so hier en daar 'n man. Hulle weet teen hierdie tyd dis hy self wat sy Facebook bywerk. Maak nie saak of daar 142 323 mense is wat hom op Facebook volg nie, hy wil self weet wat daar aangaan. Alma het al aangebied om dit by hom oor te neem, maar hy het nog altyd haar aanbod van die hand gewys.

Hy lees deur die kommentare. Die meeste is maar heuning om die bek. Vertel

vir hom hoe wonderlik hy sing, hoe baie hulle die nuwe CD geniet. Hy het vroeg in sy loopbaan geleer dat jy nie al die lofprysinge moet kop toe vat nie. Ja, dis lekker om so nou en dan te lees hoe wonderlik mense dink jy is, maar hy weet dat hoogmoed altyd tot 'n val kom. Kyk maar wat met Simon Burger gebeur het. Hy was gróót. Derduisende CD's verkoop. Die land vol opgetree. Voorblaaie en TV-verskynings. Toe hy en die atleet Cara Smit getroud is, kon jy nie jouself draai nie of jy het troufoto's van hulle gesien. Daarna nog voorblaaie en TV-verskynings. Foto's van die wittebrood, foto's van die nuwe huis. Carel het in 'n stadium gewag dat die een of ander tydskrif foto's gaan plaas waar Simon of Cara in die tandartstoel sit om hulle tande te laat bleik.

Wanneer Simon 'n nuwe CD uitgereik het, was dit dadelik 'n topverkoper. Wanneer daar groot konserte gehou is, was dit hy wat die main act was. Die groot trekpleister wat nie 'n voet kon verkeerd sit nie.

Maar dit het na Simon se kop begin gaan. Hy het belaglike eise begin stel. Soos dat hy net besigheidsklas vlieg. Dat sy water agter die verhoog Evian moet wees. Duur en ingevoer. Kraanwater was net te common vir Simon Burger. Daar moes altyd 30 wit handdoeke op die verhoog wees. Nie minder nie en nie meer nie – 30 spierwit splinternuwe handdoeke. Vars vrugte, rooibostee en heuning op 'n tafel met 'n wit tafeldoek agter die verhoog. Hy was voorskriftelik oor waar hy oornag het. As hy nie tevrede met die verblyf was nie, het hy maklik geweier om op te tree. Dit was alles versoeke wat moeilik was vir die organiseerders van 'n fees in die uithoeke van die land waar 30 wit handdoeke en vars vrugte nie by die plaaslike winkel gekoop kon word nie.

Mense het begin mor, maar hulle het aan sy eise voldoen. Ná die tyd geskinder dat hy nie eens een van die handdoeke gebruik het nie. Dat hy nie aan die rooibostee of vars vrugte geraak het waarop hy so aangedring het nie.

Toe begin die gerugte. Dat hy 'n meisie op elke dorp het. Dat hy nie regtig sing by sy konserte nie, maar dat dit die CD-speler is wat so lekker musiek maak. Tertia Viviers van *Scoop* was die voorbok. Daar was amper nie 'n konsert waar hy opgetree het waar sy nie ná die tyd nog 'n skinderstorie uitgekrap het nie.

Simon het dit afgemaak as niks nie. Gesê dis mense wat jaloers op sy sukses is.

Sy bestuurder, Morné Naudé, het saamgepraat. Wilde stellings in die media

gemaak van ander sangers wat die stories versprei. Maar ook Morné was die onderwerp van baie skinderstories. Dat hy ook aandring op besigheidsklaskaartjies en dat hy oral moet saamgaan waar Simon is. Agter die verhoë van vele konserte het hy sy gewig rondgegooi en vyande gemaak waar hy gekom het. Hy het vroue soos vloerlappe behandel en wanneer hy 'n brandewyn-en-Coke te veel gedrink het, kon hy nie sy hande van hulle afhou nie. Daar was ook gerugte dat Morné van die ander sangers wat hy bestuur se geld verduister het. Daar was skielik aftrekkings wat nie voorheen daar was nie, en toe hulle een vir een ander heenkome gesoek het, het Morné volgehou dat hy net vir Simon nodig het. Niemand was volgens hom groter as Simon Burger nie.

Die gerugte oor Simon en Cara se wankelende huwelik is ál meer gehoor. Toe daar 'n steelvideo op Facebook verskyn van Simon wat 'n ander vrou agter die opslaantoilette by 'n fees vry, het van sy aanhangers nog steeds by hom gestaan. Hulle het gesê Cara was nooit die regte vrou vir hom nie en dat hulle hom al die geluk gun wat hy kan kry.

Simon het begin kortaf raak met sy aanhangers. Nie meer die tyd gehad om 'n geselsie te maak of te staan vir 'n foto nie. Stories dat hy dronk by konserte opgedaag het, het beteken dat mense twee keer gedink het om hom te bespreek. Sy loopbaan was op die afdraande pad en hy het niks gedoen om dit te keer nie.

Die laaste strooi was egter die video wat met 'n selfoon geneem is van 'n ma met 'n kind in 'n rolstoel wat by 'n konsert gewag het sodat die kind vir Simon kan ontmoet. Hy kon nie weet dit word opgeneem nie, maar 'n uur of wat later was dit daar vir almal om te sien. Dit het soos 'n veldbrand op Facebook en Twitter versprei en is binne 'n uur meer as 400 keer op YouTube gekyk. Almal kon sien hoe die magtige Simon Burger vir Morné sê: “Ek gaan 'n fok nie wag om 'n foto saam met 'n retard te neem nie. Louresa wag in die kamer. Ek het beter goed om te doen.”

Selfs sy grootste aanhangers het hom toe verlaat. Louresa is gebrandmerk as die nare mistress, die skarlakenvrou. Die jong dansertjie met die groot borste wat een van Suid-Afrika se glanshuwelike op die rotse laat beland het.

Maar dit was die aanmerking oor die kind in die rolstoel wat Simon finaal geknak het. Die kansellasies het die een ná die ander ingekom. Sy optrede by Allegro, die groot Suid-Afrikaanse musiekkonsert wat 'n selfoonmaatskappy elke jaar by Sun City hou, was die eerste wat gekanselleer is. Die organiseerders

het in 'n verklaring gesê hulle distansieer hulle van Simon. Van 'n dagboek vol groot konserte het daar amper niks oorgebly nie.

Simon het alles probeer om dit reg te stel. Morné het op sy eie lomp manier probeer om weer die media aan sy sanger se kant te kry. Selfs Simon se openhartige onderhoud met 'n Sondagkoerant het nie gehelp nie. Die mense het besluit hy is 'n held met voete van klei. Hulle het hom afgeskryf en kort voor lank was sy CD's in die bargain bin van winkels wat dit nog verkoop het.

Van sy uitspattige leefstyl het ná 'n jaar amper niks oorgebly nie. Daar was skinderstories dat hy sy geld op vinnige karre en duur restaurante uitgemors het. Dat hy 'n paar ondeurdragte beleggings gemaak het en daar niks van sy fortuin oor was nie.

Laas wat Carel gehoor het, het Simon as lounge singer by 'n hotel in Swaziland opgetree. Hy drink glo meer as ooit tevore. Sy huwelik met Cara het in die skeihof beland en sy woon deesdae in Perth. Morné is steeds 'n bestuurder, maar deesdae is dit net die wannabees en sangers met twyfelagtige talent wat nog by hom is.

Carel het homself toe al belowe dit sal nooit met hom gebeur nie. Hy sal nie dat die roem en rykdom hom vernietig nie. Hy het te swaar as kind gekry om dit alles weg te gooi.

Hy lees nog van die kommentare en skrik toe daar 'n klop aan sy deur is.

Hy staan op en gaan na die deur. Maak dit oop en skrik weer toe die twee Van der Walt-susters daar staan.

“Hallo,” sê Susra. “Ons het gewonder of jy hier is! Is jy nie lus om saam met ons iets by die swembad te gaan drink nie? Jy kan tog nie heeldag so alleen in jou kamer sit nie.”

Carel kan homself skop dat hy die deur oopgemaak het.

“Nee, baie dankie, ek het nog admin wat ek moet afhandel.”

“Kan ons 'n bietjie by jou kom sit en jou geselskap hou?” vra Susra. Chamonique loer oor haar suster se skouer.

“Nee, ek sal nie kan konsentreer nie. Maar dankie. Ek sien julle later by die konsert,” sê hy.

“Ons sal nie pla nie,” sê Susra.

Carel kan sy ore nie glo nie. Liewe bliksem, het hierdie vrou nie ore nie!

“Luister, ek gaan met jou baie eerlik wees. Ek wil asseblief hierdie paar dae

gebruik om in te haal op skryfwerk en admin. Ek waardeer die aandag, maar julle moet my asseblief los. Asseblief.”

“Ek het nie gedink jy is een van daardie nie! Ons is sulke groot fans en wil jou regtig net beter leer ken. Dit voel vir my of jy die hele tyd vir ons die koue skouer gee,” sê Susra. “En jy het nog nie eens gehoor hoe mooi Chamonique sing nie.”

Carel kyk na hulle. Sprakeloos.

“Ek is seker jy is lus vir ’n massering,” sê Susra. “Ons is dalk van die platteland, maar ons is nie preuts nie. As een van ons nie vir jou genoeg is nie, kan jy ons al twee ... ”

Weer kan Carel sy ore nie glo nie.

“Nee! Regtig, julle moet asseblief gaan.” Hy begin die deur toemaak, maar Susra druk haar voet in.

“Toe nou. Ons weet julle sangers hou van ’n bietjie aksie,” sê sy.

“Ons is nie almal so nie,” is al wat Carel uitkry.

“Is hier ’n probleem?”

Carel loer by die deur uit en sien Nico staan daar.

“Nico! Ek is bly om jou te sien. Ek het pas aan die susters probeer verduidelik dat ek nie nou lus is vir kuier nie. Daar is werk om te doen ... ”

“Ja, dames, julle gaan ons moet verskoon. Daar is nog dinge waaroor ons moet praat voor vanaand se konsert,” sê Nico.

Susra staan terug. Chamonique lyk soos iemand by ’n tenniswedstryd soos haar kop draai en sy eers vir Nico en dan vir Carel kyk.

“Nou goed, maar ek moet sê ek is nie happy nie,” sê Susra. “Ek het regtig nie gedink jy is so mislik met jou fans nie.”

Waar is Alma tog, dink Carel. Sy is so goed met sulke situasies.

“Ek is jammer as julle so voel, maar ek ... ”

“Jy het nie nodig om te verduidelik nie,” sê Nico. “Daar is mense wat op die harde manier moet leer dat net omdat jy bekend is, jy nie public property is nie. Dames, as julle ons sal verskoon.”

Hy druk by Susra verby, stap in Carel se kamer in en maak die deur ferm agter hom toe.

“Die fokken mense! Weet hulle nie hulle maak ’n oorlas van hulleself nie? Ek kan nie in ’n Pick n Pay instap sonder dat iemand kyk wat ek in my mandjie sit

nie. Ek raak so gatvol!” sê Nico.

“Ek probeer altyd vriendelik wees, maar hierdie twee laat my vel kriel. Weet jy dat hulle selfs nou ’n threesome aangebied het?”

“Liewe bliksem! Wat mense nie alles sal doen nie.”

“Dankie dat jy my gered het. Alma is so goed met sulke situasies. Ek mis haar regtig wanneer sy nie hier is nie,” sê Carel.

“Ja, jy kan gelukkig wees jy het iemand soos sy. Ons arme actortjies moet maar self sien kom klaar. Maar anyhow, ek is regtig hier oor vanaand se konsert. Ek het na die footage gekyk wat ons gisteraand geneem het en daar is beslis van dit wat ek in die video kan gebruik, maar ek het vanaand ’n skoot nodig waar jy lank en ver na die agterkant van die saal kyk. Sal jy dit kan doen?”

“Ja, klink nie te moeilik nie. Terwyl ek ‘Soeker’ sing?”

“Ja, asseblief. Is jy lus vir lunch? Sal ons dit buite waag?”

’n Halfuur later sit Carel en Nico by ’n eetplek naby die hotel. Daar was geen beweging agter die deur oorkant die gang nie en dit lyk of die susters eindelijk die boodskap gekry het.

Carel se selfoon lui.

“Linda, hallo,” antwoord hy.

“Hoe gaan dit daar?”

“Goed. Die twee vroue – het ek gesê hulle is susters? – het weer ’n oorlas van hulleself gemaak, maar Nico het gelukkig daar aangekom en gehelp om van hulle ontslae te raak.”

“Dis juis oor Nico wat ek met jou wil praat. Blom Venter van *Scoop* het gebel.”

“Wie?”

“Blom Venter. Lyk my sy wil in Tertia se voetspore volg. Nou nie die moord nie, behoede ons, maar sy is die nuwe skinderskrywer by *Scoop*. Jonk en baie onervare, maar ten minste bel sy om haar stories te staaf.”

“Hoekom het sy gebel? En wat het dit met Nico te doen?”

Nico hoor sy naam en kyk fronsend na Carel.

“Sy het ’n wenk uit PE gekry dat jy en Nico ’n verhouding het en dat julle ’n hotelkamer deel.”

“Wat?! Dis verregaande,” sê Carel.

“Wat is verregaande?” vra Nico. Carel lig sy hand op en wys hy moet stilbly.

“Ek weet dit is, maar jy ken mos dié joernaliste. Glo enige ding wat vir hulle aangedra word. Ek het vir haar gesê dis totaal onwaar en dat Nico net daar is vir die maak van die video. Ek het vir haar ’n kort verklaring geskryf en dit gestuur. ’n Mens kan ook deesdae nie met hierdie mense oor die foon praat nie. Hulle quote jou sommer op enige ding wat jy nie eens gesê het nie. Al wat ek vir jou wil sê, is dat jy versigtig moet wees. Ek weet nie wat Nico se voorkeur in geselskap is nie, maar so ’n storie is moeilik om te smoor. As mense eers ’n voëltjie hoor fluit het dat jy gay is, is jy môre oormôre die poster boy van al wat ’n gay-organisasie is.”

“OK, ek maak so. Dit maak my net so die moer in. Wat het dit tog met enigiets te make?”

“Ja, jy weet hoe ek hieroor voel. Ek sê net jy moet versigtig wees. Mense is lief vir ’n skandaal,” sê Linda.

“OK, ons praat later.”

Hy sit die foon neer en kyk na Nico wat voor hom sit, angstig om te hoor waarom die gesprek gegaan het.

“En?”

“Dit was Linda, my bestuurder. ’n Joernalis het gebel om te sê hulle het ’n wenk uit PE gekry dat ek en jy ’n verhouding het.”

Nico lag.

“Wat? Wie sal nou sulke stront uitdink?”

“Ek weet nie. Sy sê net ons moet versigtig wees. Dis duidelik iemand wat hulle mes in het vir my.”

“Dink jy dis dalk die susters? Is dit nie die tipe ding wat hulle sal doen nie?”

“Wie weet? Hulle soort sal enigiets doen vir aandag.”

Terug by die hotel gaan Carel na sy kamer. Hy en Nico het in die voorportaal gegroet en Nico is na die saal waar die konsert gehou word om voorbereidings te gaan tref.

By sy kamerdeur sien Carel dat die skoonmakers in die susters se kamer is. Hulle is nêrens te sien nie.

Hy stap nader.

“Is die mense wat hier gebly het nie meer hier nie?” vra hy die een

skoonmaker.

“Nee, meneer, hulle het netnou gepak.”

Hy stap na sy kamer en maak die deur agter hom toe. Hy wonder oor die susters en of dit hulle was wat die storie na die koerant aangedra het. Hy wonder ook of die koerant ’n artikel gaan plaas.

Hy gaan sit op die rand van sy bed en sug. Dis tyd dat hy iemand in sy lewe kry. Hy kan nie pal so oor sy skouer kyk nie. Hy is reg vir iemand. ’n Verhouding. Vastigheid. Maar dan dink hy aan ’n onderhoud met Simon Burger kort ná sy en Cara Smit se troue. ’n Joernalis het gevra of die aandag van die vroue minder is sedert hy getroud is. Simon se antwoord? Nee, dis erger as ooit tevore. Noudat hy ’n getroude man was, was die uitdaging om hom in die bed te kry soveel groter ...

“Goeie nuus!”

“Sê jy nie eers hallo nie?” Azania lag. Haar agent, Heidi Smal, is ’n bron van groot plesier in haar lewe. Nie net sorg sy dat Azania genoeg werk kry nie, sy is ’n vriendin en sielsgenoot.

“Hallo, ja, maar ek het regtig baie goeie nuus. Daar’s nie tyd vir praatjies maak nie.”

“Wat is die goeie nuus?”

“Die organiseerders van Allegro het my gebel. Hulle wil jou hê vir vanjaar se konsert.”

“Allegro? Dié konsert waar almal wil wees? Jy jok! Dis fantastiese nuus.”

“Ja, njannies. Hulle het nou net gebel. Wou weet wat jou fooi is en of jy die tweede naweek in Oktober beskikbaar is. Die konsert is weer by Sun City. Klink my hulle beplan ’n tweede een in die Kaap vir November, maar hulle sal nog confirm. Ek het al twee naweke in jou dagboek oopgehou.”

“Ek kan dit nie glo nie. Ná al die jare. Weet jy wie nog in die line-up is?”

“Nee, hulle is nog nie seker nie. Seker weer al die groot name. Girl, hierdie is jou big break. TV, DVD, foto’s in al die koerante en tydskrifte ...”

“Weet jy al wat ek moet sing? Is die musiekregisseur weer Nienkie Moolman? Jy weet ek wou nog altyd saam met haar werk.”

“Ja, dis omtrent al wat ek in hierdie stadium weet. Hulle sal binne die volgende week meer laat weet, maar hulle wil jou beslis hê. Hulle stuur sommer later al die kontrakte deur,” sê Heidi.

“Wanneer laas het ek vir jou gesê jy is ’n lig in my lewe? Heidi, ek kan nie vir jou sê wat jy vir my beteken nie.”

“Ja, ja, ja. Jy sê dit genoeg. Ek het jou mos belowe I am going to make you a superstar.”

“Dankie, dankie, dankie. En nou moet ek eers vir Ouma Annie bel. Sy gaan uit haar vel wees. Onthou sommer nou al dat ek ’n kamer vir haar en Rosa ook wil bespreek vir die naweek. Hulle moet daar wees wanneer ek op daai verhoog in die Superbowl stap.”

Azania sit die foon neer. Sy werk al so lank so hard en wag geduldig vir haar groot kans. Daar was al musiekmaatskappye wat voelers uitgesteek het, maar niks het ooit daarvan gekom nie. Sy wou nog altyd 'n Afrikaanse album gemaak het en het lêers vol liedjies wat sy self geskryf het. Maar dit was asof die tyd net nooit reg was nie. Dit was altyd ja, ons hou daarvan, maar ... Gaan haar donker vel dan altyd teen haar tel? Wanneer gaan mense verby dit kyk en na die musiek luister?

Sy onthou haar *Idols*-oudisie. Sy het haar beste klere aangetrek. Dit was maar altyd tweedehands – klere wat die vroue van die ACVV by die skool kom uitdeel het, ander ryk mense se hand-me-downs wat hulle gewete vir 'n rukkie gesus het. Ouma Annie het altyd gesê hulle is dalk arm, maar hulle is netjies en hulle is trots.

“My kind, moenie dat jou omstandighede jou onderkry nie,” het Ouma Annie altyd gesê. “Die Here het vir jou 'n talent gegee. Jy moet dit gebruik! Hierdie is nie jou plek nie. Jy is 'n swaeltjie wat in die verkeerde nes gebore is. My hart is seer oor jou ma en ek is jammer jou pa het die pad gevat, maar moenie dat dit jou keer nie. Jy is special. Hierdie harde lewe gaan jou sterker maak. Moet net nooit ophou droom nie. Ouma glo in jou.”

By die oudisie het sy geregistreer. In die ry geval en gewag. En gewag en gewag. Sê nou ek kry nie eens 'n kans om te sing nie? het sy paniekerig gewonder. Hoe gaan ek aan Ouma Annie verduidelik dat ek nie eens goed genoeg was om te probeer nie?

Terwyl sy gewag het, het sy twee meisies oor haar hoor praat.

“Kyk die ousie met die gladde hare,” het die een gesê.

“Seker 'n pruik. Moet wees. Niemand met so 'n donker vel het sulke hare nie. Sy het seker 'n R50 special by China Town gaan koop net vir vandag,” het die ander een smalend bygevoeg.

Azania wou eers niks sê nie. Sticks and stones, sticks and stones, het sy gedink. Maar daar was iets opstandigs in haar. As die twee blonde poppies maar weet wat alles opgeoffer is sodat sy hier kan wees. Sy het omgedraai en die blondste een van die twee reguit in die oë gekyk.

“Hierdie is my eie hare,” het sy in suiwer Afrikaans gesê. “En is ousie nie 'n woord wat in 1994 uitgestem is nie?”

Die meisies se oë het gerek. Die een het nog probeer verskoning maak. Azania

het egter net haar rug gedraai en op 'n ander plek gaan staan.

Later het sy haar beurt gekry om te sing. Eers vir van die produksiemense, later vir die beoordelaars.

Sy het diep asemgehaal en begin sing. Sy het haar oë toegemaak en gesing soos nooit tevore nie. Sy het nie gedink aan die stofstrate waar sy gebly het nie. Sy het gegaan na daardie plek waar musiek jou neem. Daardie plek in jou wat jou hart laat blom, jou siel laat vlieg.

Toe sy klaar gesing het, het sy haar oë oopgemaak.

“That was very good,” het die een beoordelaar gesê. Sy het net ja's by die ander gekry en toe sy daar uitstap met die papier om te bevestig dat sy Sun City toe gaan vir die volgende ronde, het sy gesoek na die twee blonde poppies. Sy het hulle gevind, reguit aangekyk en gesê: “Hierdie ousie kan toe sing.” Sy het weggestap en nie een keer teruggekyk nie. Sy het hulle nooit weer gesien nie.

Dit was Ouma Annie wat na die vroue by die ACVV-kantoor gegaan het om van Azania se sukses te vertel. En om te vra of hulle kan help. Die kind het klere nodig, dalk 'n sakgeldjie.

Geseënd is vroue soos die maatskaplike werker Louise Louw wat gehelp het dat Azania 'n tas vol klere gehad het toe sy en Ouma Annie haar by die lughawe gaan aflaai het. Hulle het saam met haar in die groot lughawegebou gestap en Azania het styf aan Ouma Annie se hand vasgehou. Louise het gesorg dat Azania haar instapkaartjie kry, mooi verduidelik dat sy op die lughawe in Johannesburg saam met die ander passasiers moet stap om weer haar tas te kry. Sy het vir haar 'n goedkoop Nokia-selfoon gegee en gesê haar nommer is daar gestoor en dat sy enige tyd moet bel as daar probleme is.

Toe Azania by die hek kom waar sy moes deurstap na die vliegtuig, het haar maag gedraai. Sy het nie geweet of sy gereed was nie.

Ouma Annie het haar twyfel aangevoel en haar twee hande op Azania se skouers gesit.

“My kind, luister nou mooi vir my. God het 'n spesiale plan met jou. Gryp hierdie kans. Jy hoort nie tussen die sinkhuisies nie. Jy is Ouma se prinses. Jy het niks om oor skaam te wees nie. Jy het hard geleer op skool en Ouma het altyd geweet jy gaan iets van jou lewe maak. Ouma het vir jou mooi maniere geleer. Onthou om dankie en asseblief te sê en maak maar jou bed op en was die bad uit.

Ek weet dis 'n grênd hotel, maar die mense moet weet jy is nie 'n hierjy nie. Gaan! Gaan en wys vir die land wie en wat jy is.”

Azania het gesoek vir die hek waar sy moes wag en toe die ander passasiers opstaan en nader stap, het sy haar handsak gevat en saam gestap. In die ry het sy senuagtig vir een van die ander passasiers gekyk.

“It’s my first time.”

“You’ll be fine,” het die vrou vriendelik gesê.

En sy was. Haar maag het 'n draai of twee gemaak, maar sy het die gevoel geniet.

Jy vlieg, Azania Paulse. Jy is op pad na 'n plek waarvan jy nog net foto's in tydskrifte gesien het. Ouma Annie se swaeltjie vlieg.

By die lughawe het sy gesoek vir die *Idols*-bordjie wat deur 'n vrou opgehou is. Sy het nader gestap.

“Hi, I am Azania Paulse from Cape Town,” het sy gesê.

“Hi, Azania. Welcome! Everything OK? I believe it was your first time on a plane?”

“Yes, everything was OK. I enjoyed it.”

“Great! We are just waiting for two other finalists and then we are on our way.”

Drie uur later het 'n vriendelike portier Azania se tas na die kamer in die Sun City Hotel gedra. Vir haar gewys hoe die sleutelkaart werk. Druk dit in, wag vir die groen liggie, trek die kaart uit. Die deur het oopgeknip en sy het ingestap. Sy het nog nooit soveel luuksheid van naby gesien nie.

Dis nou maar 'n ding van mense wat swaar grootgeword het: dis asof hulle iets in mekaar raaksien. Die portier het nie gewag vir 'n footjie nie. Net vir haar gekyk en gesê: “Enjoy your time at Sun City. And good luck with *Idols*. I am sure you are going to do well.” Hy het omgedraai en saggies die deur agter hom toegemaak.

Azania het vir 'n oomblik nie geweet wat om te doen nie. Sy het saggies op die bed gaan sit en met haar hande oor die wit deken gestreel. Sy het by die venster uitgekyk en die groen-groen omgewing gesien. So dis hoe die ryk mense lewe, het sy gedink.

Sy het opgestaan en haar tas oopgemaak. Die nuwe-ou klere netjies op

hangers in die kas gehang. Die badkamerlig aangeskakel en net stilgestaan terwyl sy na die spierwit bad en stapels wit handdoeke kyk.

As Ouma Annie nou hier kon wees, het sy gedink.

Die volgende paar dae het vinnig verbygegaan. Sy het haar voete gevind en selfs 'n paar vriende gemaak. Maar sy het vinnig agtergekom dat dit is 'n kompetisie en dis 'n taaie. Elkeen het baklei vir sy plekkie in die son. Jy het probeer ingenome lyk as een deelnemer goeie kommentaar by die beoordelaars kry, maar geweet dit beteken jou kans op 'n plek in die finale groep word al hoe skraler. Sy het gesing met alles wat sy in haar het en vinnig geleer om met agtergrondmusiek en musikante te sing. Daar is onder mekaar gepraat van haar natuurlike talent, maar sy het haar nie daaraan gesteur nie. Die pad was nog lank.

Toe sy as een van die twaalf finaliste aangewys word, was Ouma Annie die eerste een aan wie sy gedink het.

Johannesburg, waar die finale rondes opgeneem is, was vir haar soos 'n ander wêreld. Sy het die berg en die see gemis en veral vir Ouma Annie. Louise het gereeld gebel om te hoor hoe dit gaan. Sy het vir Ouma Annie ook 'n selfoon gekry en Azania kon minstens elke dag bel om te sê dit gaan goed. Sy is moeg en hulle werk hard, maar dit gaan goed.

Die koerante het oor haar begin skryf. Die engelstem uit die plakkerskamp. Wanneer daar uitgevra is oor haar verlede, het sy net vertel van Ouma Annie. Van die opofferings wat sy gemaak het om vir Azania te kry waar sy vandag is. Sy het vrae oor haar ouers gesystap en sy het gedink hulle sal ophou vra.

Sy het die eerste ronde van *Idols* oorleef, toe die tweede, toe die derde. Later was daar net drie van hulle oor. En toe slyp Tertia Viviers haar gifpen. Klim in haar kar en ry na die plakkerskamp duskant Melkbosstrand waar Azania en Ouma Annie woon. Praat met die bure, gee vir hulle drankgeld in ruil vir stories. Daar is mense wat vinnig sal praat as hulle weet daar is 'n papsak wat wag.

Die berig het eers net in *Scoop* verskyn, maar die ander koerante het ook begin krap. Daar was foto's van haar en Ouma Annie se huisie, skinderstories oor haar ma wat haarself doodgedrink het. Die pa wat niemand ooit geweet het wie hy was nie. Daar was stories dat hy 'n onwettige immigrant uit Nigerië was; ander het gesê hulle het gedink dis 'n trekarbeider uit die Oos-Kaap wat net so lief vir die bottel was.

Daar was stories oor die messtekery by die sjebien toe Azania maar net tien jaar oud was en sy haar bloeiende ma daar moes uitkry. Al die Paulses se skandes vir die land om te lees. Vuil wasgoed vir almal om te sien en te beskinder.

Een van die produksiemense van *Idols* het na haar toe gekom en gesê hulle moet praat.

“Jy het ’n ongelooflike talent, maar ons het ook ’n *Idols*-naam om te beskerm. Jy mag glad nie met die media praat sonder dat ons daarvan weet nie. Ons kan jou help sover ons kan, maar ons kan nie keer dat die koerante en tydskrifte skryf wat hulle skryf nie,” het die vrou gesê.

Azania het gewonder of die vrou nie dalk gehoop het sy word volgende uitgestem nie. Dat die land se mense self gaan sorg dat die probleem weggaan. Dis soveel makliker om iemand te bemark wat met die regte agtergrond kom. Alles goed en wel jy is vet of lelik of arm en jy het ’n goeie stem, dis net makliker as jy mooi en oulik en sexy is en jou pa vir jou ’n BMW vir jou 18de verjaardag gekoop het. Common en arm en lelik en vet verkoop nie CD’s nie.

Azania het dit alles besef, maar sy het nogtans by die volgende opname opgedaag en alles gegee.

Die Dinsdagaand toe daar aangekondig is wie die laaste twee finaliste is, het sy gebid dat haar naam een van die twee moes wees. Maar dit was nie. Die land het besluit die meisie met die donker vel en die gladde hare en die engelstem is nie goed genoeg nie. Sy pas nie in die boksie nie. Haar agtergrond het soos ’n dief in die nag gekom en haar droom gesteel. Sy is geweeg en te lig bevind. Of te donker, het Azania wrang gedink. Te arm, te anders, te voorheen benadeeld.

Sy is terug huis toe. Ouma Annie was trots, maar Azania het die hartseer in haar oë gesien.

“Ek is jammer, my kind, dat Ouma nie hierdie dinge kon keer nie.”

Azania het vir haar ouma gekyk en dit was of iets vir die eerste keer in haar losgeruk het. Sy was nog altyd bang, uit haar plek tussen die prag en praal van Sun City en Johannesburg, maar sy het op daardie oomblik geweet dat mense soos Tertia Viviers haar nie gaan onderkry nie. Sy sal hulle wys. Sy gaan dit maak.

Azania het kontak gemaak met van die klankateljees in die stad.

Geld bymekaargeskraap om die taxi te neem en vir hulle te gaan sing. Sy het

haar eerste werk 'n paar maande later gekry toe sy as agtergrondsanger vir 'n CD-opname gehuur is. Later nog een. Toe kom 'n advertensieklingel en sy word gevra om deel van 'n produksie te wees vir 'n konsert wat by GrandWest gehou word. Sy het gespaar wat sy kon. Ouma Annie het weer 'n huppel in haar stap gekry. Trots vertel vir enigiemand wat wil luister van haar kleindogter wat so naam maak.

Later was haar inkomste van so 'n aard dat sy vir haar en Ouma Annie 'n klein tweeslaapkamer-woonstelletjie in Parklands kon huur. Ouma Annie het daarop aangedring om nog as huiswerker voort te gaan en saam-saam het hulle 'n nuwe lewe in hulle nuwe huisie gemaak.

Wanneer sy aan *Idols* gedink het, het sy gewonder of haar lewe anders sou gewees het as sy dit nie gedoen het nie. Sy het begin besef wat *Idols* eintlik is: dis goeie TV. Dis al wat dit is. Hulle gee eintlik nie om of jy 'n loopbaan ná die tyd het nie. Al wat hulle wil hê, is goeie TV. Mense wat hulle naam gat maak en vals sing. Dit gaan nie oor die musiek nie. Dis TV. Moenie dink hulle gaan jou raaksien omdat jy goed kan sing nie. Nee, hulle gaan dié onthou wat swak sing. Almal gaan kritiseer, selfs al is jy in die topvyf. Elke noot en elke uitrusting bespreek asof hulle skielik 'n kenner is. En mense gaan veral die arme fool onthou wat die wooden mic wen. Selfs al is jy in die laaste drie, gaan hulle jou vinnig vergeet. Stop enigiemand op straat en vra wie was die finaliste in die laaste *Idols*-seisoen, dan gaan hulle nie een enkele naam onthou nie.

En die wenner? Die wenner wen omdat hy of sy die flavour of the month is. Talent het bogherol daarmee te doen. Jy is 'n produk. 'n Mensgemaakte sangertjie wat almal verwag sal groot gaan, maar net omdat iemand – all calls are charged at R1,50 a minute – vir jou gestem het, beteken dit nie hulle gaan jou CD koop nie. Nee. Al wat jy was, was goeie TV.

Azania dink aan Heidi se oproep en wonder wie anders by Allegro gaan wees. Jy word nie gevra as jy nie top of your game is nie. Seker al die groot name. Thandi Monsela met haar wonderlike stem, The Bushbucks wat onlangs teruggekeer het van 'n suksesvolle toer na Amerika, Carel Strydom wat rekords laat spat met sy nuwe album ...

Carel Strydom, dink sy. Carel, Carel, Carel ...

“Goeie nuus. Die organiseerders van Allegro het gebel. Hulle wil jou hê vir die konsert in Oktober by Sun City. Ek het, soos dit ’n goeie bestuurder betaam, al einde verlede jaar die datum uitgevind en die naweek oopgehou. Jy is dus beskikbaar. Is jy lus om dit te doen?”

Carel sit by Linda in haar kantoor by die huis. Haar lessenaar is ’n warboel en teen die mure hang geraamde plakgate van konserte wat sy deur die jare gereël het en eerbewyse wat sy by verskeie sangers gekry het vir haar bydrae tot hulle loopbane.

“Ja, natuurlik! Hel, ek is bly hulle het my gevra. Daar is net iets aan daai konsert. Weet jy wie hulle nog gevra het?”

“Nee, hulle het net gesê daar is ’n paar nuwe name. Sal jou laat weet as ek nog iets hoor. Gaan dit saak maak wie nog deel van die konsert is?”

“Nee, ek wil daar wees. Jis, dis goeie nuus.”

“Jy het seker nie gedink hulle gaan jou nié vra nie?”

“ ’n Mens weet nooit nie. Dit gaan goed met die nuwe CD en die konserte is vol, maar soms neem die organiseerders van sulke groot konserte vreemde besluite. Net bly ek is daar. Sal jy my op hoogte hou?”

“Ja, natuurlik. Hoe gaan dit met Alma? Cope sy nog met al jou dinge?”

Carel lag.

“Ja, sy is soos ’n ma vir my. Sorg dat alles in plek is. Ek weet regtig nie wat ek sonder julle twee sou gedoen het nie.”

“Jy moet haar mooi oppas. Mense soos sy skop jy nie onder elke bos uit nie.”

Hy is skaars by die huis toe sy foon lui. Dis ’n nommer wat hy nie ken nie en hy is lus om nie te antwoord nie. As hy dink hoeveel keer hy al van nommer moes verander. Dit maak nie saak hoe goed jy jou nommer geheim hou nie, iewers lek dit altyd uit. Hy kan nie onthou hoeveel keer hy al deur vreemdelinge gebel is om te hoor of hy hulle in hulle loopbane kan help, of sommer gebel is om iets oor die foon te sing nie. Hy is selfs een keer gebel om te hoor of hy saam met ’n wildvreemde vrou na ’n troue sal gaan. Die ergste is egter dié wat net stilbly. Hy

antwoord en kan hoor daar is iemand aan die ander kant, maar hulle bly net stil.

Hy antwoord tog die foon.

“Hallo.”

“Hallo, Carel, dis Riana Kruger wat praat.”

Regse Riana. Wie de hel het sy nommer vir haar gegee?

“Hallo, Riana.”

“Jy wonder seker waar ek jou nommer gekry het, maar jy behoort teen hierdie tyd te weet ek het maar my maniere,” sê sy. “Daar is nie vreeslik baie wat mense vir my kan wegsteek nie.”

Carel is nie lus vir small talk nie.

“Hoekom het jy gebel?”

“O, ons val sommer met die deur in die huis. Reg so. Luister, Louwrens het gesê hy het met André gepraat om te hoor of jy ’n duet saam met my op my nuwe gospel-CD wil sing, maar André het laat weet jy wil nie. Ek het toe gewonder of dit maar net die manne met die pakke is wat die besluit geneem het, en het toe gedink ek wil self by jou hoor. Jy weet, kunstenaar tot kunstenaar praat.”

Carel wil begin lag, maar keer homself net betyds. Riana is nou nie juis iemand wat hy ’n kunstenaar in die ware sin van die woord sal noem nie. Haar stem is nie watwonders nie, sy skryf niks self nie en haar stywe jeans en goudgeel gekleurde hare laat haar lyk soos ’n goedkoop straatvrou.

“Ek weet hulle het gepraat en ja, my antwoord is nee.”

“Kan jy vir my ’n rede gee? Ek, ons, glo die album gaan baie groot wees. Ek het ’n paar nuwe mense gekry om vir my te skryf en daar is ’n paar liedjies wat ek oorsee gekry het en waarvan ek self die Afrikaanse lirieke geskryf het. En jy weet tog gospel verkoop.”

“Dis deel van die probleem, Riana. Ek is nie een van daardies wat gospel sal doen net omdat dit verkoop nie. Gospel moet uit die hart kom. Jy moet dit nie doen net omdat jy dink dit gaan ’n paar rand maak nie.”

“O, hoogheilige Carel! Hoor net vir jou. ’n Mens sou sweer jou lewe is skitterwit.”

“Riana, ek stel regtig nie belang om die duet te doen nie. Nie nou nie en ook nie later nie.”

“Ek is baie jammer om dit te hoor. Het André iets met jou besluit te doen?”

“Nee, ek neem my eie besluite.”

“Is jy seker? Weet jy van alles wat daar by Encore aangaan? Jy weet ek het ore oral en ek hoor dit gaan maar rof. Jy het dalk ’n CD wat op die oomblik verkoop, maar wat van volgende jaar en die jaar daarna? Gaan André dan nog daar wees om na jou te kyk? Jy moet mooi dink. Hierdie is ’n goeie kans om jou vlerke te spreid.”

Carel vererg hom.

“Wat weet jy van wat by Encore aangaan? André was nog net goed vir my. En as jy nie ’n ordentlike nee kan aanvaar nie, moet jy maar hierdie nee aanvaar,” sê hy en druk die foon dood.

Die donnerse vermetelheid. Hy gaan na haar nommer en bêre dit in sy foon. Hy wil weet wanneer sy volgende keer bel om nie te antwoord nie.

Maar wat Riana gesê het, krap aan hom. Wat het sy bedoel dat dit rof gaan by Encore? Hy sou tog geweet het as dinge nie goed gaan nie. Hy weet hy is verreweg Encore se grootste naam, maar daar is tog van die ander sangers wat ook goed doen. Nie verkope soos syne nie, maar tog. En Encore is ’n klein musiekmaatskappy. Dis net André, Fanie wat met die geld werk en Natasha by ontvangs wat van die admin doen. André het, toe hy die maatskappy jare gelede begin het, reeds iemand anders gekry om hulle verspreiding te doen.

Carel tel sy selfoon op.

“André, hoe lyk dinge? Ek wil net by jou hoor – jy het so ’n paar weke gelede gesê jy sal dat Fanie vir my state stuur. Ek het nog niks gekry nie. Weet jy dalk wat die oponthoud is?”

“Jong, die donnerse pen-pushers. Ek het met Fanie gepraat, maar hy sukkel nog om al die inligting van die ou stelsel te kry. Jy weet mos sy rekenaar het gecrash? Ek is seker ons sal dit vir jou binne die volgende paar dae kan stuur. Maar dit lyk goed. Die CD staan nou op meer as 90 000. Nog net ’n paar om te gaan, dan is ons by 100 000.”

Carel wil hom verbeel dat André senuagtig klink. Maar hoekom sal hy? Hy sê dan nou dit gaan goed.

“OK, stuur maar as julle reg is.”

“Is jy reg vir die groot shoot?”

“Ja, ek dink Nico het dinge onder beheer. Ek moet môreoggend seweur al by DF Malan se rugbyveld wees. Hy het gesê die kompetisie in *Die Burger* het

goed gewerk. Daar gaan duisend mense wees as almal opdaag.”

“Ja, Nico het toe die ding gedoen. Sal maar kyk hoe lyk die eindproduk, maar dalk kan ons hom weer gebruik.”

“Het jy hom al betaal?”

“Net ’n deposito. Sal die res betaal as die video klaar is.”

“Kom jy môre?”

“Ja,” sê André, “ek sal ’n draai kom maak. Sal seker so tienuur se kant daar wees.”

“OK, sien dan.”

Sy het nie die groot prys gewen nie, maar sy is eintlik bly. Sy wil hê hulle eerste ontmoeting moet spesiaal wees. Nie met 'n nuuskierige joernalis en 'n fotograaf wat elke beweging dophou nie. Maar hulle het vir haar 'n e-pos gestuur om te sê sy is een van dié wat as ekstras gekies is.

Sy moet vanaand vroeg in die bed klim. Die oggendverkeer Bellville toe kan rof wees en sy wil nie laat wees nie. Almal moet agtuur die oggend daar wees. Die e-pos het gesê hulle moet almal wit en blou aantrek. Haar klere hang reeds voor haar kas. Jeans en 'n wit hemp met kantdetail aan die voorkant. Sy wil nie te opsigtelik wees nie. Sy glo steeds in haar hart dat hy haar sal raaksien wanneer die tyd reg is.

By sy konserte kan sy haarself verkyk aan die vroue wat hulleself so vir hom gooi. Borste en klere wat so styf sit dat dit die meeste van hulle soos volgestopte worse laat lyk. Sy het selfs al verskeie kere gesien hoe vroue hulle tops wegtrek sodat hy op hulle borste kan teken. Dit maak haar onredelik kwaad, maar sy hou altyd vir Carel dop en hoe goed hy die situasie hanteer. Hoe hy mooi glimlag en vra of hy nie eerder op hulle arm kan teken nie.

En dan is daar Alma wat hom altyd met valkoë dophou. Sy ken nou al vir Alma amper so goed soos sy vir Carel ken. Alma wat nooit meer as 'n meter van hom is nie. Soos 'n kloekende hen om hom skarrel. Altyd in jeans, altyd 'n paar Converse-tekkies aan haar voete.

Snaaks genoeg het Alma haar nog nooit gepla nie. Sy weet Alma sal, soos sy, enigiets doen om Carel te beskerm. Sy weet ook dat as daar nou nog, ná al die jare wat sy sy assistent is, nie iets tussen Carel en Alma is nie, sal daar nooit wees nie. Sy het nog altyd hulle verhouding gesien as dié van 'n broer en suster. Twee mense wat mekaar vertrou en baie lief is vir mekaar, maar nooit hulle verhouding verder sal vat nie.

Sy staan voor die spieël. Kyk na haar lang, ligbruin hare. Die haarkapper het goeie werk gedoen. Die ligstrepies is baie natuurlik en haar hare blink selfs in die sagte lig van die slaapkamerlig.

Dalk môre, dalk is môre die dag dat hy haar gaan raaksien.

“Is almal reg?” skreeu Nico oor die megafoon.

Die studente wat agter twee van die kameras staan, wys met hulle duim in die lug.

Nico draai na Carel.

“OK, ons is reg. Jy weet wat om te doen?”

“Ja, ek stap tussen hierdie groep mense in en sing die eerste vers. Is die klankouens reg?”

“Ja, almal is reg. OK, almal, plekke! Sound – start playback!”

“Soeker” begin oor die luidsprekers speel en Carel begin stap. Sing die eerste woorde van die eerste vers. Stap deur die mense terwyl hy links en regs kyk. Die twee kameras volg hom – een van voor en een van agter. Nico sit by ’n monitor en kyk wat die kameras afneem.

“Cut! Fok! Stop, stop!” Nico staan op en stap nader na waar Carel en die twee kameramane staan. “Luister, mense,” praat het met die ekstras wat om Carel staan. “Hoeveel keer moet ek nog vir julle sê om nie vir die kamera te kyk nie? Kyk enige plek, net nie vir die kamera nie! OK, kom ons probeer weer. Sound, are you ready? Kameras? OK, hier gaan ons. Playback! Aksie!”

Carel stap weer tussen die mense deur, sing weer die woorde.

“Cut! Cut! Liewe fok!” Nico staan weer op en stap na ’n vrou met kort, donker hare. “Luister, poppie, as jy nou weer vir die kamera kyk, gaan ek jou wegskuif. Moenie in die kamera kyk nie! Kyk vir jou maatjie of kyk vir die wolke, maar moet net nie in die kamera kyk nie. OK, kom ons gaan weer. Everybody ready? Let’s go!”

Oor en oor en oor. Dit skuif later na die tweede vers toe, maar elke dan en wan moet Nico weer halt roep. In ’n stadium hoor Carel hoe een van die mense sê: “Die Nico-ou is glad nie so nice soos ek gedink het nie.”

Carel is ongemaklik tussen die baie mense. Daar is mans en vroue, oud en jonk. Dit voel vir hom of daar die hele tyd duisend paar oë op hom is. Snaaks dat daar so baie van hulle in die vermaakbedryf is wat die werk doen wat hulle doen omdat hulle nie anders kan nie, omdat dit hulle talent is, maar nie regtig van die

aandag hou nie.

Hy het dit eendag aan Alma probeer verduidelik. “Net omdat ek sing en liedjies skryf, beteken dit nie dat ek aanhoudend mense om my wil hê nie. Dat mense dink hulle ken jou, is een van die dinge wat saam met bekendheid kom. Maar as ek net kan sing, selfs op groot verhoë, sonder dat mense enigiets van my weet, sal ek gelukkig wees.”

Halfelf is daar ’n blaaskans. Die ekstras gaan kry elkeen ’n bottel water en Carel gaan staan eenkant by Nico en die res van die tegniese span. Alma stap nader.

“Kan ek vir jou iets kry om te drink?”

“Dankie, sommer water. Dis dalk al amper herfs, maar ek kry vrek warm so tussen al hierdie mense.”

“OK, ek bring vir jou. So by the way, die helfte van hulle wil natuurlik jou handtekening en ’n foto hê. Sien jy kans?”

“Nee, fok, hulle moet wag,” sê Nico. “As ons nou weer begin skiet, gaan ons die hyskraan gebruik vir die lugskote. Dan is dit nog die koorgedeeltes wat ons moet opneem. Hulle moet wag.”

“Ek is seker hulle sal wag,” sê Alma op haar rustige manier.

“Hoe laat dink jy sal ons klaar wees?” vra Carel.

“Seker so vieruur se kant. Ek hoop. Dalk vroeër,” antwoord Nico.

Carel sien van die ekstras staan naby genoeg dat hulle kan hoor. Ná die debakel met Simon is hy versigtig hoe hy met aanhangers te werk gaan. Die susters was ’n ander storie, maar duisend mense wat sonder betaling ’n dag in die son deurbring net om in jou video te wees, verdien om sy tyd te kry.

“Alma, sê vir die mense ek sal as ons klaar is met hulle praat. Het jy van die promosieposkaarte saamgebring? Ek kan dit sommer vir hulle teken. Kan jy by die skool hoor of hulle ’n tafel kan bring? Sal net makliker wees.”

“Ja, ek het genoeg poskaarte saamgebring. Ek het klaar gereël vir ’n tafel,” sê sy en glimlag. “Hoe ken jy my? Ek gaan gou jou water haal.”

“Yes, yes, hoe gaan dit hier?”

André kom aangestap. Hy lyk vir Carel maerder.

“Hallo, welkom. Het jy by die gym aangesluit? Jy lyk tien kilogram ligter as toe ek jou laas gesien het.”

“Nee, man, ek dink dis hierdie griep wat ek so sukkel om af te skud,” sê

André. “Hallo, Nico, hoe gaan dit hier?”

“Dit gaan goed. Ek dink dit gaan baie goed werk. Ons het al ’n hele paar goeie shots gekry. Ek dink jy gaan happy wees.”

“Ons hoop so. Wil nie hê jou eerste poging moet ’n fokop wees nie, nè?”
André klap Nico leedvermakerig op die skouer.

Nico besluit hy haat hierdie man. Hy haat hom en sy soort. Grootmeneer wat sy gewig rondgooi en almal boelie wat voor hom kom. Bliksem! Hy sal hom wys. Hy gaan die beste video ooit maak. Hy gaan pryse wen, mense gaan van hom begin praat, hom begin gebruik. Een van die dae maak hy daai feature ...

Nico glimlag egter net en stap weg. Hy moet eerder nie nou iets sê nie. Hy is bang hy sê vir André presies wat hy van hom dink. Dat hy ’n doos is. ’n Boelie en ’n doos. Dat hy nie die lewe verdien wat hy het nie. Die huis teen die hange van Tafelberg, die vet 4x4 waarmee hy seker nog nooit op ’n stofpad gery het nie. En dit alles te danke aan ’n paar mense wat dink hulle kan sing. Fok!

Maar Carel is ’n ander storie. Nico het die afgelope tyd besef hy is nie so ’n groot poephhol soos hy gedink het nie. Net verlede week het Carel vir Nico sy bankbesonderhede gevra en R20 000 oorbetaal. Gesê hy weet dit gaan swaar en dat Nico hom kan terugbetaal wanneer hy kan. Daar is nie baie mense wat dit sal doen nie. En Nico weet dat Carel nie ’n man is wat volgende maand al gaan bel om te hoor waar sy geld is nie. Dis ’n lening op die never-never, of die maybe-maybe.

Hy stap na waar die monitor staan, maak of hy kyk wat daar aangaan, maar André se teenwoordigheid het ’n knak in sy selfvertroue gesit. Hy is nie meer so seker van homself nie. Sê nou maar net die video is ’n flop. Wat dan? Gaan hulle hom nogtans die uitstaande geld betaal? Belangrikste: Gaan iemand hom weer wil gebruik?

Ek sal nie toelaat dat dit gebeur nie. Ek sal nie. Ek sal hulle wys. Ek sal hulle almal wys.

“Luister, jy wonder seker nog oor die state.”

Carel kyk vir André.

“Ja, maar jy het mos gesê jy werk daaraan.”

“Ja, Fanie het belowe teen volgende week. Ek belowe.”

Carel wonder oor Fanie. Vaal Fanie. Arme Vaal Fanie wat moet sorg dat die boeke klop. Dat al die sangers by Encore hulle pond vleis kry. Hy het nog nooit

gedink om self vir Fanie te vra oor die state nie. Dalk moet hy vir hom 'n e-pos stuur en sê hy moet sommer die state direk aan hom stuur.

“Dis reg so. Ek sal wag.”

Daar slaan 'n pienk skynsel op André se wange uit.

“Fok, Carel, ek het mos gesê daar was probleme met die stelsel!”

Die onverwagte aggressie vang Carel onkant.

“En ek het mos nou vir jou gesê ek sal wag. 'n Mens sou dink jy het iets om weg te steek!”

“Wat bedoel jy?” vra André hard.

“Net dit. Al wat ek wil weet, is hoekom dit so sloer.”

“Luister jy nou mooi vir my. Ek was nog altyd goed vir jou. Jou uit 'n hool gaan haal waar jy vir 'n bier en 'n pizza gesing het. As dit nie vir my was nie, was jy nog fokken nêrens nie! Moenie nou jou gewig begin rondgooi nie. Ek het jou gemaak en ek kan jou breek!”

Sy hou nie van die manier waarop André met Carel praat nie. Sy kan nie hoor wat hulle sê nie, maar kan aan sy houding sien dat hy nie mooi praat nie.

Sy wil na André toe stap en haar vinger op sy bors druk en sê: “Jy praat nie so met Carel nie! Weet jy nie dat hy die een is wat Encore Musiek gemaak het wat dit is nie?”

Diep asem, diep asem. Moenie aandag trek nie.

Sy het haarself die hele dag so onopsigtelik moontlik probeer hou. Staan altyd tussen mense, maar wanneer sy die kans kry, het sy nader aan Carel beweeg. Gehoop hy sien haar raak. Maar hy het nie. Hoe sou hy dan ook tussen duisend ander mense?

Maar dis reg so. Sy is geduldig. Sy wag al so lank. Nog ’n bietjie langer sal nie seermaak nie.

Sy haal haar iPhone uit die sakkie wat om haar lyf hang. Sy gaan staan skuins agter ’n lang man en neem ’n skelm foto van Carel waar hy met André staan en praat. Later by die huis sal sy die foto aflaai en uitdruk. Die foto sal by die res in die plakboeke gaan. Sy wonder wat Carel sal sê as sy vir hom sê dat daar nou al nege plakboeke is.

Scoop, 17 Mei 2012

Speel Strydom vir die ander span?

Deur Blom Venter

Kruip een van die grootste name in Afrikaanse musiek dalk weg in 'n kas? En kruip die sepie-akteur Nico de Jongh dalk weg in dieselfde kas?

Strydom het in April in Port Elizabeth opgetree en een van sy aanhangers het *Scoop* gebel om te sê dat Strydom en De Jongh alte danig met mekaar was. De Jongh is die regisseur van Strydom se nuwe musiekvideo, maar volgens die aanhanger was De Jongh gereeld in Strydom se hotelkamer.

“Ons kamer was oorkant Carel se kamer en ons kon nie help om te wonder hoekom die actor so baie daar is nie,” sê Susra van der Walt van Uitenhage. “Ons is groot fans van Carel en wou hom graag beter leer ken, maar dit was duidelik dat hy nie vrouegeselskap wou hê nie.”

Sy vertel dat hulle verskeie kere probeer het om met Strydom te praat, maar dat hy hulle afgejak het.

“Ons is baie seergemaak. Ons het lank gespaar vir die konsert en verblyf in die hotel, maar hy het seker grootkop gekry en het nie meer tyd vir sy fans nie.”

Volgens haar en haar suster, wat drome het om 'n sangeres te word, was dit vir hulle duidelik dat daar meer as net 'n professionele verhouding tussen Strydom en De Jongh is.

Linda Cronjé, Strydom se bestuurder, sê die storie is geheel en al nie waar nie.

“Carel het die susters ontmoet, maar hulle het in die tyd wat hulle daar was, gewys hulle is oorywerige aanhangers wat nie weet waar die lyn van privaatheid is nie. Nico de Jongh was daar omdat hy die regisseur van Carel se nuwe musiekvideo is. As Nico in Carel se kamer was, was dit omdat hulle oor werk gepraat het en niks anders nie. Hierdie is bloot 'n kwaadwillige gerug wat daarop gemik is om Carel se loopbaan skade te berokken.”

Sy het gesê Strydom gaan nie met die media oor die gerug praat nie en het 'n aanbod vir 'n onderhoud met *Scoop* van die hand gewys.

Toe De Jongh gebel is vir kommentaar, het hy net gesê dis “die grootste hoop kak” wat hy al ooit gehoor het en die foon doodgedruk.

Maar soos die gesegde lui: Waar daar 'n rokie trek, is daar 'n vuurtjie ...

“Dis nie ’n train smash nie,” probeer Linda vir Carel moed inpraat. “Dis net in Scoop en ek glo nie die ander koerante of tydskrifte gaan hulle eens daaraan steur nie.”

“Maar nogtans! Ek is so die bliksem in! Pleks ek maar vriendeliker met die susters was,” sê Carel moedeloos. “Maar wragtig, ’n mens kan ook net soveel vat. Wat moet ons nou maak?”

Hy kyk uit oor die see wat vandag grys en onguur lyk, amper soos sy gemoed.

“Kom ons vat dit dag vir dag,” sê Linda. “Moet net met niemand praat sonder dat ek daarvan weet nie. Stilbly is ook ’n antwoord.”

“OK, maar dit voel of ek nie my rug kan draai nie. Ek lewe al soos ’n kluisenaar. Die mense in Melkbos laat my my gang gaan en ek kan ten minste nog gaan toiletpapier koop sonder dat iemand ’n selfoon uitruk en dit afneem, maar ek raak so moeg om aanhoudend te wonder wie hou my dop.”

“Ek weet, maar moenie iets stupids doen nie. Loop net jou pad.”

“Ek sal.”

“Is dit nie dalk weer tyd vir iemand in jou lewe nie? Dis nou al lank.”

Carel sug.

“I wish. Maar waar kry ek iemand? Waar is die vrou wat kan cope met alles?”

Linda lag.

“Ek weet nie. Ons sal haar soek. Sy is daar iewers. Of dalk het jy haar al ontmoet en jy weet dit nog nie. Is dit nie dalk tyd om weer ... ”

“Nee, ek is nog nie reg nie. Ek dink die hele tyd daaraan. Jy weet nie hoe dit aan my vreet nie. Maar nee, nog nie nou al nie. Wat hoor jy? Gaan dit OK daar?”

“Ja, sover ek kan agterkom. Ek glo sy sal laat weet as daar probleme is.”

“Ek wonder baiekeer ... ”

“Ek kan dink dat dit jou vreet. Luister, tyd heel alle wonde. Gee kans. Die lewe het ’n snaakse manier om draaie met ’n mens te loop.”

Nadat hulle gepraat het, gaan sit hy op die stoep met ’n beker koffie. Dink aan daardie tyd. Die harde woorde, die ontkenning. Hoe hy toe al besef het sy is ’n

baie sterker mens as hy.

Jy sal nooit rustigheid in jou lewe kry as jy dit nie eindelik aanvaar nie, sê hy vir homself. Daardie ding wat so aan hom vreet, wat hom nagte laat wakker lê. Jy is 'n lafaard, Carel Strydom. 'n Donnerse lafaard.

Sy foon lui.

“Het jy *Scoop* gesien?”

Carel kan hoor Nico is kwaad.

“Linda het die storie gescan en vir my gestuur.”

“Die fokken bliksems! Waar kom sy daaraan? Hoe kan hulle sulke stories plaas sonder om seker te maak dis waar?”

“Kyk, ek dink dis 'n storie wat 'n vinnige dood gaan sterf. Ek weet en jy weet dis nie waar nie. Mense is hopelik nie so stupid om dit te glo nie.”

Dit kalmeer Nico glad nie.

“Maar nogtans! Dat twee common susters van Uitenhage nou sulke stront kan gaan verkoop. Dis verregaande! En weet jy wat maak my amper meer die bliksem in? Dat hulle my 'n sepie-akteur noem. Fok, ek het al meer verhoogwerk gedoen as die meeste ander actors in die land. Ek sue sommer die koerant.”

“Gaan jou niks help nie. *Scoop* is deel van 'n magtige maatskappy. Hulle het prokureurs en advokate op hulle payroll. Hulle gaan sloer en sloer en sloer tot jy nie 'n sent op jou naam het nie. Moenie dit eens probeer nie,” sê Carel.

“Gaan jy net terugsit en maak of dit niks is nie?”

“Ja, dit sal oorwaai. Die waarheid wen altyd. Hoe ver is die video?”

“Amper daar, ons is besig met die final edit. Sal seker teen Vrydag vir julle kan kom wys. Sal laat weet.”

Nadat Nico met Carel gepraat het, gaan hy deur sy beursie. Kry die papiertjie met haar nommer op en bel dadelik.

Hy en Natasha Bloem gaan daardie selfde aand uit. Hulle gaan eet en hy sorg dat haar wynglas vol bly. Terug by haar huis soen hy haar hard, ruk die klere van haar lyf. Hy het seks met haar soos 'n man wat iets het om te bewys.

Nuus24.com; 15.13 nm.

22 Mei 2012

Raaisel oor susters se dood

Deur Roger de Waal

Twee susters van Uitenhage, Susra en Chamonique van der Walt, is in raaiselagtige omstandighede dood. 'n Buurvrou het vanoggend op hul lyke afgekom in die sitkamer van hul huis.

“Die buurvrou het onraad vermoed toe sy vanoggend gehoor het hoe hul hond aanhoudend blaf. Sy het die susters nog die vorige middag gesien,” het Jan de Beer, woordvoerder van die SAPD in Uitenhage, in 'n verklaring gesê. “Sy het na die huis gegaan en deur die venster die een suster se liggaam op die vloer sien lê. Sy het dadelik die polisie in kennis gestel en hulle het toe op die twee lyke afgekom. Sover vasgestel kan word, is slegs die susters se selfone gesteel. Hul handsakke, met hul beursies in, is in die slaapkamers gevind. Al twee het skietwonde gehad. Daar is geen motief vir die moord nie, maar daar is reeds met 'n grootskaalse ondersoek begin.”

Volgens die buurvrou, wat naamloos wil bly, het die twee susters nie naby familie gehad nie. Die ouer suster, Susra, het na haar jonger suster omgesien.

“Hulle was goeie bure, maar baie privaat,” het die buurvrou gesê. “Sover ek weet, het die ouer suster as kroegmeisie gewerk. Hier het nie juis mense gekuier nie, maar ek weet hulle was baie lief vir musiek, veral Afrikaanse musiek. Wanneer hulle by die huis was, het ons altyd gehoor hoe luister hulle die een na die ander CD.”

Die buurvrou sê sy het hulle die naweek gesien, maar teen gister het sy onraad vermoed toe sy hul hond aanhoudend hoor blaf het. Sy het toe oorgestap en die liggaam deur die sitkamervenster gesien.

“Ek het eintlik so min van hulle geweet. Hulle het net so nou en dan vir my gevra om vir die hond kos en water te gee. Ek is baie geskok oor die moord. Dit is 'n stil buurt en sulke dinge gebeur nie hier by ons nie.”

Begrafnisreëlings is nog nie bekend nie.

Sy gooi haar sak neer toe sy by die voordeur instap. Rek haar lyf uit en sak af om haar tone te raak. Sy is moeg ná die lang pad.

Sy stap na die CD-speler, skakel dit aan en druk die speel-knoppie.

Carel Strydom se stem vul die vertrek. Sy stap na die skuifdeure wat uitkyk op die see en skuif dit oop.

Watter vreugde is dit nie altyd om terug te keer nie. Om weer in haar huis te wees en te sien hoe die golwe oor die sand spoel.

Sy stap kombuis toe. Maak die yskas oop en haal 'n botteltjie water uit. Gee diep teue en stap sitkamer toe.

Sy sal later haar sak uitpak, dink sy. Eers wil sy net sit en staar na die see. Later sal sy op die strand gaan stap en kyk of hy by die huis is.

“Linda, het jy al vandag se Nuus24 gelees?”

“Hallo, nee, ek het nie. Hoekom?”

Carel sit by sy rekenaar in sy sitkamer.

“Jy weet daardie twee susters wat so ’n oorlas van hulleself in PE gemaak het?”

“Ja?”

“Ek lees nou hulle is in hulle huis in Uitenhage vermoor. Dis verskriklik. Net hulle selfone is gesteel. Ek voel nou skuldig omdat ek nie vriendeliker met hulle was nie.”

“Is jy seker dis hulle?”

“Ja, hulle name is in die berig. Sê dat hulle alleen in die huis gebly het en dat die buurvrou bekommerd geraak het omdat hulle hond aanhou blaf het. Sy het op die lyke afgekom.”

“Liewe hel. Ek weet dit gaan nou baie gevoelloos klink, maar sê die berig iets van jou? Sê dit iets van die berig wat in *Scoop* was?”

“Nee, dit sê net dat hulle volgens die buurvrou baie Afrikaanse musiek gespeel het. Niemand se naam word genoem nie.”

“OK, dis goed. Ons hoop niemand tel dit op nie.”

“Wat bedoel jy?”

“Dat die een of ander oorywerige joernalis die feit dat die susters die storie dat jy moontlik gay is na *Scoop* toe aangedra het, daarmee gaan verbind nie. Voor jy weet, is jy sommer ’n verdagte in die moord.”

“Nee, dis darem te dik vir ’n daalder!”

“Carel, jy weet teen hierdie tyd hoe die media is. Wat hulle vir ’n storie sal doen.”

“Ja, seker, maar die laaste wat ek hulle gesien het, was toe Nico by my kamer in die hotel aangekom het en hulle gevra het om te gaan. Het ek vir jou gesê hulle het toe nie gebly vir die volgende twee konserte nie? Hulle is sommer dieselfde dag daar weg.”

“Nee, jy het nie gesê nie. Maar in elk geval, laat weet as daar nog iets is. Ek

sal dinge dophou hier van my kant af. En nog 'n ding. Die vrou wat die kompetisie in *Die Burger* gewen het, jy weet, die kompetisie waar hulle 'n ete saam met jou kan wen, is ene Magdel Hanekom van Moorreesburg. Glo al in haar sestigs, maar 'n groot fan. Die joernalis van *Die Burger* het gebel en gevra wanneer dit jou sal pas. Ek het na jou dagboek gekyk en volgende Dinsdag is oop. Die ete is by 'n plek by Eden on the Bay in Blouberg. Die joernalis, wat is haar naam nou weer, en 'n fotograaf gaan saam, so dis darem nie jy en die tannie die hele aand op julle eie nie. Is dit OK met jou?”

“Ja, dis was immers deel van die deal.”

“Sophia. Die joernalis se naam is Sophia Lategan. Nice girl. Ek het al een of twee keer met haar te doen gekry. Een met integriteit. Ek sal haar laat weet dis reg vir Dinsdag. Gaan sê julle moet mekaar al so sesuur se kant daar kry. OK so?”

Maar iemand het dit opgetel. Blom Venter bel nog dieselfde middag vir Linda.

“Hallo, dis Blom Venter van *Scoop* wat praat. Ek bel in verband met die moord op die twee susters in Uitenhage.”

“Ja, hoe kan ek help?”

“Jy weet seker dis hulle wat my laat weet het Carel is gay en dat hy en Nico de Jongh 'n ding aan het?”

“Ek het die artikel gesien en as ek jy is, sal ek in die woordeboek gaan kyk wat ‘na bewering’ beteken.”

“Ek doen net my werk,” sê Blom.

“En ek doen net myne. Waarmee kan ek help?”

“Ek wil weet waar Carel eergister en eergisteraand was?”

“Hoekom?”

Linda geniet dit om met die jong, onervare joernalis te speel, haar hard te laat werk vir die inligting wat sy wil hê.

“Want ... want ek volg die storie op oor die susters se moord.”

“En dink jy Carel het iets daarmee te doen?”

“Uh, nee ... Ek doen net my werk. My nuusredakteur het gesê ek moet uitvind.”

“Het jy al op Carel se webblad gaan kyk?”

“Sy webblad? Hoekom moet ek op sy webblad gaan kyk? Wat het dit met die

moord te doen?”

Linda kan hoor hoe Blom se kop oortyd werk, hoe sy vir ’n oomblik dink Carel het alles beken en dit sommer op sy webblad gesit. Dat sy nou *Scoop* se scoop van die jaar gaan kry.

“Het dit iets met die moord te doen?” vra Blom, skielik skoon uitasem, honger vir die storie. “Hoekom moet ek op sy website gaan kyk?”

Linda lag hard.

“Want as jy op sy webblad gaan kyk het, sou jy gesien het dat hy eergisteraand in Nelspruit opgetree het. As hy dit kon regkry om in Nelspruit op te tree én twee moorde in Uitenhage te pleeg, het hy nog meer talente as wat ons gedink het.”

Blom voel soos ’n idioot. Sy het nooit daaraan gedink om na Carel se webblad te gaan nie. Inligting is die meeste van die tyd voor jou neus, jy sien dit net nie raak nie.

“Uh ... OK. Maar het hy weer kontak gehad met die susters? Is dit waar dat hy en die soapie actor Nico de Waal ’n ding aan het?”

Linda skud haar kop. Die joernalis het nie ’n clue nie. Sy het Nico se van verkeerd en glo seker diep in haar hart dat Linda haar mond sal verbypraat, dat sy inligting sal gee wat sy in haar opvolgartikel kan gebruik.

“Blommie, jy mors my tyd. Koebaai.”

Linda bel dadelik vir Carel.

“Soos ek gedink het. Daai Blom-girlie van *Scoop* het gebel om te hoor waar jy eergisteraand was. Jou gesê hulle gaan dink jy het die moord gepleeg,” sê sy met spot in haar stem.

“Wat?”

“Nee, man, dis OK. Ek het vir haar gesê jy was in Nelspruit. Dis ten minste iets aan ons kant. Hoe was die konsert?”

“Baie goed. Het amper 200 CD’s verkoop.”

“Great.”

“Dink jy daar gaan meer van die storie kom? Die moord op die susters?”

“ ’n Mens kan maar net hoop die polisie kry die skuldiges. Daar is ook soveel moorde wat nooit opgelos word nie. Wie weet? Sover ek weet, is daar ook nog niemand vir Tertia Viviers se moord gearresteer nie. Net nog iemand wat vir ’n selfoon keelaf gesny is.”

“Wanneer gaan dit ophou? Iewers moet daar tog ’n streep getrek word.”

“Die gaping tussen die haves en die have nots is te groot. En dit word ál groter. Voordat dit nie verander nie, gaan dit ál meer gebeur. Mense is honger en desperaat. Dan sorg ons nog vir duisende mense uit die res van Afrika.”

“Ja, ek het verlede week weer vir Beatrice ’n klomp geld oorbetaal Zim toe.”

“Jou hart is te goed. Ook maar ’n goeie ding jy het die geld om weg te gee. Jy sal nog die klere aan jou lyf weggee as iemand jou nie keer nie.”

“Dis net geld. Dis tog nie hoekom ek sing nie. Ek gaan dit nie saam met my kan vat as ek die dag lang boompies toe gaan nie. Ek maak eerder nou mense se lewens vir hulle makliker. Ek het meer as genoeg.”

“Carel Strydom, ek wens meer mense ken hierdie kant van jou. Het jy gehoor dit gaan goed met Anna de Lange? Het jy ook die e-pos gekry?”

“Ja, haar assistent het vir my gestuur.”

“Anna het lank haar pond vleis vir hierdie bedryf gegee, maar as dit nie vir mense soos jy was wat help betaal aan haar mediese koste nie, sou sy seker in die een of ander staatshospitaal met vuil lakens beland het,” sê Linda.

“Ten minste gaan sy ná die rugoperasie weer kan sing. ’n Neseier opbou vir haar oudag. Dis mense soos Anna wat die pad oopgemaak het vir mense soos ek. Ek was gelukkig. Ek was op die regte tyd op die regte plek. Maar toe Anna begin sing het, het Afrikaanse musiek nog aan die agterspeen gesuig. Hulle het honderde kilometers ver gery om vir R200 te sing. Dis my plig om mense soos sy te help.”

“Geseënd is jy onder die manne, Carel, geseënd is jy.”

“Linda, mense mag nie weet nie, asseblief,” sê hy. “Jy weet ek doen dit nie vir publisiteit of omdat ek wil hê mense moet dink ek is ’n goody two-shoes nie.”

“Ja, meneer privaat. Ek weet, jy weet, Anna weet en haar assistent weet. Hulle weet jy wil nie hê mense moet weet nie. Your secret is safe with us.”

Hy dink later hy doen dit omdat hy kan en omdat hy wil, maar ook omdat hy skuldig voel. Omdat hy hoop die geld wat hy uitdeel, sal die skuldgevoel smoor. Hy was gelukkig. Baie gelukkiger as die sangers voor hom. Ja, deesdae is daar ander wat so suksesvol soos hy is, maar hy kan hulle op sy een hand tel. Die meeste van die ouer garde, gróót name, het nog ’n “regte” werk gehad terwyl hulle gesing het. Twintig, dertig jaar gelede was dit ongehoord om ’n lewe uit

musiek te maak.

In die laat 1980's het Voëlvry en *Musiek en Liriek* gebeur en 'n paar kon dit waag om met musiek brood op die tafel te sit. Maar dit was nie 'n maklike lewe nie. Elke sent moes omgedraai word. Geld vir pensioen en mediese fonds en 'n eie huis koop was skaars. Hy dink aan 'n storie wat een van die ouer garde vir hom vertel het van 'n konsert baie jare gelede. Die man het die middag vroeër weggeglip by die werk, in sy kar geklim, van Johannesburg af Bloemfontein toe gery en ná die konsert weer in sy kar geklim en teruggery om die volgende dag betyds vir werk te wees. Wie van vandag se sangers sal dit doen? Daardie opoffering vir 'n paar rand maak?

Toe kom 2000 en alles verander. Daar was skielik 'n nuwe, honger gehoor wat nie genoeg kon kry van Afrikaanse musiek nie. Daar is mense wat sê dit was die mense se opstand teen die nuwe regime. Om hulle te wys: Ons is Afrikaans en ons gaan nie lê nie. Julle kan alles wegvat, maar julle gaan nie ons taal vat nie.

Elke dorp het sy eie fees gekry. Daar is feeste gehou vir die snoek en die patat, die walvis en die aalwyn. En op elkeen van die feeste was daar 'n verhoog. Deur die dag wannabees, in die aand die groot name. Mense het gestroom om te kom kyk.

CD's het die een ná die ander begin verskyn. Elke huis het 'n sanger gehad en almal het op die wa probeer spring. Tiksters het agente geword, bouers het musiekmaatskappye begin, die koster by die kerk het 'n fees gereël. Die woorde “die nuwe sangsensasie” is tot vervelens toe gebruik.

Die bedryf het floreer. Daar was elke maand minstens twintig nuwe uitreikings. Sommige opgeneem by klankateljees; ander het geklink of dit in iemand se garage opgeneem is. Van die musiek was oorspronklik, maar baie is geleen uit lande soos Duitsland en België. Gee dit bubblegum-lirieke wat rym in Afrikaans en 'n lekker beat, en die volk het gekoop!

Die media het ook ingekoop. Geskryf oor elke nuwe stem asof hulle in La Scala hoort. Voorblad ná voorblad, artikel ná artikel. Daar was van die sangers wat enigiets sou doen vir die publisiteit. Hulle het geheime vertel, geheime opgemaak, skandes gemaak, skandes probeer wegsteek.

Dit het 'n hele paar jaar goed gegaan. Die CD-rakke in die winkels was vol en dit was nie snaaks as die topverkoper in die land week ná week Afrikaans was

nie.

Toe begin die venyn. Die jaloesie. Die wedywing onder van die sangers en musiekmaatskappye. Die baklei om tog elkeen 'n stuk van die koek te kry. Gulsig en honger soos 'n groep varke om 'n trog.

Carel het net sy gang gegaan. Sy liedjies geskryf, sy konserte gehou. Hom probeer uithou uit die maalkolk. Hy was, en is nog steeds, mediasku. Net ja gesê vir onderhoude wanneer dit regtig nodig was. En dit het vir hom gewerk. Die feit dat hy nie elke week in 'n koerant of tydskrif was nie, is nie in sy verkope weerspieël nie. Hy het steeds verkoop, steeds besprekings vir konserte gekry.

Hy het vriende in die bedryf gehad, maar hulle was min.

Hy het gesien hoe die bedryf homself begin opvreet. Net 'n paar jaar gelede het musiekmaatskappye enigiemand wat twee note op 'n ry kon sing 'n kontrak aangebied. Deesdae faal meer van daardie CD's as wat enigiemand sal erken. Sangers wat groot verkoopsyfers behaal het, behaal dit nie meer nie. Om 20 000 CD's te verkoop en goue status te behaal, gebeur nog net met 'n paar. Om 40 000 te verkoop en platinumstatus te behaal, ál minder. Die dae van meer as 100 000 verkoop, is verby. Dít is net 'n paar beskore.

Carel besef hoe gelukkig hy is. Dat hy steeds 'n loopbaan het en dat mense hom nog ondersteun. Hy weet dit kan nie vir altyd hou nie. Hy is 34 jaar oud en vir hoe lank gaan hy nog van dorp na dorp kan gaan om te sing? Net die ander dag het 'n tienermeisie na hom toe gekom en gesê: “My ma is 'n groot fan van jou.”

As hy eerlik met homself was, as hulle álmal eerlik was, sou hulle geweet het die borrel moet die een of ander tyd bars.

Facebook

Riana Kruger

12 minutes ago

Hallo al julle mooi mensies! Hoe gaan dit vandag? Hier gaan dit voor die wind!!! Ek het baie goeie nuus. Ons het al die liedjies bymekaar vir my nuwe gospel album en daar gaan 'n paar verrassings wees. Ek het vi Carel Strydom gevra om 'n duet saammy te doen maar hy het nee gese. Ek wonder of die stories oor hom waar is? Dis seker nie reg vir 'n man in die kas om gospel te sing nie. Hie-hie.

Jan de Beer: Ek het nog altyd gedink hy is 'n moffie.

Chris Malan: Ek ook. Fyn mannetjie daai. Sal hom met een hou kan omdonner.

Santie Vos: Wat???? Is Carel skeef? Ek kan dit nie glo nie ek dink nie dis waar nie

Boela Verster: Ja Santjie jou hero hou van boude.

Santie Vos: Sies Boela dis lelik!

Gerrie Marais: Riana, gaan daar verrassings wees? Is dit dan 'n begrafnis? Bedoel jy nie verrassings nie?

Jan de Beer: Gerrie jy kom maak net weer moeilikheid. As jy nie hou van wat op Riana se profile aangaan nie, gaan weg. Daar is meer as 10000 van ons wat glo in Riana se saak en haar loopbaan ondersteun. Ons waardeur wat sy vir ons Volk en sy mense doen.

Riana Kruger: @Gerrie. As jy nie ophou om hier te kom karring nie gaan ek jou blok. Ek is nou moeg vir jou.

Gerrie Marais: Een twee drie blok jouself. Riana, hoe weet jy die stories oor Carel is waar?

Riana Kruger: Want die susters van Uitenhage het so gesê! Ek het dit nie uit my duim gesuig nie!!!! En nou is hulle nog dood ook.

Gerrie Marais: Een van jou probleme is dat jy alles glo wat jy lees. Haal net

jou kop so nou en dan uit die gat waarin dit is! Hierie land van ons het, met al sy probleme, nog baie meer wat vir hom gaan.

Jan de Beer: Gerrie jy praat kak.

Riana Kruger: Jy lewe in n droomwereld!!!! Kyk wat aan gaan. Dink jy die moordenaar van die susters gaan ooit gevang word. Het Carel nie dalk iets met hulle moord te doen nie?

Gerrie Marais: Nou maak jy vreeslike aantuigings. Weet jy dat jy vir naamskending aangekla kan word?

Riana Kruger: Ek gee nie om nie. Ek het genoeg mense wat my ondersteun.

Martjie Viljoen: Riana ons is lief vi jou en sal jou altyd ondersteun. Jy staan op vir ons Boere Volk en mense soos jy sal help dat afrikaans voort leef. Danqi!

Jan de Beer: Ek wonder ook of daai moffie sangertjie nie dalk die susters uit die pad wou kry nie. Het hy 'n alibi?

Riana Kruger: Hy was in Nelspruit maar hy ken seker baie mense ...

Gerrie Marais: Riana, as ek jy is, kry ek vir my 'n goeie prokureur.

Riana Kruger: Gerrie ek gaan jou BLOK!!!!

Santie Vos: Ek kan nog nie glo Carel is 'n moffie nie. Dis verskriklik.

“Hallo, dis Morné Naudé.”

“Morné, hallo, dis Linda Cronjé.”

“Hallo, Linda. Waarmee help ek?”

“Dis oor Riana se Facebook.”

“Ja?”

Linda sug. Dis ’n deel van haar werk wat sy nie geniet nie, maar sy word betaal om Carel te beskerm. En nou het Riana te ver gegaan.

“Ek weet nie of jy gesien het wat sy vandag op haar profile geskryf het nie? Iemand het gebel om ons te laat weet. Ek het met ’n prokureur gepraat en jy moet vir Riana sê sy moet alle kommentare oor Carel van haar blad haal.”

“Waarvan praat jy?”

“Gaan kyk soos ’n goeie bestuurder wat op haar blad aangaan. Dit is niks anders as laster en naamskending nie. Ons sal hierdie verder vat as ons moet, maar wil julle net eers die kans gee om dit reg te stel.”

“Dreig jy my?”

Jou arrogante poephol, dink Linda. Sy het nog nooit van Morné gehou nie. Hy dink nog steeds hy is die big shot wat hy eens was. Die tyd toe Simon Burger nog die liefling van Afrikaanse musiek was. Toe Morné sy gewig kon rondgooi en hiet en gebied nes hy wil.

“Nee, ek dreig jou nie. Ek vra net dat Riana alle kommentare oor Carel van haar blad moet haal. Moet ek die prokureursbrief laat stuur? Wil sy vir laster aangekla word?”

“En wat as sy dit nie wil afhaal nie?”

Jou poephol, wil Linda skreeu.

“Dan moet julle maar vat wat na julle kant toe kom.”

Morné gee ’n snork.

“Ek sal met haar praat.”

“Dankie. Ons hou die blad dop. As dit nie binne die volgende uur verwyder is nie, gaan ons die klag indien.”

“OK. Ek dink sy is net vies dat Carel nee gesê het vir die duet. Sy het regtig

daarop gebargain. Sy het 'n hit nodig.”

“Ek weet. Jy weet ek weet mos alles.”

“Ja, ek was ook eens op 'n tyd daar. Is Carel vanjaar by Allegro?”

“Ja, hy is.”

“Jy het nie dalk vir my 'n kontak nie? Die mense antwoord nie my e-mails nie. As ek bel, is daar niemand op kantoor nie. Jy sou sweer ek is melaats. Ek sal betáál om een van my artists op die program te kry.”

“Sover ek weet, is die lys vol. Jy moet maar weer volgende jaar probeer. Goed, ons praat hopelik nie vinnig weer nie. Ek hou Riana se Facebook dop. Een uur, Morné, ons gee julle een uur.”

“OK, dis af. Al die kommentaar. Ek wonder soms waar hierdie mense uitkruip?”

Linda het die afgelope uur die blad gelaai en weer gelaai. Twintig minute, en vele kommentaar op die blad later, is dit verwyder. Sy kan net dink hoe kwaad Riana nou is.

“Dankie, Linda. Wat het Morné gesê?”

Carel is in sy kar op pad Paarl toe vir 'n konsert. Alma, goeie getroue Alma, sit langs hom. Die foon is op luidspreker en sy kan elke woord van die gesprek hoor.

“Hy was natuurlik eers sy gewone hardegat self, maar ek dink hy het gehoor I mean business. Die arme fool doen sy bes om weer sy loopbaan op die been te kry, maar met mense soos Riana op jou boeke gaan jy nie ver kom nie. Hy het selfs gevra of ek nie vir hom 'n kontak by Allegro het nie. Poephol.”

Carel lag.

“Het jy al gehoor wie nog by Allegro gaan wees?”

“Nee, hulle het belowe hulle stuur vir my teen volgende week die lys. Nienkie is beslis weer in beheer van die musiek en hulle het gesê hulle wil hê jy moet minstens twee solo's en een duet doen.”

“Met wie is die duet?”

“Hulle het nie gesê nie. Nienkie werk glo nog aan die lys. Ek sal jou laat weet sodra ek hoor. Geniet vanaand se konsert. Is Alma by jou?”

“Ja, sy sit hier langs my.”

“Hallo, Linda!”

“Alma, hallo! Kyk jy nog mooi na ons man? Wanneer sien ons mekaar weer?”

Ek wil alles hoor!”

Carel kyk na Alma en hy kon sweer sy bloos.

“Seker een van die dae. Jy moet laat weet. Ek kan vir koffie kom as ons nie so besig is nie. Of as jy nie so besig is nie.”

Carel frons vir Alma, maar sy glimlag net.

“Dis reg so,” sê Linda. “Ek gee jou ’n lui. OK, baai! Veilig ry.”

Carel druk die foon dood en kyk na Alma.

“En dié bloesery?”

“Ek bloos nie!”

“Is, jy bloos! Vir wie is jy so skaam? Tog nie vir Linda nie?”

“Ag, man, los my uit. Jy karring nou net. Het jy al die video gesien?”

“Ah, verander die onderwerp,” trek hy haar siel uit. “Ja, Nico was gistermiddag daar by my. Dit lyk goed. Ek is tevrede. Nou moet ons dit nog net vir André wys, maar ek kan nie dink dat hy nie daarvan sal hou nie.”

“Great. Ek sien uit daarna om dit te sien. Wanneer laas het jy met André gepraat?”

“Ook gister. Ek sukkel nog om state te kry. Ek het gedink ek moet vir Fanie self vra. André is die laaste tyd baie beneuk. Ek weet nie wat sy storie is nie.”

Later die aand ry André by sy motoroprit in. Trek die X5 tot amper teen die motorhuis se deur en druk die knoppie op die afstandbeheerder om die deur oop te maak.

Hy gewaar uit die hoek van sy oog 'n beweging regs van hom. Kyk en skrik toe hy die balaklawasien sien.

Hy hoor die slag. Die eerste skoot laat die ruit in stukke spat. Hy probeer die kar in trurat kry. Kyk af en vat vervaard aan die rathefboom.

Ek bloei, dink hy. Daar is 'n brandpyn in sy arm. Ek moet wegkom, ek moet wegkom ...

Hy hoor 'n asem naby hom. Hulle skiet nou deur die oop venster, dink hy. Hoekom kan hy nie die kar in trurat kry nie! Vir 'n breukdeel van 'n sekonde wonder hy of hy sal kan weghardloop. Ek moet wegkom, ek moet wegkom ...

Die tweede en derde skoot klap kort ná mekaar.

Sy skouer voel of dit ontplof. Met die derde skoot ruk sy lyf. Dis laer af, dink hy. Hy voel die pyn in sy arm en skouer, maar die laaste skoot het laer getref. Hy voel hoe warm bloed teen sy lyf afsypel.

Hulle het my gekry, dink hy. Hulle het my gekry en hulle geld kom haal. Dis dan hoe dit eindig ...

“Carel? Dis Natasha. Ek is jammer om so laat te bel. Ek ... ”

Natasha begin huil.

“Natasha, wat is dit?”

Carel het pas by die huis gekom van die konsert in die Paarl. Hy het vir Alma by haar woonstel afgelaai, gaan melk koop en toe huis toe gekom.

“Dis André. Hy ... Iemand ... Die dokters weet nie of ... ”

“Natasha, wat gaan aan? Haal asem. Kalmeer. Ek kan nie help as ek nie weet wat fout is nie.”

“André is geskiet. Vanaand toe hy by die huis kom. Die polisie ... die polisie is nie seker wat gebeur het nie, maar sy kar is weg. Hulle dink dit was ’n hijacking. Die bure ... Dit was die bure ... Hulle het die skote gehoor en die armed response gebel.”

“Liewe bliksem! Waar is André nou? Is hy OK?”

“Nee, hy is nie OK nie. Hy is drie keer geskiet. Hy’s by die Christiaan Barnard Memorial.”

Natasha begin weer huil.

“Wanneer het jy gehoor?”

Sy snuif.

“Die polisie het my net ná tien gebel. My nommer is André se ICE-nommer. Jy weet, in case of emergency?”

“Waar is jy nou?”

“Ek is by die hospitaal. André is in die teater. Die dokter het gesê hy het baie seergekry. Hulle weet nie of hulle iets vir hom kan doen nie.”

Sy begin weer hard huil.

“Wag net daar. Ek kom.”

Natasha sit in ’n bondeltjie toe hy by haar kom. Verwese en vaal met maskara wat swart vlekke onder haar oë gemaak het.

“Carel!” roep sy uit toe sy hom sien. “Dis verskriklik! Wat as hy dit nie maak nie? Wat gaan van ons word? Wie sal so iets aan André doen?”

Sy begin weer huil.

“Ek weet nie, maar André was dalk net op die verkeerde tyd op die verkeerde plek. Dalk is dit nie oor hom nie, maar oor die kar. Was die polisie al hier? Het jy André se familie laat weet?”

“Die polisie was nog nie hier nie en ek het André se broer in Pretoria gebel. Hy sal die tannie, sy ma, laat weet. Ek dink die broer gaan afvlieg. Ek is nie seker nie.”

“Ek sal hier by jou wag tot die dokters uitkom. Kan ek vir jou iets kry? Water? Koffie?”

“Koffie sal lekker wees, dankie.”

Twee uur later het 'n dokter met hulle kom praat. Een van die koeëls is deur André se arm, nog een deur sy skouer, maar die een wat die meeste skade aangerig het, is die een wat deur sy een long is.

“He’s in ICU and we will monitor him closely, but it is a miracle he’s alive. He has lost a lot of blood. They shot to kill him, not to hurt him.”

“Thank you, doctor. Can we see him?” vra Carel.

“No, go home. Does the sister have your numbers? We will phone if there is anything.”

Carel het aangedring om agter Natasha aan te ry na haar woonstel toe. Hy het saam na haar deur toe gestap en seker gemaak sy is veilig.

Terug by die huis het hy vir hom 'n whisky geskink en daarmee in die donker sitkamer gaan sit. Hy kon dit nie glo nie. Jy hoor altyd van ander mense met wie dit gebeur. En hier het dit nou met iemand na aan hom gebeur. Wat as André dit nie maak nie? Wat gaan met Encore gebeur? André was nog altyd so trots daarop dat Encore 'n eenmansaak is. Dat hy al die toue bymekaarhou. Wat nou? Wat gebeur as die een wat die toue vasgehou het nie meer daar is nie? Wie doen dit dan?

“Sien jy kans vir vanaand?”

“Ek moet seker.”

“Ek is seker hulle sal verstaan as jy kanselleer.”

“Nee, ek wil dit doen en oor en verby kry.”

Carel het al vergeet van vanaand se ete met die vrou van Moorreesburg. Hy gaan dalk nie goeie geselskap wees nie, maar wat klaar is, is klaar.

Hy het ná ’n rustelose nag vanoggend vroeg hospitaal toe gebel. Die paraat suster wou eers weet of hy familie is en hy het toe ’n wit leuen vertel en gesê hy is. Sy het gesê daar is nog geen verandering nie en dat André nog onder verdowing gehou word. Hy het vir Natasha gebel en vertel wat die suster gesê het. Natasha het aangedring om die dag kantoor toe te gaan en hy het gesê hy sal later ’n draai kom maak.

“Die koerante sal seker die storie optel, maar moenie met enigiemand praat nie. Verwys hulle eerder na my. Ek sal met Linda praat en hoor of sy dan die res van die mediaskakeling vir ons sal doen.”

“Dankie, Carel. Ek weet nie wat ek sonder jou sou doen nie.”

“Toemaar, ons sal hierdeur kom. Ons kom mos al ’n lang pad saam.”

Net ná tien het sy foon gelui.

“Hallo, Carel. My naam is Sophia Lategan. Ek is by *Die Burger*. Ons het gehoor van André. Ek wil net laat weet dat ons vanaand kan kanselleer as jy wil.”

“Nee, ek het vir Linda gesê ons kan voortgaan. Ek het vanoggend met die hospitaal gepraat en daar is nog geen verandering by André nie, maar ek dink dis goeie nuus. Hy het dit deur die nag gemaak. Nou moet ons net hoop hy trek deur.”

“Is jy seker jy wil vanaand gaan? Almal sal verstaan ... ”

“Nee, ek sal dit doen. En my bes doen om goeie geselskap te wees.”

“Jy sien kans vir baie. Jy en André ken mekaar al lank?”

“Ja, ek het baie aan hom te danke. Dis hy wat my gebring het waar ek vandag is.”

“Weet julle al of dit net ’n gewone kaping was?”

“Wat bedoel jy met ’n gewone kaping? Is daar dan ’n ander soort?”

“Wat ek bedoel – was daar nie iemand wat iets teen André gehad het nie? Hom dalk uit die pad wou kry nie?”

“Nee, nie wat ek van weet nie. Ek is seker dit was net ’n kaping met slegte gevolge.”

“Ek is jammer vir julle wat naby aan hom is. Dis ’n vreeslike ding om deur te maak.”

“Ja, ek kry sy familie net so jammer. Ek weet hy was nie baie familievas nie, maar ’n mens se familie bly jou familie.”

“Seker. Luister, ek weet dis ’n moeilike tyd, maar ek moet ’n storie vir môre se koerant oor die kaping doen. Sal jy asseblief vir my ’n sin of twee gee? Wanneer jy gehoor het, wat jy meer weet en so.”

“Kan ek vir Linda – my agent, ek dink julle het al gepraat –vra om iets vir jou te mail? Ek sal haar nou bel.”

“Dankie. Goed, dan sien ek jou vanaand sesuur by Moyo. Weet jy waar dit is?”

“Ek weet. Hoe sal ek julle herken?”

“Dis nie nodig nie. Ons sal jou herken,” lag sy.

Linda was reg. Sophia is nice. Hy het deur die jare geleer om ’n pantser op te bou teen joernaliste, maar dalk is sy anders. Dalk is sensasie nie al wat sy najaag nie.

Hy het elfuur by Encore se kantore aangekom. Natasha het agter haar lessenaar gesit, maar Carel kon sien sy is nie haarself nie.

“Is jy OK?”

“Nee, seker nie,” het sy gesê. “Arme André. Dat so iets nou met hom moet gebeur.”

“Het jy weer van die polisie gehoor?”

“Ja, hulle was netnou hier. Baie vrae gevra. Hulle het die kar se registrasie en weet daar is ’n opsporingstelsel in, maar hulle kon nog niks gekry nie.”

“Het jy vir die joernalis van *Die Burger* my nommer gegee?”

“Ja, ek het. Mag ek?” vra sy verskrik.

“Ja, ek het mos gesê jy moet. Dis alles reg. Ons sal hierdeur kom. Is Fanie op

kantoor?”

“Ja, hy is hier. Hy is net so geskok.”

Carel stap af in die gang na Fanie se kantoor. Fanie is iemand wat jy selfs tussen tien mense nie sal raaksien nie. Vaal hare, vaal klere wat sy ma seker vir hom koop – vaalbruin hemp, vaalbruin broek, vaalbruin skoene.

“Hallo, Fanie. Hoe gaan dit?”

“Hallo, Carel. Dis ’n verrassing. Ek sien jou so min. Nee, dit gaan seker goed onder omstandighede. Dis vreeslik van André, nè?”

“Ja, dit is. Is jy OK? Kan jy aangaan met jou werk?”

“Ja wat, hier is altyd iets wat ek kan doen.”

“Het jy al weer die stelsel aan die gang gekry? Ná die crash?”

“Watter crash?”

“André het gesê jou rekenaar het gecrash en dat jy gesukkel het om al die ou data te kry.”

“Nee, daarvan weet ek nie,” sê Fanie en frons.

“André het gesê dis hoekom ek die laaste paar maande nie state gekry het nie.”

“Nee, nou verstaan ek glad nie. Ons het hier op kantoor op André se aandrang ’n paar veranderinge gemaak, maar ek het nie probleme met my rekenaar gehad nie.”

“Watter veranderinge?”

“Ek het mos altyd vir julle die state gestuur en die betalings gedoen, maar André het so vier maande gelede gesê hy wil meer beheer hê. Gesê ek moet die verspreidingsouens en die ander verskaffers betaal, maar dat ek jou en die ander sangers se bedrae in sy rekening moet oorbetal. Hy sou dan vir julle die state en die betalings stuur. Het jy nie geweet nie?”

“Nee, ek het nie.”

Daar is iets wat aan Carel knaag, maar hy weet nie wat nie. Hy weet net hier is fout. Iets maak nie sin nie.

“Sorry, ou Carel, man. Gedink jy weet. Wanneer laas het jy ’n staat gekry?”

“Seker so twee, twee en ’n half maande gelede.”

“Dis nie reg nie. Ek stuur nog altyd op die 25ste van elke maand vir André die state. Wanneer laas het jy betaling gekry?”

“Ook omtrent toe.”

Carel en Fanie kyk vir mekaar. Al twee weet instinktief ...

“Het jy toegang tot André se persoonlike rekening?”

“Nee, het net die rekeningnommer waarheen ek die geld oorbetaal. Dit was die laaste tyd groot bedrae omdat jou CD so goed doen. Ek kan dit nie glo nie. Waar dink jy is die geld?”

“Ek weet nie. Net een man weet en dis André.”

“Ek het gehoor,” sê Nico ’n bietjie later oor die foon. “Dis fokken verskriklik. Het hulle al leide?”

“Nee, nog niks.”

Carel kan nie besluit of Nico regtig ontsteld klink nie. Hy weet Nico het nie veel ooghare vir André nie.

“Waar is jy?” vra Nico.

“Ek kom van Encore se kantore af. Ry nou huis toe. Ek moet vanaand gaan eet saam met die mense van *Die Burger* en die vrou wat die kompetisie gewen het.”

“Arme jy. Are you up for it?”

“Ek sal dit eerder verbykry. Vanaand is seker net so ’n goeie aand soos enige ander. Luister, met André in die hospitaal het ek besluit ek en jy moet die video finaliseer en dit vir Linda gee om vir die TV-stasies te stuur.”

“Jy dink?”

“Ja,” sê Carel. “Ek is tevrede en ek glo André sal ook wees. Sal jy dit teen Donderdag kan regê? Ek sal by Linda hoor, maar ek dink ons het vyf kopieë nodig.”

“Dis reg. Ek kry dit vir jou reg. Is jy regtig tevrede?”

“Ja, jy het ’n goeie job gedoen. Stuur vir my die faktuur vir die res van die werk. Ek sal dit vir Fanie stuur sodat hy jou kan betaal.”

“Dankie, Carel. En oor die ander geld ...”

“Ek het mos vir jou gesê, betaal dit terug wanneer jy kan. Ek is nie haastig nie.”

Hy gaan sy bes doen, maar Carel weet vanaand gaan ’n foltering wees. Hy gaan stort, trek aan. Kam sy hare en borsel sy tande.

Hy vat sy sleutels en stap na sy kar toe waar dit in die motorhuis staan.

Hy ry met die hobbelrige kuspadd van Melkbos na Eden on the Bay. Parkeer sy kar en stap na die eetplek toe. Kyk rond toe hy by die ingang kom. 'n Mooi vrou met ligbruin hare kom nader.

“Hallo, ek is Sophia Lategan. Stap saam, ons tafel is hier om die draai.”

Sy ken sy bewegings al so goed. Sy weet hy het nie vanaand 'n konsert aan nie – hy is baie puntenerig en al sy konserte, selfs privaat- of korporatiewe konserte, is altyd op sy webblad.

Sy het op die strand gaan sit. Haar lyf so gedraai dat sy die voorkant van sy huis kan sien. Sy het gesien dat hy die stoep- en sitkamerligte aangeskakel het. Gesien hoe hy dieper in die huis instap. Later het hy in die sitkamer gestaan en sy kon sien hy het ander klere aan.

Hy gaan uit vanaand, het sy besef. Sy het opgespring en na haar huis toe gehardloop. Die hekkie wat haar voortuin en buitedeur en die strand skei, oopgepluk. Die skuifdeur met 'n bewende hand oopgesluit en by haar huis ingehardloop. Sy het haar handsak gegryp en na die motorhuis gegaan. Sy het haar kar uitgetrek en gewag.

Tien minute later het hy uitgetrek en links gedraai. Sy het 'n halfminuut gewag en toe agter hom aan gery.

Waarheen gaan hy? het sy gewonder.

By Eden on the Bay het sy 'n paar plekke van hom parkeer. Eers gewag dat hy uit sy kar klim en toe gevolg.

Sy het gesien hoe die jong vrou hom by die ingang ontmoet.

Ek hou nie van jou nie, het sy dadelik besluit. Bly weg van Carel. Hy is my Carel.

Die aand is toe nie so 'n foltering soos hy gedink het dit gaan wees nie. Magdel Hanekom hou met haar bry en stories die geselskap aan die gang. Lag hard toe een van die kelnerinne haar gesig vol wit kolletjies kom verf.

“Oe, my man moet my nou sien! Foei tog, hy sit hier anderkant stoksiel op sy eie en eet. Hy wou homself nog hier inwurm, maar ek het gesê vanaand is my aand. Hy moet net sorg dat ek weer veilig by die huis kom,” sê sy.

“Is jy 'n groot aanhanger van Carel?” vra Sophia.

“Die grootste! Ek het die eerste CD al daardie jare gelede by die KKNK gekoop toe niemand nog geweet het wie hy is nie. Die CD so baie gespeel dat ek dit déúr gespeel het. Moes later nog een koop. Ek mis ook nie sommer 'n konsert nie. My man het al gesê hy dink partykeer ek is liewer vir Carel as vir hom,” sê sy en lag weer uit haar maag uit. “Maar Carel sal nie vir 'n ou tannie soos ek gaan nie, sal hy?”

Carel glimlag.

“As ek maar net 'n goeie vrou soos jy kan kry!”

“Hartjie, moet ek help soek? Daar is 'n paar pragtige meisies in ons kontrei. Ek kan selfs so ver as Piketberg en Malmesbury soek. My niggie het hoeka so 'n mooi dogter. Jy moet net sê.”

“Dankie, ek sal dit in gedagte hou. Ek belowe – as ek sien ek kom nie self reg nie, is jy die eerste een wat ek gaan bel.”

“Doen dit! 'n Mooi man soos jy kan nie alleen deur die lewe gaan nie,” sê Magdel.

Sophia kyk na Carel. Sy is beïndruk met hoe mooi hy met Magdel praat. Hy is op sy gemak en dit lyk nie of hy haastig is om huis toe te gaan nie. Hy kyk nie rond of daar iets meer opwindends êrens anders aangaan nie en gee Magdel al sy aandag. Toe die kelnerin gekom het om hulle bestelling te neem, het hy gesê hulle is nie haastig nie en sy moet hulle nog so tien minute gee. Sy kan sien Magdel blom onder die aandag.

Toe hulle klaar geëet het, verskoon Magdel haarself en gaan badkamer toe. Die fotograaf, wat klaar die foto's van Carel en Magdel geneem het, groet en

gaan huis toe.

Sophia kyk vir Carel, amper bang om vrae te vra wat hom sal laat toeslaan.

“Het jy al weer gehoor hoe dit met André gaan?” begin sy versigtig.

“Ja, ek het hospitaal toe gebel net voor ek gekom het. Dit gaan ’n bietjie beter met hom, maar hy is nog onder verdowing en in ICU.”

“En het die polisie enige leidrade?”

“Nog nie. Die kar kon nêrens gevind word nie. Hulle dink die opsporingstelsel is uitgehaal. Dit lyk soos mense wat weet wat hulle doen.”

“Ek hoop dit gaan gou beter met hom. Dit moet vir julle almal ’n skok wees,” sê Sophia.

“Jy wil nie weet nie. Ek het net weer besef hoe belangrik dit is om jou dinge altyd in orde te hê.”

Sy kyk vraend na hom, maar Magdel kom aangestap en neem weer die geselskap oor met al haar vrae en komplimente vir Carel.

Skuins ná tien is die kuier verby. Carel en Sophia stap saam met Magdel om haar man te ontmoet, en ook daar moet Carel eers staan sodat Sophia foto’s met Magdel se mik-en-druk van haar, haar man en Carel kan neem.

“Carel, jy is alles wat ek gedink het jy is en meer! Ek is baie lief vir hierdie ou man van my, maar ek belowe as ek twintig jaar jonger was, het ek jou gejaag tot in die see,” sê Magdel en lag.

Carel draai na haar man.

“Jy het ’n baie goeie vrou. Ek hoop jy waardeer haar.”

Jan Hanekom lag.

“Ja, ek was gelukkig om haar te kry. Ons is een van die dae veertig jaar getroud – op 7 Augustus – en ek dank die Here elke dag vir haar.”

Toe hulle hand aan hand wegstap, draai Carel na Sophia.

“Sal jy vir my hulle huisadres kan kry?”

“Ja, ek is seker ek kan. Hoekom?”

“Ek wil vir Linda vra om vir hulle blomme te laat aflewer met die huweliksherdenking. Dis iets wat gevier moet word.”

Sophia glimlag.

“Romantiese siel. Wie sou dit kon raai?”

“Asseblief, dis net tussen jou en my. Moenie daaroor skryf nie.”

“Ek belowe ek sal nie. Dis net dat ek in hierdie paar uur besef het dat mense

nie die regte Carel Strydom ken nie.”

Carel kyk vir Sophia, glimlag.

“Dit kan maar so bly ook.”

“Hoekom is jy so mediasku?” vra sy.

“Want ek sing nie om in die media te wees nie. Ek weet ek het julle nodig, maar hoe minder, hoe beter. Niks persoonlik teen jou nie.”

“Nee, natuurlik nie. Ek het net gewonder. Daar is van die sangers van wie ’n mens omtrent weet wat hulle skoengrootte is, maar van jou weet ons eintlik so min.”

“Pas my goed,” sê hy en glimlag. “Dalk is my lewe nie so opwindend nie. Dalk is dit ’n goeie ding dat mense so min van my weet.”

“Hoe kry jy dit reg? Ek bedoel, hoe kry jy dit reg om jou privaatlewe uit die media te hou?”

“Dis eintlik nie so moeilik nie. Ek doen nie baie onderhoude nie en wanneer ek dit doen, praat ek oor my musiek. En dan het ek natuurlik vir Linda en Alma wat my oppas. Linda die über-agent en Alma die moederhen wat sorg dat alles glad loop. Ek weet nie hoekom ek so gelukkig was om hulle te kry nie. Hulle maak my lewe baie maklik.”

“Jy is gelukkig. Wil nie name noem nie, maar die bestuurder van ’n sangeres het my onlangs gebel met ’n storie wat my laat bloos het. Jy sal nie glo wat mense sal doen vir publisiteit nie.”

“Ek weet. Dis hartseer. Wat het jy toe met die storie gedoen?”

“Dis nie gebruik nie. Ek dink steeds daar is dinge wat eerder nie geskryf moet word nie. Of as jy wil hê mense moet dit weet, moet jy dit maar vir ’n ander joernalis gaan vertel, nie vir my nie.”

Carel kyk vir haar.

“Daar is nie baie van jou soort nie. Skandes verkoop dan so goed.”

“Ek weet, maar ek sal eerder bekend wil wees as ’n joernalis met integriteit as een daarsonder.”

“Ek sal dit onthou as ek die dag my hart wil oopmaak,” sê Carel en dink dalk is dit tyd. As hy dan nou met die hele sak patats wil vorendag kom, laat dit ten minste teenoor ’n joernalis wees wat hy kan vertrou. Maar sy sak patats gaan nie net oor hom nie. Daar is soveel mense om in ag te neem. Mense wat net soveel daaronder gaan ly.

“Nou maar toe. Baie dankie weer vir vanaand. En ek hoop dit gaan beter met André.”

“Dankie vir jou en al jou reëlins. Ek dink Magdel was die regte medisyne. Net wat ek nodig gehad het. Kan ek saam met jou stap na jou kar toe?”

“Dankie, dit staan net hier om die draai.”

Hy hou vir haar die deur oop en wag tot sy gery het. Dan draai hy om na sy kar toe en klim in om huis toe te gaan.

Sy gaan moet uitvind wie die jong vrou is. Sy vermoed sy is die joernalis wat die storie doen oor die vrou wat die prys in *Die Burger* gewen het. Sy het gesien hoe die fotograaf foto's van Carel en die ouer vrou neem. Sy het op en af voor die restaurant gestap en so onopsigtelik moontlik probeer lyk. Gelukkig was dit 'n mooi aand en was die promenade vol mense.

Sy het later op 'n stoel by 'n aangrensende restaurant gaan sit. Koffie bestel. Sy was vies dat sy nie 'n baadjie saamgebring het nie. Dit was koud en haar hande het gebewe.

Hier sal ek sit tot hy uitkom. Ek moet weet dat Carel huis toe gaan. Dat hy nie saam met die flerrie gaan nie. Sy weet hoe vroue hulleself vir hom gooi. Sy het dit al met haar eie oë gesien. Hierdie een sal nie naby hom kom nie. Daarvoor sal sy sorg.

Sy was verlig toe Carel eindelijk in sy kar klim en terug Melkbos toe ry. Sy het haar volgafstand gehou en toe hulle om die draai in Visvangerlaan ry, het sy gesien hoe hy indraai by sy huis.

Sy het in die bed gaan klim, maar kon nie dadelik aan die slaap raak nie.

Ek hou nie van daardie flerrie nie. Ek hou nie van haar nie.

Hy skakel sy stoeplig af en maak seker die deure is gesluit. Gaan sit by sy rekenaar en gaan dadelik na Nuus24. Daar is 'n storie oor André se kaping, maar daar is niks nuwe nuus nie. Die polisiewoordvoerder sê net die saak word opgevolg.

Daar is 'n rits kommentaar van lesers wat kla oor die land en die misdaad wat oral kop uitsteek. Hoe alles besig is om ten gronde te gaan. Klagte op klagte oor die polisie wat nie hulle werk doen nie en die regering wat net toekyk hoe alles verval.

Wanneer gaan dit ophou? wonder Carel. Wanneer gaan mense, álle mense, in Suid-Afrika weer veilig in hulle huise voel? Hy is gelukkig. Melkbosstrand is een van die veiligste plekke in die Kaap, maar ook hier het hy onlangs gehoor van 'n klomp inbrake.

Hy ken nie juis sy bure nie. Die huis aan die een kant is 'n ryk advokaat van Johannesburg se vakansieplek. Aan die ander kant is 'n afgetrede paartjie wat groet wanneer hulle hom sien, maar hulle ken mekaar nie juis nie.

Dit pla hom nie. Hy is min by die huis en wanneer hy daar is, hou hy van sy eie tyd. Kluisenaar Carel, dink hy. Mense dink dalk hy glo hy is beter as hulle of dat hy windgat is, maar hy het al geleer dat jy min mense kan vertrou. Hy is tevrede met die paar in sy lewe. Hoe minder mense die binnegoed van sy lewe ken, hoe beter.

Hy staan op en gaan maak vir hom 'n beker Milo. Gaan sit weer by sy rekenaar en kyk wat op sy Facebook-profiel aangaan.

Lekker aand by Moyo in Blouberg gehad saam met Magdel Hanekom, die wenner van 'n kompetisie in Die Burger. Ek is nog baie geskok oor André se kaping en dankie vir al die ondersteuning. Ek sal julle op hoogte hou, skryf hy op sy blad.

Dis al ná halfelf, maar daar is dadelik reaksie. Dis asof daar mense is wat die hele dag sit en wag vir hom om aanlyn te gaan.

Daar is weer boodskappe van bemoediging en nog kommentaar oor die misdaad in die land. So hier en daar 'n vraag oor 'n konsert wat hy beantwoord.

Elfuur skakel hy die rekenaar af, maar hy is nog nie lus om in die bed te klim nie.

Hy gaan sit in sy gunstelingstoel in die sitkamer. Dis skuins gedraai en kyk uit op die strand en die see wat blink in die maanlig.

Hy dink aan toe hy 'n kind was en hoe hy sommige aande uit die huis gevlug en op die strand gaan sit het en net vir die see gekyk het. Die moeilike jare. Daardie jare wat geen kind ooit moet deurmaak nie.

Hy was maar altyd 'n alleenkind. Nie net was hy sy ouers se enigste nie; hy het ook toe al geleer dat as jy min mense om jou het, is daar minder mense wat sal weet wat in jou lewe aangaan. Maar mense hét geweet. Mense het altyd geweet.

Sy pa was 'n harde man. Carel het altyd gewonder hoe sy pa dit reggekry het om 'n vrou soos sy ma te kry. Sy was liefdevol en sag. Sy was die een wat vir Carel boeke gelees en stories vertel het. Sy was die enigste een in sy hele lewe wat vir hom lief was, werklik lief was.

Sy pa het gesukkel om 'n werk te hou. Hulle het van een Weskus-dorpie na die ander getrek. Altyd agter werk aan. Dit het vir 'n rukkie goed gegaan, maar dan het die duiwel in sy pa se kop weer begin praat. En het sy vuiste weer gesorg dat die arm Strydoms nog armer word.

Geld vir drank was daar egter altyd. Die laaste ding wat 'n man met 'n duiwel in sy kop moet doen, is om te drink. Maar dit het sy pa nie gekeer nie. Drank het die duiwel aangewakker. Hom nog kwater gemaak. Eers was dit meubels en breekgoed wat dit ontgeld het, maar later was dit nie meer genoeg nie.

Carel was agt jaar oud toe sy pa die eerste keer aan sy ma geslaan het. Voor hom. Skaamteloos. Hy het sy regterhand teruggetrek en haar deur die gesig geklap. Hard. Toe sy ma omval, het sy pa haar opgepluk en haar wéér geklap. En wéér.

Hy het gegil. Gesê sy pa moet ophou. Later met sy lyfie oor sy ma gaan lê. Eers tóé het sy pa ophou slaan.

Maar dit was nie die laaste keer nie. Nog lank nie die laaste keer nie.

Die beloftes was daar. Dit sal nooit weer gebeur nie. Nooit nie. Hy is lief vir haar, dit sal nooit weer gebeur nie. Maar dit het. Weer en weer en weer tot daar van sy ma se siel niks oor was nie.

Hy was twaalf toe hulle in Saldanha gekom het. Sy pa het los werkies gedoen,

so nou en dan 'n kontrak by die staalfabriek gekry. Sy ma het alles in haar vermoë gedoen om die vrede te bewaar. Met tye het dit goed gegaan, maar dis asof sy ma kon vóél wanneer daar moeilikheid kom. Sy was dan nog meer in haarself getrek en smiddae wanneer hy by die eetkamertafel gesit en tuiswerk doen het, het sy op haar bed gelê met die gordyne toegetrek.

Die skuldgevoel het aan hom gevreet. Hy was sy ma se seun, hy moet haar beskerm. Daar was kere dat hy probeer het, maar sy ma het altyd gesorg dat sy die een is wat die hardste houe kry. Ander tye het sy vir hom geskreeu hy moet weg, strand toe.

Wanneer hy later by die huis gekom het, het hy sy ma probeer troos. 'n Koue waslap gehou teen die hale wat oor haar lyf en gesig gelê het. Sy het hom met hartseer oë aangekyk en die hele tyd gesê: “Ek is jammer, ek is jammer, ek is jammer.” So asof hy die een was wat seergekry het.

Carel was veertien, en amper so lank soos sy pa, toe sy pa die eerste keer aan hom geslaan het. Iets het daardie dag in hom geknak.

“Dis reg! Slaan aan my. Slaan eerder aan my, maar jy gaan nou ophou! Jy slaan nie weer aan Ma nie!”

“Wie is jou jy? Het jy nie respek vir my nie? Ek is nie jou fokken jy nie!”

“Hoe kan ek vir jou respek hê?” het Carel geskreeu.

Die volgende vuishou het hom teen die ken getref en vir 'n oomblik was dit donker voor sy oë. Carel het effens gestruikel, maar regop gebly. Gedink sy pa sal hom nie omslaan nie. Hy sal hom nie daardie bevrediging gee nie.

Hy het regop gekom. Voor sy pa gestaan en hom vas in die oë gekyk.

“Slaan! Toe, slaan! Jy kan maar aan my slaan, maar jy raak nie weer aan my ma nie.”

Sy pa het weer 'n hou gemik, maar Carel het gekoes.

“Jou bliksem! Staan stil!”

“Ek sal nie. En jy sal nie weer aan my of aan Ma slaan nie! Jy sal nie weer aan Ma slaan nie.”

Dit was asof dit op daardie oomblik 'n mantra geword het – jy sal nie weer aan my ma slaan nie, jy sal nie weer aan my ma slaan nie, jy sal nie weer aan my ma slaan nie ... Hy sou dit duisend keer gesê het as hy geweet het dit sou help.

Carel se ma het nader gestaan, probeer tussenbeide tree.

“Sag, julle. Die bure hoor julle.”

“Fok die bure!” het sy pa geskreeu en skielik vooroor gekom om sy ma te gryp.

Carel het voor hom inbeweeg, sy lyf gebruik om sy ma te beskerm.

“Jy los haar uit! Loop! Jy beteken in elk geval niks nie. Niks nie!”

Sy pa het sy arm laat sak. Vir Carel aangegluur. Hy kon die duiwel in sy pa se oë sien.

“Lekker windgat, nè? Rammetjie-uitnek mannetjie wat dink hy kan sy mammi beskerm. Mamma se seuntjie. Mamma se ou moffie-seuntjie. Wat sal van julle word as ek moet loop? Julle sal fokken krepeer!”

“Enigiets sal beter wees as om die hele tyd te lewe in ’n huis waar jy nie van een dag tot die volgende weet wat gaan gebeur nie. Jy is ’n loser! ’n Sukkelaar en ’n loser! Ek haat jou!”

Sy ma het weer iets probeer sê, maar stilgebly.

Sy pa het na hom gekyk. Toe na sy ma.

“Julle het my lewe opgefok,” het sy pa gesê. “Ek kon iets van my lewe gemaak het. Maar julle was soos twee luise wat op my geteer het. Elke laaste druppeltjie bloed probeer uitsuig. Ek het fokken genoeg gehad.”

Hy het omgedraai en uitgestap.

Toe daar later die aand ’n klop aan die deur was, het Carel geweet dit was nie goeie nuus nie.

Die jong polisieman het onbeholpe gelyk toe hy vertel van die bakleiery in die kroeg. Dat dit glo sy pa was wat dit begin het. Hy is daar weg, bebloed en strompelend. Iemand het gehoor hy het gesê hy gaan stap tot by die Weskuspad en dat hulle hom nooit weer gaan sien nie.

Die pad was donker en die vragmotorbestuurder het die dronk man te laat gesien. Hulle dink hy is op slag dood.

Daar was net vier mense by die begrafnis – hy, sy ma en twee van sy pa se drinkebroers.

Hulle lewens was daarna rustiger. Sy ma het werk gekry by die viswinkel op die dorp. Die salaris was min, maar hulle kon oorleef.

Sy ma het weer ’n vonkel in haar oog gekry en die merke waar sy pa se houe geval het, het al hoe ligter geword.

Vir sy sestiende verjaardag het sy vir hom ’n tweedehandse kitaar gekoop.

Hy het matriek geskryf, maar wou nie sy ma alleen los nie. Vir verder studeer was daar in elk geval nie geld nie. Hy het by die visfabriek begin werk, eers as pakker, later as vragmotorbestuurder. Tussendeur het hy homself leer kitaar speel. Sy eerste liedjie het hy geskryf toe hy negentien was, maar hy was te skaam om dit vir enigiemand te speel.

Hy het aanhou skryf. Later meer selfvertroue gekry. Sy ma het sy klankbord begin word. Sy sou stil sit en luister en alles was vir haar mooi.

“Mamma is baie trots op jou. Dat jy met alles wat gebeur het hierdie mooi goed kan skryf,” sou sy sê.

Hy het begin droom van ’n musiekloopbaan, maar waar begin ’n mens? Wie sal tog vir hom ’n kans gee?

Vakansietye het hy by die hotel gaan speel vir ’n paar rand. Hy het gespaar en later sy eie klankstelsel gekoop – twee luidsprekers en ’n klein mengbord.

Al doen ek net dit vir die res van my lewe, sal ek gelukkig wees.

Sy ma was 44 jaar oud toe sy die knop in haar bors gevoel het. Die behandeling het eers gehelp en die kanker het in remissie gegaan. Maar toe dit terugkom, het dit met mening teruggekom. Lewer, rug, brein ... Ses weke ná die laaste vonnis is die begrafnis gehou.

Net voor haar dood, toe sy aan die hospitaalbed vasgekluiser was, het sy sy hand gevat en gesê: “Jy moet onthou jou pa was lief vir jou. Hy kon nie help nie. Hy het self baie swaar grootgeword. Hy wás lief vir jou. Hy was lief vir my ook. Hy het net nie geweet wat om met die liefde te maak nie.”

Carel dink baie aan sy ma se woorde. Weet enigiemand wat om met die liefde te maak? Hy het deur die jare al amper sy pa vergewe. Met ouderdom kom wysheid en hy het besef sy pa was soos wat hy was omdat hy nie anders kon nie. Dit was moeilik, want as hy aan sy kinderjare dink, onthou hy nie altyd die bal skop op die strand of die tye toe daar vrede in die huis was nie. Hy onthou die harde houe, die harde woorde. Hy onthou sy ma se bang oë.

Hy is sy ma se kind, het hy pal vir homself gesê. Sy pa was ’n lafaard, ’n dronkaard wat met geweld alles wat in sy lewe verkeerd was, wou regdonner. Hy was nie sy pa nie. Hy is sy ma se kind. Maar tog ... Hoekom het hy nie die moed om daardie een ding in sy lewe te erken nie? Daardie een ding wat soos ’n dolk in sy hart is wat draai en draai en draai. Is hy nie tog maar die lafaard wat sy pa was nie?

“Hy is wakker, maar daar lê ’n lang pad vir hom voor. Dis nie net die skietwonde nie ...”

Carel staan buite André se hospitaalkamer en gesels met die dokter wat na André omsien.

“Wat bedoel jy?”

Die dokter kyk na sy voete, dan na die lêer in sy hand.

“Meneer Smit het gesê ... Hy wil nie hê sy familie moet weet nie en ook nie enige van sy ander werknemers nie. Hy het gesê ek mag net vir jou sê.” Hy bly stil, kyk vir Carel. “Meneer Smit is verslaaf aan kokaïen. Ek is nie seker vir hoe lank nie, ons sukkel nog om al die inligting uit hom te kry, maar ek sou reken dis al ’n geruime tyd. Dit is dus nie net die skietwonde waarmee hy gaan sukkel nie; sy liggaam gaan ook moet skoon kom van die dwelms.”

Dit voel of iemand vir Carel met ’n vuig in die maag geslaan het.

“Wat? Dit kan nie wees nie. Nie André nie. Daarvoor is hy te slim.”

“Jy sal verbaas wees. Kokaïen is ’n dwelm wat menige slim mens al gepootjie het,” sê die dokter. “Almal dink hulle is kokaïen se baas, maar dis ’n dwelm wat van beter weet. Jy dink dis net een keer, dalk ’n tweede keer om te kyk of die rush dieselfde is. Maar dit is nooit nie.”

“Kan ek ingaan? Met hom gaan praat?”

“Ja, hy verwag jou. Moenie te lank bly nie en probeer om hom nie te veel te ontstel nie. Ons het al ’n sielkundige by hom gehad en hy het pamflette van ’n paar rehabs waarheen hy kan gaan. Ek dink hy het sy les geleer. Maar soos ek sê, dis ’n lang pad. Ons sal so goed as wat ons kan na hom hier kyk, maar wanneer hy hopelik volgende week ontslaan word, sal jy moet sorg dat hy die hulp kry wat hy nodig het. Hy het op die harde manier geleer. Moenie dat dit weer gebeur nie.”

Carel stap by die hospitaalkamer in. Dit lyk of André slaap, maar toe hy nader stap, maak hy sy oë oop.

“Carel, ek is bly om jou te sien. Ek is jammer, buddy. Jammer dat jy so moes hoor.”

Carel weet vir 'n oomblik nie wat om te sê nie. Hy is verlig André het dit gemaak, maar terselfdertyd is hy die moer in vir hom.

“Liewe bliksem, André. Ek is bly jy is nog met ons, maar watse kak het jy nou aangevang?”

“Ek is jammer ... Ek is regtig jammer. Dit was stupid. Ek het gedink net een keer. Ek ... Dit was stupid!”

“Kalm bly. Jy moet nou net gesond word.”

“Ek is regtig jammer. Die geld ... Ek sal alles terugbetaal. Ek sal my huis verkoop as dit moet.”

“Waarvan praat jy?”

“Coke is 'n duur hobby. Ek het later nie genoeg geld gehad nie. Dis hoekom ... Dis hoekom ek vir Fanie gevra het om julle geld aan my oor te betaal. Ek het gedink ek kan ophou. Ek sweer ek het.”

Hy maak sy oë toe, draai sy kop skuins op die kussing. Kyk weer vir Carel.

“Daardie eerste keer het ek geweet ek jaag nou kak aan. Maar dit was by 'n party en dit het lekker gegaan en ek het gedink why not? Ek was dom, fokken dom. Ek is werklik jammer ... ”

“Luister, André, ons sal hierdeur kom. Ek weet nie hoe nie, maar ons sal. Fanie gaan moet weet. Ons gaan na die betalings en finansies moet kyk. Is dit net by my wat jy geld ... ” Carel wil sê steel, maar bedink homself: “ ... geleen het? Of is daar van die ander ook?”

“Die ander is min. Dit was makliker met jou omdat daar so baie geld ingekom het. Ek is jammer. Jy haat my seker.”

“Nee, ek haat jou nie. Ek is die moer in, maar ek haat jou nie. Jy gaan vir my jou bankbesonderhede moet gee sodat Fanie kan kyk wat hy kan doen. Is daar nog geld oor?”

“Ja, ek dink so. Die fokken drug dealers! Melk jou vir alles wat jy het! Dis hulle, jy weet dis hulle?”

“Wat bedoel jy?”

“Dis hulle wat my soos 'n fokken hond geskiet het en my kar gesteel het. Ek skuld hulle ... Ek skuld hulle geld.”

“Hoeveel geld?”

André sug, maak weer sy oë toe.

“R45 000. Ek dink. Ek dink dis soveel ... ”

“Fok, André. R45 000! Hoeveel coke wou jy snuif?” vra hy hard.

“Jy verstaan nie ... ”

“Ek probeer verstaan, maar fok. R45 000!”

“Ek is jammer ... ek is regtig jammer ... Jy doen ’n lyn of twee saam met ander mense en dan verwag hulle payback. Dit was nie net ek nie ... ”

Carel is kwaad, maar probeer kalm bly.

“Het jy vir die polisie gesê?”

“Ja, hulle weet. Carel, my ma-hulle mag nie weet nie. Asseblief, ek smee jou.”

Daar is trane in André se oë. Hy lyk vir Carel so pateties waar hy in die hospitaalbed lê.

“Ek sal nie sê nie, maar ons gaan aan ’n manier moet dink om uit hierdie gemors te kom. Het jy al gekyk na die pamflette vir die rehabs?”

“Ja, daar is een in Noordhoek wat OK lyk, maar alles kos geld ... ”

“Moenie nou worry oor die geld nie. Word net beter. Ek sal met Fanie praat en ons sal kyk wat ons kan doen.”

Carel kry André se bankbesonderhede en gaan dadelik na Encore se kantore toe. Hy stap by Fanie se kantoor in en maak die deur agter hom toe. Natasha moet maar vir eers in die duister gehou word.

Hulle kry toegang tot André se rekening en sien hoe daar drie maande lank reusebedrae getrek is. So dis waarheen my geld is, dink Carel. Opgesnuif in André se donnerse neus.

Daar is genoeg geld oor om van die ander kunstenaars se uitstaande betalings te maak. In Encore se rekening is daar genoeg vir Fanie en Natasha se salarisse vir die volgende drie maande. André se kredietkaart is op sy maksimum en sy huisverband staan op R1,8 miljoen. Hoe hy ooit uit hierdie gemors gaan kom, weet Carel nie.

“Dis ’n kakspul,” sê Fanie.

“Ja, dit is, maar ons moet nou aan maniere dink om uit dit uit te kom. Wat is die grootste betalings wat gemaak moet word?”

“Daar is gelukkig nie baie nie. Nico moet nog die balans vir die video betaal word en die verspreidingsouens moet betaal word. Water, ligte, huur. Die telefoonrekening. En ons moet uitvind hoeveel jy geskuld word. Maar daar kom darem teen die einde van die maand weer geld in. Dankie tog vir jou. As dit nie

vir *Maanmens* was nie, was ons nou nog dieper in die kak.”

Dit voel vir Carel of die wêreld op sy skouers rus. Hy weet ook as iemand kan red wat te redde is, dan is dit hy.

“Die stupid fool! Wat het hy gedink?”

Carel sit in Linda se kantoor. Hy was lanklaas so moeg.

“Hy het nie gedink nie, dis die probleem.”

“Wat nou?”

“Die dokter sê hy sal volgende week kan huis toe gaan. Ek het die rehab in Noordhoek gebel. Hulle kan hom dadelik inneem. Ek het die deposito betaal.”

“Hoekom moet jy daarvoor betaal?”

“Want daar is niemand anders nie.”

“Carel, jy gaan nog eendag net die klere aan jou lyf oorhê. Jou hart is te goed. Jy is ’n beter mens as ek.”

“Wat moet ek doen? Ek kan nie dat hy teruggaan huis toe nie. Ons kan net hoop die rehab werk. Ek gaan wragtig nie sy coke-verslawing verder sponsor nie.”

“Hoe lyk dit met die finansies by Encore?”

“Nie goed nie, maar ek dink tussen my en Fanie sal ons dit aan die gang kan hou. As dit dan nou moet, sal ek van my eie geld gebruik. Ek weet net nie wat André gaan maak nie. Hy is vrot van die skuld. Kredietkaart is gemax, amper twee miljoen op die huis. Ons kan net hoop die drug dealers soek nie nog hulle geld nie. Hulle het mos die kar, wat natuurlik baie meer werd is as die R45 000 wat André hulle skuld.”

“Jy weet jou program is baie vol? Dat jy nie eintlik tyd het hiervoor nie?”

“Ek weet, maar wat kan ek maak? As ek nou wegloop, verloor ek baie meer as die ander. Ten minste het ek deur die jare iets van die bedryf geleer en weet ek wat om te doen. En arme ou Fanie. Ek dink nie hy het ooit gedink so iets sal in sy loopbaan gebeur nie.”

Linda lag.

“Gelukkig het julle vir Fanie. Hy is so ’n presiese mannetjie dat hy sal sorg dat die boeke klop. So goed as wat dit kan.”

“Linda, moet asseblief vir niemand van André se coke-probleem en die finansies sê nie. André wil nie eens hê sy familie moet weet nie. Jy weet wat kan

gebeur as die ander musiekmaatskappye of selfs Encore se ander kunstenaars hiervan hoor. Ons moet dit stil hou.”

“Natuurlik. Wie weet almal?”

“André en natuurlik sy dokter, ek en jy. En Fanie.”

“Ten minste almal mense wat jy kan vertrou.”

“Hoop so. Het jy al die finale video van Nico gekry?”

“Ja,” sê Linda. “Hy het dit gister kom afgee. Ek hou daarvan. Ek het dit vanoggend gekoerier. Ons behoort seker teen volgende week te hoor of dit aanvaar is. Ek is seker kykNET sal dit speel. Dalk e.tv ook. Die SABC is in so ’n gemors, ons moet maar net hoop die pakkie word by die regte lessenaar afgegee.”

“En het jy die persverklaring geskryf? Ek wil dit graag al vandag op my Facebook-blad sit en dan môreoggend die video opsit. So tienuur se kant wanneer die meeste mense voor hulle rekenaars is.”

“Ek het dit nou-nou vir jou gemail. Sal op jou rekenaar wees wanneer jy by die huis kom. Carel, moet ek nie van jou shows kanselleer nie? Ek is seker mense sal verstaan. Ons kan uitstel, nie afstel nie.”

“Nee, ek is OK. Ek wil aangaan. Dit hou my besig. Ek is gelukkig volgende week net in die Kaap en is hier wanneer André ontslaan word. Ek wil hom self rehab toe neem. Met my eie oë sien dat hy inboek en daar bly.”

Boontjie kry sy loontjie, dink sy. Daai aaklige André Smit het gekry wat hom toekom. Sy dink al lank dat hy nie mooi na Carel kyk nie. Dat hy nie regtig vir hom omgee nie. Sy het gehoor hoe hy met hom gepraat het die dag van die video-opname.

Sy lees weer die artikel in die koerant. Van die “mislukte kaping” en dat André nou om sy lewe veg. Dit sal hom leer. Aaklige misbaksel van ’n man.

Sy stap na haar rekenaar toe. Maak Facebook oop en gaan dadelik na Carel se blad. Sy lees deur al die kommentaar en kan net lag vir die vroue wat hulleself so goedkoop maak. Het hulle dan geen skaamte nie? Dis altyd sulke soetsappige boodskappies. Hoe aantreklik hy is, hoe sexy hy op sy profielfoto lyk. En daar is altyd iemand wat wil weet wanneer hy weer na hulle dorp toe gaan. Lees hulle nie sy webblad nie? As jy ’n groot aanhanger soos sy is, weet jy waar hy is. Waar hy volgende gaan optree.

Maar sy is meer as net nog ’n aanhanger, dink sy. Ja. Sy is spesiaal. Sy gee om vir Carel. Sy is lief vir hom. Hy is die een. Sy weet dit. Hy weet dit nog nie, maar sý weet dit.

Sy staan op en stap na die skuifdeur wat op die stoep uitloop. Die see is vandag plat en stil. Daar waai ’n effense briesie, maar dis warm vir ’n herfsdag.

Sy dink skielik aan haar ouers. Hoe dankbaar sy teenoor hulle moet wees dat sy hier kan bly. Dat hierdie huis by die see hare is. Dat sy miljoene in die bank het. Sy het nog nooit ’n dag in haar lewe gewerk nie en dit sal ook nie nodig wees nie.

Haar werk is Carel.

“Hoe gaan dit, girl?”

“Goed, dankie, en jy?”

Dis vir Azania altyd lekker om van Heidi te hoor. Heidi het ’n gawe om altyd opgewek te wees. Niks is ooit moeite nie en die lewe druk haar nooit in ’n blik nie.

“Punt in die wind. Vet, maar gelukkig. Hoe gaan dit met daai mooi meisiekind van jou?”

“Baie goed. Sy hou van skool en dink haar juffrou is ’n engel uit die hemel. Sy begin amper elke sin met ‘Ja, maar Juffrou sê ... ’”

“Ek is bly om dit hoor. Jy moet haar weer ’n bietjie bring dat tannie Heidi kan sien hoe sy lyk. Ek mis haar. Jy is blessed om so ’n prinsessie in jou lewe te hê.”

“Ja, ek is. Ek kan my nie ’n lewe sonder haar voorstel nie.”

“Luister, hoekom ek bel. Die mense van Allegro het van hulle laat hoor. Die line-up van die konsert lyk baie goed. Almal is bevestig en jy is in baie goeie company.”

“Wie is almal daar?”

“Dis ’n huge line-up. Thandi Monsela, The Bushbucks, Afrikaanse musiek se darling Janine Louw, daai girl – ek vergeet nou haar naam – wat onlangs in die Met in New York gesing het, Brandon September, o bliksem, ek is verlief op daai man ... ”

“Ja, toe, almal weet hoe verlief jy op Brandon is. Wie nog?”

Daar is ’n knop op Azania se maag. Sy wag vir die naam. Wág daarvoor. Sy weet nie of sy bly of kwaad gaan wees as sy naam daar is nie.

“Daai kitaargroep van Jozi, H2O, love hulle ook. En Janneman, die lekker rockband van Stellenbosch, en ... nee, man, nou onthou ek nie die res nie. Wag, laat ek die lys voor my kry.”

Azania wil skreeu, maar sy haal diep asem.

“OK, hier is dit. Ek het gesê van Thandi en Bushbucks en Janine en Brandon ... O, my swakke hart.”

“Heidi, konsentreer! Wie is die res?”

“Kalm, girl, ’n mens sou sweer ... ”

“Sê net wie is die res!”

“Wat maak dit saak? Die belangrike ding is dat jy daar is. Hierdie is groot! Dis groter as groot. Mense gaan nou vir once and for all sien wat jy kan doen.”

“Die name, Heidi! Wie is die res?”

“OK, as dit dan nou so belangrik is. Jeez. Die ander is ... ”

Heidi lees die name af. Een vir een. Azania se hart klop in haar keel.

“ ... en natuurlik Carel Strydom. Hulle sal nie konsert kan hou sonder hom nie. Het jy gesien hoeveel CD’s het hy verkoop? Sy nuwe album is al verby 100 000! Maar ek like vir hom. Hy is ’n true artist. So ja, dis die lys. Wat dink jy?”

Azania weet nie wat sy dink nie. Die telefoon bewe in haar hand. Diep binne het sy geweet hy sal daar wees. Hoe dan nou anders? Hy is op die oomblik een van die grootste name, indien nie dié grootste naam nie, in Afrikaanse musiek. Natuurlik sal hy daar wees.

“Dis ’n goeie line-up,” sê sy. “Ek dink dit gaan ’n goeie konsert wees.”

Sy wil klaar praat, die telefoon neersit en net gaan sit. Dink oor die nuus wat sy nou gekry het. Dink hoe sy dit gaan hanteer.

“Heidi, dankie vir die bel. Ek moet nou gaan. Ek moet ... ” Sy kan nie vinnig genoeg aan ’n wit leuen dink nie. “Ek moet nou gaan. Ek praat dalk later weer met jou. En dankie. Dankie vir alles wat jy doen.”

“Is reg so, my girl. Ons praat later. En Azania?”

“Ja?”

“Hierdie is huge. Hierdie gaan jou maak. Onthou dit.”

Sy telefoon lui en hy sien dis Riana wat bel. Dankie tog hy het haar nommer op sy foon gebêre. Hy wil nie met haar praat nie. Nie nou nie en ook nie later nie.

Die foon lui en lui en hy neem aan dit gaan oor op stempos. Hy wag 'n rukkie en daar is die biep. Sy het waaragtig 'n boodskap gelos.

Hy bel om na die boodskap te luister.

“Hallo, Carel. Dis Riana Kruger wat praat. Ek bel net om te sê ek is jammer om van André te hoor. Dis slegte nuus, maar in hierdie gemors van 'n land is dit seker niks snaaks nie. Ek wil ook weet of jy nie dalk van plan verander het oor die duet nie? Nou, met André buite aksie, het jy dalk meer beheer oor jou besluite. Gee my 'n lui. Ek sien uit om saam met jou te werk.”

Carel kan dit nie glo nie. Dat Riana nou regtig dink André neem sy besluite vir hom. Asof hy nie groot en slim genoeg is om dit self te doen nie.

En die vermetelheid om aan te neem dat hy nou ja sal sê. Ná alles wat sy op haar Facebook-blad kwytingeraak het!

Hy dink eers hy gaan haar boodskap net ignoreer, maar dan gaan sy dalk weer bel. En weer en weer. Hy tik 'n SMS:

Riana, ek gaan nie die duet saam met jou doen nie. Jy kan maar ophou vra.

Short and sweet, dink hy toe hy die stuur-knopie druk.

Binne 'n minuut is haar antwoord terug.

J mak n ft, hiri gn vi ju nt so bja btkn as vi my.

Hy staar die letters aan. Wat op dees aarde staan hier? Hy lees weer, probeer dit ontsyfer. Hy haat SMS-taal! Stadig maar seker maak haar gebrabbel sin: Jy maak 'n fout, hierdie gaan vir jou net so baie beteken as vir my.

Hy stuur terug: *Dit gaan vir my absoluut niks beteken nie. Die antwoord is NEE. En leer spel!*

Sy het seker die boodskap gekry, want daar kom nie weer 'n SMS van haar nie.

“Carel, wat het jy gedoen om Riana so kwaad te maak?”

Hy kan hoor Linda is vies.

“Hoekom? Wat nou weer?”

“Die Blom-vrou van *Scoop* het gebel. Sy sê Riana Kruger het gebel en gesê godsdienste beteken vir jou niks nie. Dat jy ’n ateïs is.”

“Liewe hel! Waar kom sy daaraan? Eers is ek gay, toe is ek ’n moordenaar en nou is ek ’n ateïs! Wat volgende?”

“G’n mens weet nie. Sy sê Riana het ’n SMS van jou wat dit bevestig. Wat het gebeur?” vra Linda.

Carel sug. Hy wens mense soos Riana wil net verdwyn. Orania toe trek en met pekanneute gaan boer.

“Sy het gebel, maar ek het nie geantwoord nie. Sy het ’n boodskap gelos en gevra of ek nie weer wil dink oor die duet nie. Sy sê met André uit die prentjie kan ek nou my eie besluite neem.”

Linda lag.

“Asof André jou al ooit voorgeskryf het.”

“Ek weet. Ek het vir haar ’n SMS gestuur en gesê die antwoord bly nee. Wag, ek kyk gou op my foon.”

Hy lees vir haar die SMS-gesprek en moet weer konsentreer om Riana se taal te ontsyfer.

“Dis daardie woorde ‘Dit gaan vir my absoluut niks beteken nie’. Ek sê jou nou. Riana het dit verdraai en nou klink dit of gospel vir jou niks beteken nie,” sê Linda.

“Sy sal seker nie so laag daal nie, sal sy?”

“I wouldn’t put it past her. Met daai vrou is enigiets moontlik.”

“Wat doen ons nou?”

“Ek sal vir Blommie ’n mail stuur. Flippit, die mense maak my mal.”

“Dankie, laat weet as ek iets kan doen,” sê Carel.

“Moenie met mense soos Riana praat nie, dis al wat ek vra.”

Hy sien die plakkate toe hy inry stad toe. *Christene kwaad vir Strydom*, basuin dit uit.

Hy weet, hy wéét hy is die Strydom vir wie hulle kwaad is.

Hy wink die koerantverkoper nader en haal geld uit sy beursie.

Die artikel is op bladsy drie en natuurlik is al die feite verdraai. Daar staan dat Riana vir Carel genader het om 'n duet te sing, maar dat hy weier. Die artikel haal haar aan waar sy vertel van hulle vorige gesprek en dat hy toe vir haar gesê het dat hy nooit gospel sal sing nie. Riana vertel ewe vroom verder dat sy hom 'n tweede kans wou gee, veral in lig van die nare gerugte wat die laaste tyd die ronde doen oor sy seksualiteit.

“Ek wou net my Christelike plig doen, kyk of ek vir Carel weer op die regte pad kan kry,” word Riana aangehaal. “Ek het weer gevra en hy het vir my 'n SMS gestuur waarin hy sê dat dit niks vir hom sal beteken nie. Dit kan mos net beteken dat hy nie die Here in sy hart het nie. Ek is baie hartseer. Hy is een van ons groot Afrikaanse sterre en jongmense kyk op na hom. Hierdie is vir my 'n baie hartseer dag.”

Die artikel haal 'n predikant aan wat sê Carel se opstand teen geloof is 'n teken van die tye. “Ons land en sy mense is geestelik honger, maar hulle keer hulleself al hoe meer weg van God.”

Onderaan die artikel word Linda aangehaal in net een sin: “Carel praat nie oor sy persoonlike lewe in die media nie.”

Hy weet sy het baie meer as dit vir die koerant gestuur, maar dis al wat hulle gekies het om te gebruik. Hy is meer verslae as wat hy kwaad is. Hierdie geveg met die media is besig om hom onder te kry. Praat jy nie met hulle nie, maak hulle in elk geval hulle eie stories op. Of gebruik vals inligting of verdraai stories sodat dit hulle pas.

Hy bel vir Linda.

“Het jy die koerant gesien? Vandag se *Scoop*?”

“Nee, nog nie. Hoekom?”

“Ek is op al die lamppale en die artikel maak my uit as die grootste

ongelowige op Gods aarde. Ek weet wragtig nie meer nie. Hoekom doen Riana dit? Wat kan sy tog hieruit kry?”

“Jaloesie is ’n nare ding. Sy het nog altyd grand illusions gehad van wat haar loopbaan moet wees. Sy het dit net nie. Nie die stem nie en nie die talent nie. Sy gaan dit nooit maak nie.”

“Wat moet ons nou doen?”

“Ons wag. Kyk wat die reaksie is. Indien dit nodig is, vat ons dit verder. Jou fans glo nie sommer enige ding nie. Hulle het die storie dat jy en Nico ’n ding aan het, afgelag. En as mense weet dat jy meer doen vir jou medemens as die meeste Christene, sal hulle ook met ander oë na jou kyk,” sê Linda.

“Nee, ek wil nie hê hulle moet weet nie. Dis nie hoekom ek dit doen nie.”

“Ja, ja, so sê jy die hele tyd. Maar as dit nodig is ... ”

“Ons moet probeer keer dat dit ooit nodig is. Ek haat mense wat charity doen om hulleself te laat goed lyk.”

“OK, kom ons kyk. Waar is jy nou?”

“Ek is op pad hospitaal toe. André word vanoggend ontslaan. Ek vat hom na die rehab toe in Noordhoek.”

“Sterkte. Dink nie dit gaan maklik wees nie.”

André sit met geboë skouers op sy hospitaalbed toe Carel by hom kom. Hy probeer glimlag, maar Carel kan sien dit gaan nie goed met hom nie.

“Hoe voel jy?”

“Kakkerig, dankie,” sê André.

“Was die dokter al hier? Is jy OK om te gaan?”

“Ja, hy het al die papiere geteken. Ek kan maar gaan. Weer die wêreld in die oë gaan kyk.”

“Nee, eers gaan ons jou in rehab kry. Hulle wag vir jou.”

“Buddy, ek weet nie of ek sterk genoeg is om hierdie ding te fight nie. Ek weet nie of ek kans sien nie ... ”

“Nee, jy gaan. Ek gaan jou help. Die mense by die rehab weet wat hulle doen. Jy gaan dit maak.”

“Ek gaan probeer, die Here hoor my, ek gaan probeer. Maar ek is so bang. Wat as ... ”

Daar is trane in sy oë en Carel voel ongemaklik. Sy ma is die enigste mens in

sy lewe wat hy ooit getroos het en dit was so lank gelede. Hy weet nie meer hoe om te troos nie.

“Jy moet vasbyt. Jy sal dit maak. Ek sal sorg daarvoor. Waar is jou sak?”

Hulle stap na Carel se kar toe, stadig-stadig met André wat nog sy voete vind.

By die rehabilitasiesentrum in Noordhoek ontvang die personeel hom vriendelik. Carel vul ’n pak vorms in en stap toe saam met André na sy kamer.

“You can’t stay long,” sê een van die vroue wat daar werk vir hom.

André sit sy sak op die bed en kyk om hom.

“So dis wat ’n mens kry as jy kak aanjaag?”

“Nee, André, dis wat ’n mens kry as jy gesond wil word. Jy was amper dood. Dis nou ’n kans om jou lewe reg te ruk.”

“Ek wens partykeer hulle het my vrekgeskiet.”

“Moenie so praat nie. Jy sal hierdeur kom.”

André kyk vir Carel.

“Hoe gaan dit by Encore? Natasha was ’n paar keer by my, maar sy het meer gehuil as enigiets anders. Jy leer jou vriende in tye soos hierdie ken. Nie een van my druggie-vriende het die moeite gedoen om uit te vind hoe dit met my gaan nie. Nie een nie! Seker te bang die dealers hou my dop. Fok!”

Carel probeer simpatiek wees, maar hy sukkel. Hy sal vir André bystaan en ondersteun waar hy kan, maar as hy eerlik moet wees, kyk hy nou met ander oë na hom. Hy is ’n swakkeling. ’n Swakkeling soos my pa, dink Carel.

“Dit gaan OK by Encore. Tussen my en Fanie kyk ons wat ons kan doen.”

“Dankie, buddy. Jy moet ... Ek sal ... Eendag sal ek opmaak, ek belowe.”

Carel kyk net vir hom.

“Ek moet nou gaan. Die mense hier het my nommer. Ek het gesê hulle kan my enige tyd bel. Druk deur. Doen wat hulle sê. Fight hierdie ding.”

Terug by die huis skakel hy sy rekenaar aan. Kyk of daar enige e-pos is en gaan dan na sy Facebook-blad.

Die blad is vol boodskappe van mense wat wil weet of daar waarheid in *Scoop* se storie is.

Carel, lewe jy dan ’n leuen? vra een van sy aanhangers.

Hy dink lank of hy haar vraag en al die ander vrae moet antwoord. Hy wonder of hy vir Linda moet bel, maar besluit hy sal dit self hanteer.

Hallo. Daar is in vandag se Scoop 'n artikel oor my weiering om 'n duet saam met Riana Kruger op te neem. Die artikel verdraai die feite en ek wil dit graag regstel. Riana het my genader om 'n duet saam met haar te sing op haar nuwe gospelalbum. Ek het nie gesê om verskeie redes. My geloof het niks daarmee te doen nie. Riana het die afgelope tyd meer as een keer stories oor my versprei wat nie waar is nie. Ek weet nie hoekom sy dit doen nie. Ek het nog nooit daarvan gehou om myself te verduidelik as ek weet ek is nie skuldig nie, maar in hierdie geval het sy te ver gegaan. Ek hoop julle verstaan. Musiek was nog altyd al wat ek wou gedoen het, maar die onderonsies in die bedryf en die media maak dit vir my moeilik om nog die vreugde in musiek te sien. Dankie vir julle wat my nog altyd ondersteun. Ek waardeer dit.

Daar is dadelik 'n klomp likes en die kommentaar begin kort daarna, almal positief. Ons het dit tog nie geglo nie. Ons ken jou en weet jy sal altyd die regte ding doen. Jy is my hero en ek sal jou ondersteun, maak nie saak wat nie. Selfs 'n paar kommentare van mense wat vertel hoe min hulle van Riana hou.

Dankie weer vir julle ondersteuning. Ek het twee konserte in die Kaap, maar ek dink ek moet vir 'n paar dae gaan rustigheid soek. En daar is net een plek waar ek dit kan kry.

Carel skakel sy rekenaar af. Hy is moeg. Die afgelope tyd het hom uitgemergel.

Hy bel vir Alma.

“Hallo. Hoe gaan dit daar?”

“Lekker, dankie, en jy? Is daar fout?”

“Nee, ek is net moeg. Gatvol. Het jy vandag se Scoop gesien?”

“Ja,” sê Alma. “Ek koop nooit die gemors nie, maar toe ek sien daar is 'n storie in oor jou, het ek. Waar kom hulle daaraan?”

“Dis Riana. Sy het haar mes in vir my. Weet nie hoekom nie. Linda sê dis jaloesie. Maar hoekom ek?”

“Sy is 'n bitter vrou. Steur jou nie aan haar nie. Hoe laat tel jy my vanmiddag op?”

“So drieuur se kant. Ons moet vyfuur in Worcester wees.”

“Ek sal reg wees.”

“Dankie. Ek bel ook om te sê ek gaan ná Saterdagmiddag se konsert in Durbanville in my kar klim en Bulshoek toe ry. Sal jy met jou eie kar kan ry?”

“Ja, natuurlik. Dis goed dat jy gaan. Jy het dit nodig. Wanneer gaan jy terugkom?”

“Dinsdagoggend.”

“Cool. OK, sien jou vanmiddag.”

Sy lees wat hy op Facebook geskryf het. Ook al die kommentaar. Sy weet hierdie stories is nie waar nie. Carel sal hom tog nie steur aan 'n vrou soos Riana nie. Wie is sy in elk geval? 'n Poppie wat probeer sing. Een wat rassistiese uitsprake maak sonder om te blik of te bloos. Aaklige vrou. Sy haat haar.

Sy lees weer en weer die sin waar Carel skryf dat hy rustigheid soek. Sy weet waar daardie plek is. Sy het al genoeg kere agter hom aangery en gesien hoe hy die N7 vat, verby Malmesbury en Moorreesburg, Piketberg en Citrusdal. By Clanwilliam draai hy in, ry hy deur die dorp en vat dan die Klawer-pad. Dertig kilometer verder is sy huis by Bulshoekdam. Die mooi kliphuis met die houtstoep. Sy weet dis waarheen hy gaan. Dis waar hy altyd sy rustigheid kry.

Sy stap na die kas in haar motorhuis en haal die koelboks uit. Sy sal genoeg kos en water saamneem vir minstens vier dae. Sy dink hy sal seker Dinsdag terugkom, dalk eers Woensdag. Sy weet nie wanneer hy op die vliegtuig gaan klim om Johannesburg toe te vlieg nie, want Woensdagaand sing hy in Pretoria. Sy moet voorbereid wees. As hy tot Woensdag bly, moet sy genoeg kos en water hê. Daar gaan nie tyd wees om dorp toe te gaan nie.

Sy weet hy sing vanaand in Worcester, Saterdagmiddag in Durbanville. Sy wonder of hy Saterdagmiddag ná die konsert sal ry en of hy eers Sondagoggend sal ry. Sy hou nie daarvan dat hy so laat in die nag ry nie.

Sy besluit om Saterdag te ry. Dit gee haar tyd om uit te pak voor hy kom. Sy sal vir hom wag. As hy Saterdagmiddag ná die konsert ry, behoort hy ná middernag, dalk selfs later, eers daar aan te kom. Maar sy sal wag vir hom. Sy sal warm aantrek en buite wag. Geduldig wag tot sy weet hy is veilig.

Sy dink weer aan hoe sy gesukkel het om haar huis daar te koop. Sy wou nie die een langs hom gehad het nie. Dit moes ver genoeg wees dat hy nie weet sy is daar nie, maar naby genoeg dat sy die hele tyd weet waar hy is. Amper soos hulle huise in Melkbos.

In die dag het sy meestal in haar houthuis by die dam gebly, die water dopgehou om te kyk of hy dalk met sy boot gaan ry. In die aand het sy donker klere aangetrek en dan met die grondpad aan die agterkant van die huise gestap

na sy huis toe. Dit was maklik wanneer dit stil was, wanneer daar min mense was. Niemand om haar te sien nie. Niemand om te wonder wat sy vrou-alleen daar maak nie.

Sy sou na sy huis toe stap, 'n ent weg gaan staan en net die huis dophou. Hoop sy sien hom deur een van die vensters. Daar was selfs tye wanneer hy die ligte afgeskakel het, wat sy saggies oor die heining geklim het en dan voor sy huis gaan staan het. Of deur die vensters geloer het. Daardie tye het haar hart so hard geklop dat sy dit in haar ore kon hoor.

Hy sal haar nie so vang nie, het sy gedink. Sy weet hulle eerste ontmoeting gaan spesiaal wees. Hy gaan haar raaksien en in die oë kyk. Hy gaan dan weet. Soos sy al so lank weet.

“Wat is die reaksie op die video?”

Carel kan die onsekerheid in Nico se stem hoor.

“Baie goed. Al die TV-stasies het dit aanvaar. Ons het dit op YouTube gelaai en daar was al amper 10 000 hits. Dis ook op my Facebook en die mense hou daarvan.”

“Baie bly om dit te hoor. Om die waarheid te sê is ek moerse verlig. Dis ’n groot kans wat ek gevat het. Nou hoop ek net meer mense gebruik my,” sê Nico.

“Ek sal die woord versprei. Jou naam is by die video op YouTube en Facebook. Ek is seker mense gaan jou wil gebruik.”

“Is jy op pad Durbanville toe?”

“Ja, ons sound check vyfuur.”

“Wat maak jy die res van die naweek? Tyd vir ’n dop?”

“Nee, ek gaan dadelik ná die konsert ry. Gaan ’n bietjie Bulshoek toe.”

“Waar?”

“Bulshoek. ’n Dam daar naby Clanwilliam. Ek het ’n klein huisie daar.”

“Dis lekker. Lucky you.”

Carel weet nie hoekom nie, maar hy besluit om Nico saam te nooi.

“Is jy lus om saam te kom? Ek kom Dinsdag terug.”

“Jis, ja, dit sal lekker wees. Kan ek sommer saam met jou ry? Ek kan my kar in Durbanville los.”

“Ja, sure. Ek sien jou daar.”

Hy is net klaar om die laaste handtekening uit te deel, toe sy foon lui. Hy sien dis Linda wat bel en stap eenkant toe.

“Hallo. Hoekom soek jy my so laat?”

“Ek wou met jou praat voor jy ry en die opvangs is mos non-existing by Bulshoek. Ek het gister vergeet om vir jou te sê die mense van Allegro het die finale line-up gestuur.”

“Ja?”

“Almal wat ons gedink het daar gaan wees – Bushbucks, Janine, Brandon en

so. Maar daar is 'n ... kom ons noem dit 'n verrassing.”

“Ja?”

“Azania is deel van die konsert.”

Die verdekselse Carel Strydom! Riana gooi vies haar selfoon eenkant. Sy het gelees wat hy op Facebook geskryf het en dit maak haar kwaad. Sy wens sy kan dit net laat gaan, maar sy kan nie. Dit het 'n obsessie geword.

Jy moet van beter weet, Riana, praat sy met haarself. Carel sal nooit vir 'n vrou soos jy gaan nie. Veral nie ná al die gemors wat jy aangejaag het nie. Maar dis soos 'n dwelm. Sy kan haarself nie keer nie.

Sy het hom die eerste keer by Aardklop sien optree. Dit was in die begin dae van sy loopbaan en hy het nog gratis opgetree. Sy was nog op skool. Sestien jaar oud met vaal hare en 'n puisiegesig. As dit nie was vir die bure wat deurgery het van Klerksdorp nie, sou sy nooit daar kon wees nie.

Haar ma het die oggend R10 in haar hand gestop en gesê sy moet dit geniet. Hulle het nie baie uitgekom nie. Daarvoor was daar nooit geld nie. Haar pa het hard in die myn gewerk, maar hy het nooit juis bevordering gekry nie. Hy het net altyd 'n myner gebly. Met die nuwe bedeling was dit veral vir hom moeilik om te sluk dat van sy kollegas, mans wat as arbeiders onder die grond saam met hom gewerk het, in bestuursposisies aangestel is. Bo hom. Hy was die kneg en hulle was die baas.

Riana het Klerksdorp gehaat. Sy het dit gehaat dat hulle gesien is as die armlastiges, die mynerskinders wat altyd gelyk het of hulle deur 'n bos gesleep is. Sy het geweet sy sou nie daar bly nie. Wanneer sy klaarmaak met skool, gaan sy die pad vat. Johannesburg toe. Pretoria toe. Enige plek behalwe Klerksdorp.

Haar pa het 'n wrewel begin opbou in die Nuwe Suid-Afrika. Hy het nie 'n oomblik laat verbygaan waar hy nie gekla het oor hoe die land besig is om te verval nie. Hoe mense soos hy help bou het aan die rykdom daarvan en nou met niks sit nie. 'n Karige pensioen en meer mediese probleme as wat enige mens ooit in sy lewe moet hê.

Riana se broer is ook myne toe. Dit het nie lank gehou nie. Hy is ontslaan toe hy 'n medewerker 'n dom kaffer genoem het. Hy is eers Johannesburg toe, waar hy in 'n selfoonwinkel gewerk het. Later Pretoria, toe Lichtenburg en laas wat sy gehoor het, het hy iewers in die Noord-Kaap op die plaas gewerk van 'n boer

wat net blanke mans aanstel.

Sy kan die eerste dag dat sy vir Carel gesien het soos gister onthou. Sy was in een van die kuiertente toe hy op die verhoog stap. Dit was net hy en sy kitaar. Hy het gesing asof elke liewe woord vir haar was.

Ná die tyd het sy gegaan na die tafel waar hy CD's verkoop het. Sy het geweet sy het nie geld gehad om een te koop nie, maar dalk kon sy net sy handtekening kry.

“Hoeveel kos die CD's?” het sy gevra.

“R80,” het die vrou, wat sy later sou uitvind Alma was, gesê.

Riana was skaam. Skaam omdat sy op daardie oomblik so arm gevoel het. Dit was baie geld. Sy het gewonder wat haar ma alles met R80 sou kon doen. Sy sou hulle seker twee weke lank kon voer. Rys, aartappels en doodgekookte groente. Dalk 'n stukkie stowevleis. Mieliepap in die oggende. Water as jy dors is.

Riana het vir Carel gekyk. Hy was vir haar so aantreklik. Sy blou oë, die ligte hare wat op sy voorkop lê.

“Ek het nie ... ek het nie nou genoeg geld nie. Maar ek sal spaar ... ek sal probeer spaar ... ”

Sy weet sy het gerammel, maar sy het soos 'n klein dogtertjie gevoel.

Carel het opgekyk. Vir haar gekyk.

“Ek gaan vir jou een gee. Spaar vir iets anders, iets wat vir jou iets kan beteken,” het hy gesê.

“Maar hierdie beteken vir my iets!” het sy uitgeroep.

“Dan is ek bly. Moet ek vir jou die CD teken?”

Sy het daar weggestap met die CD vasgeklou in haar hande. Dit was 'n groot oomblik in haar lewe, seker die grootste. Sy het nog altyd gevoel of niemand haar raaksien nie. Sy was net nog 'n arm kind op 'n myn wat geen hoop vir die toekoms gehad het nie. Hy het haar spesiaal laat voel.

Terug by die huis het sy besluit sy wil sing. Sy wil soos Carel Strydom wees. Sy wil ook ander mense laat voel hulle is spesiaal. Sy sal uit hierdie dorp kom en mense wys. Die mynstof afskop en nooit terugkom nie.

Sy het nie 'n wonderlike stem gehad nie. Op laerskool in die koor gesing, maar op hoërskool was sy nie goed genoeg nie.

Sy het hard gewerk op skool, maar aan die einde van die jaar, toe sy klaargemaak het met graad 11, het sy besluit sy het genoeg gehad. Die groot stad

en sy liggies het gewag.

Haar ma was kwaad. Haar pa het geraas. Sy is te jonk, het hulle gesê.

“Niemand gaan my hier raaksien nie! Niemand nie! Ek wil nie eendag hier van ellende krepeer nie. Ek wil meer van my lewe maak.”

Sy kon sien die woorde maak haar ma seer. Haar pa het omgedraai en weggestap.

“Sussie, jy moet mooi dink. Dis ’n harde wêreld daar buite. Ons kan dalk nie vir jou alles bied wat jy wil hê nie, maar hier is liefde,” het haar ma gesê.

“Ek weet, maar dalk is liefde nie genoeg nie.”

Sy het by ’n niggie van haar ma in Pretoria gaan bly en werk as kelnerin in Hatfield gekry. Met haar eerste geld het sy Clicks toe gestap en ’n boksie haarkleur gekoop. Die volgende dag by die werk het amper niemand haar herken met haar blonde hare nie.

Sy het gesond begin eet en baie water gedrink. Haar vel het ál beter geword en van die baie stap bushalte toe en terug het haar lyf vorm begin kry. Wanneer sy die kans gekry het, het sy gesing. Sommerso in die stap, in die bad, by die werk.

Wanneer sy kon, het sy by die kuierplekke in Hatfield uitgehang en gaan kyk hoe die ander sangers optree. Eendag, het sy gedink, eendag gaan ek ook op die verhoog wees.

Sy was negentien toe sy Morné Naudé die eerste keer ontmoet het. Sy het geweet wie hy is. Almal wat iets van Afrikaanse musiek geweet het, het geweet wie hy is.

Dit was op ’n Vrydagaand en Simon Burger het by Snakes opgetree. Die plek was gepak en die drank het gevloei. Sy het die aand stywe jeans en ’n top met ’n lae hals aangehad. Haar hare was steeds blond en het tot in die middel van haar rug gehang. Geld vir duur salonne was daar nog nie, maar sy het gedink haar hare lyk net so goed soos enigeen wat honderde rande by ’n haarkapper spandeer.

Sy het gesien hoe Morné saam met ’n groep mense by ’n tafel naby die verhoog sit. Sy het stadig maar seker nader beweeg. Sy oog probeer vang.

Hy het in ’n stadion opgekyk en sy oë het van haar gesig dadelik na haar borste gegaan. Hy het weer opgekyk en vir haar geglimlag. Sy het teruggeglimlag en hy het haar nader gewink.

Hy het bly sit toe sy langs sy stoel gaan staan, en toe sy arm om haar lyf

gedrapeer.

“Hallo, mooi ding.”

“Hallo,” het sy skaam gesê.

Sy hand het effens afgesak en sy kon sy vingers op haar boude voel.

“Wat maak ’n sexy dingetjie soos jy alleen in ’n plek soos hierdie?”

“Ek het vir Simon kom luister.”

“Natuurlik het jy. Doen hy dit vir jou?”

Sy kon sien Morné het al gedrink. Sy gesig was rooi en daar was ’n sweetlagie op sy voorkop.

“Ek hou van hom, ja.”

“Hy is ongelukkig van die mark af, my pop.” Hy het na die res van die mense aan die tafel gekyk en gelag. “Maar dit beteken nie jy kan ons nie geselskap hou nie. Toe, kom sit.”

Hy het aan haar gepluk en sy het op sy skoot beland. Sy hand het dadelik weer geskuif en was nou op haar maag. Sy kon sy drankasem ruik.

“Ek wil nie pla nie ... ” het sy gesê.

“Jy pla nie! Kuier saam met ons. Wat’s jou naam?”

“Riana. Riana Kruger.”

“Nou toe, Riana Kruger, kan ek vir jou iets te drinke kry? What’s your poison?” Hy het ’n kelnerin nader geroep.

Riana het nie in ’n huis met drank grootgeword nie. Haar pa het altyd gesê die slukkie uit die nagmaalbeker elke paar maande is genoeg vir hom. Drank was maar een van die dinge waarvoor hy die skuld gegee het vir die verval van die Afrikaner.

“Ek weet nie ... ” Sy wou nie dat Morné weet sy ken nie drank nie en het gedink aan wat die studente altyd bestel by die restaurant waar sy werk. “Maak dit ’n vodka, passion fruit en lemonade.”

“Passion fruit. I like it,” het hy gesê en geglimlag. Hy het na die kelnerin gedraai. “Vodka, passion fruit en lemonade. Maak dit sommer ’n dubbel.”

Die eerste sluk was lekker, die tweede een nog lekkerder. Dit het soos koeldrank geproe, maar dit het ’n warm kol op haar maag gemaak. Toe Simon op die verhoog klim, het Riana ’n stoel nader getrek en styf teen Morné gaan sit. Sy hand het op en af oor haar been bly vryf.

Ná die konsert het Simon by hulle kom sit. Morné het hom aan haar

voorgestel, maar daar was 'n arrogansie waarvan sy nie gehou het nie. Hy is nie Carel Strydom nie, het sy gedink. Carel is nie so vol van homself nie.

Simon het hom glad nie aan haar gesteur nie. Hy het met die mense aan die tafel gepraat, maar sy oë het aanhou rond dwaal, asof hy soek vir iets beters.

Dit het laat geword. Riana het een drankie gedrink, toe twee, drie, vier. Toe Morné tequila bestel, het sy saamgedrink. Haar kop het gedraai, maar sy het goed gevoel. Sy het gesien hoe ander mense na hulle tafel kyk, agter hulle hande praat en beduie. Sy weet hulle het eintlik vir Simon bespreek, maar sy het gehou van die aandag. Omdat sy by daardie tafel gesit het, het dit iets van haar gemaak.

Dit het laat geword. Simon is later daar weg, toe van die ander mense.

“En toe, pops, wat is jou planne vir die res van die aand? Lus vir 'n nightcap by my plek?”

Sy was braaf en het so cool gevoel.

“Ja, maar ek het nie 'n kar nie. Kan ek saam met jou ry?” Sy kon hoor dat sy oor haar woorde struikel, maar dit het haar nie gepla nie. As sy gedink het hoeveel drank Morné die aand gedrink het, kon hy beslis nie nugter wees nie.

“Natuurlik, kom.”

Sy is met onvaste voete aan sy arm daar uit. Hy het met 'n groot Mercedes gery en toe sy op die voorste sitplek gaan sit, het sy gedink: Dis waar ek hoort.

By sy huis het hy die voordeur oopgemaak. Sy het eerste ingestap en hy het gevra of sy 'n toer van die huis wil neem. Sy het ingestem.

Hy het vir haar die sitkamer gewys, die kombuis, die eetkamer, nog 'n sitkamer waar daar 'n reuse-TV teen die een muur was en 'n groot musiekspeler teen die ander.

Af in die gang tot in sy slaapkamer.

“En hier slaap die baas.”

Sy het na hom gekyk en moes haar oë knip om te fokus. Sy was spyt sy het so baie gedrink.

Hy het skielik na haar gegryp en haar hard gesoen. Sy het teruggetrek.

“Nee ... ” is al wat sy kon uitkry voor hy haar weer nader gepluk het.

“Toe, toe, ons weet almal hoekom jy hier is.”

“Nee ... ” het sy weer probeer, maar sy een hand het haar styf vasgehou en die ander het aan haar borste gevat.

“Ek dink ek moet gaan,” het sy gesê.

“You must be joking! Dink jy ek gaan nou weer in my kar klim en jou gaan aflaai? Jy is befok in jou kop. Kom hier.”

Sy het gegril vir sy drankasem. Sy was bang en sy het gewens sy kan weghardloop. Sy het weer weggeruk, maar hy was te sterk vir haar. Hy het haar bed toe gedwing, met sy volle gewig op haar geval. Dit het vir haar gevoel of hy tien hande het. Haar top was die eerste wat hy afgepluk het. Hy het haar bra hardhandig afgeruk en haar borste geknie. Dit was seer.

Sy het so hard moontlik haar bene teen mekaar probeer druk, maar hy was te sterk vir haar. Hy het die boonste knoop van haar jeans losgemaak en dadelik sy hand ingedruk. Sy het probeer wegkom.

“Lê stil!” het hy geskreue.

Hy het dit reggekry om haar jeans af te trek en sy eie broek los te maak.

Dit het soos ure gevoel, maar sy het later besef dit was alles binne minute verby.

Hy het van haar afgerol, opgestaan en toilet toe gegaan. Teruggekom met ’n waslap en dit na haar toe gegooi.

“Vee jouself af,” het hy gesê en uit die kamer gestap.

Sy het bewerig opgestaan en badkamer toe gestap. Sy het oor die toilet gebuk en naar geword. Skok en die aand se drank uitgekots.

“Dis jou eie skuld,” het sy vir haarself gesê. “Jy het gesoek daarvoor. Dis jou straf. Dis jou eie skuld. Jy wou mos. Jou skuld.”

Sy het na die wasbak toe gegaan en haar mond uitgespoel, teruggestap kamer toe en haar klere aangetrek. Dis nie hoe sy wou hê die eerste keer moes wees nie.

Sy het in die gang afgestap en hom voor die TV gekry. Daar was die een of ander sportprogram op.

Hy het opgekyk.

“Gaan slaap in een van die spaarkamers. Ek sal môreoggend iemand kry om jou weg te vat,” het hy gesê en verder na die program gekyk.

Sy het na ’n kamer toe gestap en op die bed gaan lê. Sy het koud gekry, maar kon haarself nie sover kry om onder die duvet te klim nie. Sy het die nag glad nie geslaap nie.

Hy skuld my, het sy twee dae later gedink. Die vark skuld my.

Riana het ’n plan begin maak. Sy het ’n troefkaart gehad en sy sou dit gebruik.

Sy het 'n bus gevat en die laaste blokke na sy huis toe gestap. By sy voordeur het sy die klokkie gelui.

'n Vrou het die deur oopgemaak en met 'n frons na haar gekyk.

“Kan ek help?”

“Ek is hier om vir Morné te sien.”

“Verwag hy jou?”

“Nee, maar dis belangrik dat ek met hom praat. My naam is Riana Kruger.”

“Wag net hier.”

Die vrou het in die huis ingestap en 'n paar minute later teruggekom.

“Morné kan nie nou met jou praat nie. Hy is besig.”

“Ek gaan hier wag tot hy met my praat. Al moet ek die hele dag wag. Ek gaan nie loop nie.”

Die vrou het vir haar gekyk en weer weggestap. Sy het teruggekom en vir Riana gewink sy moet saamstap.

Morné het in sy studeerkamer gesit.

“Ja?”

“Ek wil met jou praat.”

“Wat wil jy hê?”

Riana het na die vrou gekyk en gesê: “Privaat. Ek wil privaat met Morné praat.”

Morné het vir die vrou gewys sy moet loop en Riana het die deur agter haar toegemaak.

Sy het tot voor sy lessenaar gestap.

“Jy het my verkrag,” het Riana gesê.

Morné het hard gelag.

“Nee, ek het nie. Jy was maar te gewillig. Niemand sal kan bewys dat ek het nie. Nice try, probeer weer.”

“Jy het my verkrag,” het sy herhaal. Sy het nie haar oë van sy gesig afgeneem nie. “Ek kan nou polisiekantoor toe gaan en 'n klag lê. Hulle sal my glo. Ek weet hulle sal my glo. Ek kan vir hulle die bloukolle op my arms en bene wys. 'n Gewillige vrou het nie bloukolle op haar lyf nie.”

“Daar is genoeg ooggetuies wat sal kan sê dat jy die hele aand saam gesuip het. Jy het nie 'n fokken voet om op te staan nie!”

“Ek het. Ek het die bloukolle om dit te bewys.”

Sy het nog nader gestaan en die een mou van haar hemp opgetrek. Die merke was duidelik sigbaar.

“Wie dink jy gaan die polisie glo?” het sy gevra. “Vir jou of vir my, die onskuldige meisie van die platteland?”

Hy het na haar gekyk, nie meer so seker van sy saak nie.

“Wat wil jy hê?” het hy gevra.

“Ek wil sing.”

Die pad is donker in die nag en Carel is bly hy het Nico vir geselskap. Hy wil nie nou dink aan Allegro nie. Nie nou nie. Later. Hy sal later dink hoe ...

Hy en Nico gesels oor die aand se konsert, later oor rugby, en toe probeer hulle die probleme in die land oplos.

“As daar net meer vir die kunste gedoen kan word,” sê Nico. “Hierdie regering voel fokkol vir die kunste. Daar word miljoene der miljoene vir sport gegee, maar fokkol vir die kunste. Ek is so gatvol. Toe ons nog streeksdiensterade gehad het, het die actors ten minste nog ’n salaris verdien. Nou is daar niks. Almal moet maar self sien kom klaar.”

“Ek het simpatie met julle, maar daar is die feeste?”

“’n Fees elke paar maande gaan nie noodwendig kos op die tafel sit nie. En jy moet die regte mense ken. Dieselfde regisseurs gebruik dieselfde mense oor en oor. Jy kan jou longe uitspeel, as jy nie die flavour of the month is nie, is jy in jou moer in.”

“Sal jy ooit oorweeg om terug te trek Johannesburg toe? Is die meeste van die werk nie daar nie?”

“Nie noodwendig nie. Hier gebeur deesdae baie in die Kaap. Jy moet net by die regte mense inkom. Maar as ek eerlik moet wees, is ek so sat gesukkel. Ek wil iets anders begin doen. Dis hoekom ek die video gemaak het. As mense my net kan raaksien. Maar, so by the way, Janine Louw se bestuurder het my gebel. Hulle wil ’n nuwe video maak en met my praat. Hulle het ‘Soeker’ gesien en hou daarvan. Who knows? Dalk is ek op die regte pad.”

Hulle het vir ’n ruk in stilte gery. By Clanwilliam het Carel regs van die N7 afgedraai en gery tot by die Klawer-afdraai.

“Dis seker lekker om so ’n plek te hê,” het Nico gesê. “Waar jy kan gaan wegkruip as dit nodig is.”

“Dis lekker, ja. Ek verkies die stilte. Was nog nooit een vir die glitz en glamour van die stad nie.”

“Maar jy kry seker baie uitnodigings?”

“Ja, maar ek gaan nie altyd nie. Net as ek regtig wil. As dit vir ’n goeie doel

is.”

“O, ’n goody two-shoes!”

“Nee, dis nie dit nie. Dis net dat ek dink mense in my posisie moet help waar hulle kan. Ek was, is, gelukkig. Dit gaan goed met my.”

“Hoe gaan dit met André?”

Carel weet hy moet versigtig wees. Hy wil nie hê Nico moet weet van André se verslawing en dat hy nou in ’n rehab is nie.

“Hy’s OK. Dit gaan nog ’n ruk neem vir hom om weer sy ou self te wees.”

“Is hy al ontslaan uit die hospitaal?”

“Ja, maar hy sterk aan by ’n nasorgfasiliteit.”

Dis ’n wit leuen, maar Carel voel nie skuldig nie.

Hulle ry die laaste twintig kilometer op die grondpad en kom by die hek van sy huis. Hy maak die hek oop en trek onder die boom agter die huis in.

“Ek gaan gou oopsluit en die alarm afsit. Pak solank jou tas uit.”

Die huis ruik muwwerig en Carel maak van die vensters oop. Dis lekker om weer hier te wees, dink hy.

Nico kom ingestap met sy sak.

“Kan ek jou goed ook bring?”

“Nee, dis OK, ek sal nou kry. Kom ek wys jou waar is jou kamer.”

Carel gaan haal sy sak en die koelboks in die kar. Hy sit die melk, kaas en eiers in die yskas en die vleis in die vrieskas.

“Dis baie basies hier,” sê hy vir Nico. “Daar is koffie en tee en ek dink hier is nog ’n bottel wyn of twee. Verder is dit brood en vleis. Ons kan môre braai. Ek gaan vir my koffie maak. Is jy lus?”

“Dankie.”

Carel skakel die ketel aan en stap terug na sy kar toe om sy kitaar uit te haal. Hy wil kyk of hy die volgende paar dae ’n liedjie of twee kan skryf. Dis hier by die dam waar hy voel sy kreatiwiteit is die sterkste.

Hy lig sy kitaar uit die bakkie en kan sweer hy hoor iets in die bos anderkant die heining. Hy kyk op en luister. Nee, daar is niks nie.

Hy sluit die kar en stap terug huis toe.

Sy kan nie glo sy het aan die slaap geraak nie. Sy het op 'n stoel aan die agterkant van haar huis gesit en wag. Met 'n kombers om haar gevou het sy gewag. Sy het nie geweet of hy vanaand al sal kom nie, maar sy wou seker wees.

Sy het wakker geword van die kar se deur wat in die verte klap. Wanneer daar so min mense hier is, is dit doodstil. Sy het opgespring en vir 'n oomblik was sy nie seker waar sy was nie.

Dis Carel! Carel is hier. Sy het opgestaan en na haar hek toe gestap. Dit saggies oopgemaak en nader gestap.

Sy het agter 'n bos by sy heining gaan staan en gesien hoe hy sy kitaar uit die kar tel. Dit was donker, maar sy kon hom in die effense maanlig sien. Sy het vorentoe gebuk en die bos se blare het geritsel. Sy het geskrik. Stilgestaan toe sy sien hy kyk op. Sy het haar asem opgehou en gehoop hy hoor nie haar hart klop nie.

Hy het teruggestap in die huis.

Gelukkig is hy alleen, het sy gedink.

“Die toilet en stort is buite die huis, hier agter,” sê Carel vir Nico terwyl hy vir hulle koffie maak. “Die water is warm. Dis darem nie nodig vir ’n koue stort nie.”

“Jou plek is nice. Ek hou daarvan.”

“Dankie. Nie baie mense weet eens hiervan nie. Jy is een van die min mense wat al hier was.”

“Ek voel geëerd.”

“Ek gaan tande borsel en slaap. Het jy alles wat jy nodig het?”

“Ja, thanks, ek gaan nog ’n bietjie op die stoep sit. Sal later stort en gaan slaap. Nag. Sien jou in die oggend.”

Carel gaan badkamer toe en daarna na sy kamer. Hy maak die deur toe. Dit was ’n lang week en hy weet hy gaan soos ’n klip slaap.

Nico sit en kyk na die dam se rustige water. Hy is ’n slegte slaper. Dis asof daar altyd iets is wat hom jaag. Sy kop is ’n warboel idees. Wat hy kan doen om meer geld te verdien. Idees vir TV-reekse en toneelstukke. Draaiboeke vir fliks.

Geld, dis alles fokken geld, dink hy. Money makes the world go round. Geld maak geld. Mammon, die heerser van alles. Hy haal sy hoed af vir die jong mense wat steeds drama gaan studeer en ’n lewe daaruit probeer maak. Daar is opwindende dinge wat gebeur, dit weet hy. Die jong mense begin uit die boks dink. Hulle begin hulle eie produksies aanmekaarsit. Hulle daag weer die establishment uit. Waar mense van sy ouderdom al die toestand in die land amper gelate aanvaar, is daar hierdie groep wat sê genoeg!

Maar maak hulle geld? wonder hy. Verdien hulle genoeg om huur te betaal, telefoonrekening te betaal, die gulsige Eskom te betaal? Hoe lank moet ’n mens suffer for your art in hierdie land?

Hy sit nog ’n rukkie. Staan op en gaan na sy kamer toe en wil die lig aanskakel, maar besluit dan tog om eers te gaan stort.

Hy stap stil by die huis uit na die buitestort en hoop die geluid van die water gaan nie vir Carel wakker maak nie.

Sy het geduldig gewag. Sy het gesien die lig in Carel se kamer is af. Nog net 'n rukkie, nog net 'n rukkie, dan gaan sy saggies sy hek oopmaak en instap. Net om te kyk.

Sy skrik toe sy die man sien. Wie is dit? Waar kom hy vandaan?

Sy hou haar oë op skrefies, maar kan nie sien wie dit is nie. Sy weet dit is nie Carel nie. Daarvoor ken sy hom te goed. Carel is in gevaar en ek moet hom help, dink sy.

Nico is amper by die stort toe hy onthou hy het nie 'n handdoek saamgebring nie. Hy draai om en stap terug huis toe.

Sy maak die hek by Carel se huis saggies oop. Kyk om haar voete en sien 'n houtstomp lê. Dis al wat daar nou is en sy sal dit moet gebruik. Sy gaan staan by die hoek van die huis en kyk om die draai of sy die man weer sien.

Hy het 'n handdoek gekry en stap na die stort toe. Dis donker en hy moet mooi kyk waar hy loop.

Hy val vooroor toe die hou hom op sy agterkop tref. Daar is nog 'n hou, weer op sy agterkop. Dis hard en dis seer. Hy probeer sy hand lig.

“Wat de ...”

'n Derde hou tref hom. Hy staan hande-viervoet en probeer regop kom. Nog 'n hou. Hy sak weer af. Nog 'n hou skuins op sy agterkop. Sy knieë gee onder hom in. Hy val met sy gesig in die sand. Dis donker. Dit word ál donkerder. Hy voel hoe hy wegdommel.

Sy is bang. Sy buk af en probeer in die donker die man se gesig uitmaak. Sy weet nie wie dit is nie. Wat maak hy hier? Carel was tog alleen toe hy hier aangekom het. Of was hy?

Sy hou haar hand voor die man se neus. Dit voel of hy nog asemhaal.

Sy sien die handdoek wat onder hom lê.

Wie is dit?

Sy stap om hom en 'n leksel van die maanlig skyn op sy gesig.

Dis Nico de Jongh, sien sy. Wat maak hy hier? Sy glo nie die stories oor hom en Carel nie, maar wat maak hy hier? Carel bring amper nooit mense hierheen nie. Linda was al 'n keer hier. Alma twee keer. Hy is altyd alleen. Hoekom het hy vir Nico saamgebring?

Sy kyk na sy lyf en sien daar is iets vas aan die gordel van sy jeans. Sy buk nog nader. Maak saggies die sakkie oop en haal die silwerkleurige ding uit. Sy weet nie wat dit is nie.

Sy dink sy hoor 'n geluid in die huis. Ek moet wegkom. Ek moet dadelik wegkom, dink sy. Ek gaan nie kan verduidelik hoekom ek 'n man met 'n houtstomp oor die kop geslaan het nie. En Carel sal dan weet en dis nie hoe hy van haar moet uitvind nie. Nie so nie.

Sy staan op en stap vinnig na die hek toe. Maak dit saggies oop en drafstap na haar huis toe. Sy sit nie ligte aan nie. Sy vat net haar handsak en haar karsleutel. Sy kan later, 'n ander dag, die res van die goed kom haal. Sy maak die deur agter haar toe. Sluit dit en stap na haar kar toe.

Sy probeer so sag moontlik te werk gaan. Sluit die deur oop, klim in, maak die deur toe. Sy skakel die enjin aan. Sy besef die hek is nog toe. Klim weer uit, maak die hek oop. Klim in en ry saggies uit. Maak die hek toe.

Sy skakel nie haar kar se ligte aan nie. Sy ry stadig. Daar moenie nou klippe spat nie.

Toe sy by sy huis verbyry, kyk sy of sy enige beweging sien. Daar is niks nie.

Sy ry verder en toe sy dink dis veilig, skakel sy haar karligte aan en ry vinniger.

Sy moet wegkom. Hulle sal die polisie laat kom. Hulle kan dalk begin rondvra en haar by haar huis kry. Sy kon nog nooit gejok het nie. Sy weet hulle sal haar uitvang. Sy moet by die huis kom. Haar huis in Melkbos waar sy veilig voel.

Maar wat as Nico daar was om iets aan Carel te doen? Wat as hy hom wil seermaak? Of wat as daar regtig iets tussen hulle is? Dit kan tog nie wees nie! Nie Carel nie. Nie haar Carel nie!

Sy ry deur Clanwilliam en draai links op die N7. Dis amper halfvier en die nag is donker. Naby Citrusdal trek sy van die pad af. Sy skakel die binnelig van haar kar aan en kyk na die silwer ding. Sy draai dit om en sien dis 'n Leatherman. Sy vou dit oop, trek die mes uit. Sy wonder hoe skerp dit is. Sy hou dit teen haar duim. Voel-voel. Die lem is baie skerp.

Ek gaan dit hou, dink sy. Dalk kan ek dit eendag vir Carel wys en vir hom die storie vertel en dan kan ons daaroor lag.

“Nico! Nico!”

Dis vroeg in die oggend en die son is net op. Carel het baie goed geslaap. Toe hy by die sitkamer-en-kombuis-deel van die huis instap, sien hy Nico se kamerdeur is oop, maar hy is nie daar nie. Dit lyk nie of hy in die bed geslaap het nie. Vreemd.

“Nico!” roep hy weer.

Hy sien die skuifdeur is oop en stap uit op die stoep. Nico is ook nie daar nie.

Carel stap om die huis en sien vir Nico lê. Hy skrik en hardloop nader.

Hy buk by Nico en sien die bloed agter sy kop. Hy raak daaraan. Dis nog klam. Wat ook al gebeur het, was nie te lank gelede nie. Sy kop maal. Wie was laas nag hier op sy werf om dít te doen?

Hy raak aan Nico se skouer. Buk verder af en sien Nico haal asem. Verligting spoel deur hom.

“Nico! Nico!”

Nico maak sy een oog stadig oop.

“Wat het gebeur?” prewel hy.

“Ek weet nie. Ek het wakker geword en jou gesoek. Toe kry ek jou hier.”

Nico probeer regop kom. Val terug.

“Wag, versigtig. Kom ek help jou op,” sê Carel.

Hy sit sy hande onder Nico se arms, trek hom op. Stut hom dan met sy skouer en stap stadig na die huis toe.

In die sitkamer laat hy hom op ’n bank sit. Hy gaan kombuis toe en maak ’n vadoek nat. Kom terug en sit dit op Nico se kop.

“Ons moet jou by ’n dokter kry. Dis nog baie vroeg, maar ons moet hospitaal toe ry.”

“Ek dink nie dis nodig nie,” sê Nico. “Dit was net ’n moerse hou teen my kop. Noudat ek dink, dit was meer as een hou. Wie de fok sal so iets doen? Is hier ingebreek?”

“Nee, die skuifdeur het oopgestaan en alles is nog hier. Is jy seker dit was iemand wat jou oor die kop geslaan het?”

“Wel, ek het dit nie self gedoen nie!”

“Ja, skuus, ek weet. Ek trek net gou klere aan, dan ry ons.”

“Nee man, ek sal OK wees. Fok, dit voel of ’n trein my getrap het.”

“Dit lyk of dit ophou bloei het. Laat ek net kyk hoe diep die wond is.”

Daar is ’n sny aan Nico se kop, maar dit lyk nie of steke nodig sal wees nie.

“Luister, ek is nie ’n dokter nie. Kom ons gaan hospitaal toe, dat hulle ten minste net goed kan kyk.”

“OK, maar ek dink steeds nie dis nodig nie.”

By die hospitaal kyk ’n dokter na die wond en sê steke is nie nodig nie. Hy skyn met ’n lig in Nico se oë en vra hom om sy nek te draai.

“Dit lyk nie of daar ander skade is nie. So ’n harde hou of twee teen die kop kan gevaarlik wees. Jy was gelukkig. Die persoon wat die slaanwerk gedoen het, was nie baie sterk nie. Sterk genoeg om jou uit te slaan, maar gelukkig nie om jou dood te slaan nie. Weet julle wie dit gedoen het?”

“Nee, ek het uitgestap om te gaan stort en volgende wat ek weet, het Carel my kom wakker maak.”

“Julle moet versigtig wees. Daar is mense wat weet die huise by Bulshoek staan meestal leeg.”

“Maar niks anders is weg nie,” sê Carel.

“Ja, dis vreemd. Was julle al by die polisie?”

“Nee, en ek dink nie ons gaan nie,” sê Nico. “Wat sal hulle kan doen?”

“Ek weet nie, maar dis dalk net goed dat hulle weet.”

By die hospitaal se ontvangs haal Carel sy beursie uit en betaal die rekening.

“Dankie, ek sal met jou regmaak,” sê Nico.

“Nie nodig nie. Ek voel verantwoordelik hiervoor.”

Hulle besluit om dit nie by die polisie te gaan aangee nie.

“Ons is al so gewoond aan erger crime dat ons dit sien as ’n kleinigheid,” sê Nico. “Wat sal dit tog help? Los die polisie sodat hulle belangriker werk kan doen.”

Scoop, 27 Augustus 2012

Sepiester kry hou by liefdesnessie

Deur Blom Venter

Die arme Nico de Jongh. Hy en die Afrikaanse sanger Carel Strydom was by Strydom se liefdesnessie in Clanwilliam en daar het die sepiester 'n hou oor die kop gekry wat hom in die hospitaal laat beland het.

'n Werknemer by die hospitaal het *Scoop* gebel met hierdie sappige storie.

“Die twee was hier vir die naweek en het vroeg die Sondagoggend hier aangekom,” vertel die persoon wat naamloos wil bly. “De Jongh het 'n moerse hou op die kop gekry en 'n bekommerde Strydom het die hele tyd by hom gebly toe die dokter na die wond gekyk het. Hy het nie steke gekry nie. Die wond is net skoongemaak en toe hulle hier weg is, het Strydom die rekening betaal.”

Die tweetjies probeer dit nou al lank ontken dat daar iets tussen hulle is, maar dit lyk al hoe meer of hulle lieg.

“Hulle is duidelik baie gemaklik in mekaar se geselskap. Almal op die dorp weet ook dat Strydom gewoonlik alleen na sy huis toe kom. Hoekom sou hy vir De Jongh saambring het?” wil die werker weet.

De Jongh was die regisseur van Strydom se nuwe musiekvideo en dis hoe die twee lovebirds mekaar ontmoet het. Hulle kan maar stry en baklei, maar dit lyk of Suid-Afrika 'n nuwe glamorous gay couple het.

“Ignoreer dit,” sê Linda. “Moenie jou daaraan steur nie. Jy weet dis nie waar nie. Die waarheid kom altyd uit.”

“Ek weet, maar ek is so gatvol. Hoekom moet ek myself die hele tyd aan mense verduidelik?” wil Carel weet.

“Dis sleg, ek weet, maar dit sal oorwaai. Natuurlik is daar mense wat dit sal glo, maar jou ondersteuners ken jou goed genoeg. Hulle weet wie en wat jy is. Ek weet wie en wat jy is.”

Carel stap tot by die skuifdeur en sien hoe die reën saggies val. Dis winter in die Kaap en al brand sy kaggel, is dit koel.

“Ek gaan vir nou niks sê nie,” sê hy. “Ek sal vir Nico bel en sê hy moet ook met niemand in die media praat nie. Ons hou dit maar dop. Ek hoop dit waai gou oor.”

“Dit sal. Ek glo dit sal. Jy weet hoe ek voel oor die viktimisasie van gay mense. Dit maak my net so gatvol. Maar wag. Die waarheid sal die een of ander tyd uitkom.”

“Jy’s reg. Ek begin dink dis dalk tyd. Het jy al vir Sophia Lategan van *Die Burger* ontmoet?”

“Nog net een keer en ons het al ’n paar keer oor die telefoon gepraat. Hoekom vra jy?”

“Ek dink dis tyd en ek dink sy is dalk die een om mee te praat.”

“Regtig? Hoekom ’n koerant? Hoekom nie ’n tydskrif nie? Ek kan vir jou ’n onderhoud op TV ook reël.”

“Nee, ek hou van haar. Ek vertrou haar. As ek vir iemand my storie gaan vertel, moet dit iemand wees wat ek vertrou. Ek het ’n goeie gevoel oor haar.”

“OK. Dink daaroor. Laat weet as ek moet help of die onderhoud moet reël.”

“Ek maak so. Daar is ander mense om ook in ag te neem. Ek wil dit nie nou dadelik doen nie, maar dis tyd. Dalk ná Allegro.”

“Hoe gaan dit met Alma?”

“Goed. Sy was vanoggend hier. Sy het vir my nuwe klere gaan koop. Sy ken my al so goed, dat sy kan koop sonder dat ek by is én dan hou ek daarvan.”

“Jy is gelukkig. Sy is ’n juweel. Ons moet ’n bietjie bymekaar kom.”

“Kom eet Woensdagaand by my. Ek sal haar ook nooi. Sommer vir Nico ook. Ek nooi min genoeg mense.”

“Klink lekker. Wat kan ek bring? Gaan jy vir ons jou famous tamatiebredie maak?”

“Ja, hoekom nie? Dis koud genoeg,” sê hy.

Die Kaapse winter is op sy mooiste die Woensdagaand. Dit reën sag en in Carel se huis brand die kaggel soos gewoonlik en sorg die twee staanlampe vir sagte lig.

Alma is eerste daar.

“Sjoe, maar jy lyk mooi! Vir wie het jy jou so mooi gemaak? Tog nie vir my nie,” sê hy.

Sy bloos.

“Nee, man, dis net gewone klere. Ek het my vir niemand mooi gemaak nie! Kan ek help met iets?”

Carel lag.

“Verander al weer die onderwerp. Nee, alles is klaar. Ek het die hele dag gehad om te kook. Ek hoop dis lekker.”

“Jou tamatiebredie is altyd lekker,” sê Alma.

“Kan ek vir jou ’n glas wyn skink? Rooi of wit?”

“Rooi, dankie. Dis immers winter. Kan jy glo dat ’n Transvaler soos ek leer wyn drink het? Nooit gedink ek gaan gewoon raak daaraan nie, maar nou is daar vir my niks lekkerder nie.”

Nico daag volgende op.

“Ek weet nie hoe ek gewoon raak aan hierdie weer nie,” kla hy. “Dis pal nat. En die mense bestuur soos hulle gat.”

“Jy sal dit gewoon raak,” troos Alma. “Ek het ook gesukkel, maar nou is daar vir my niks lekkerder as die Kaapse winter nie. Tyd vir cuddle en rooiwyn drink en in die huis bly. As jy kan!”

“Wat? As jy kan cuddle of as jy in die huis kan bly?” vra Carel.

Alma bloos weer.

“As jy iemand het om te cuddle. Nie dat ek het nie, maar dis seker lekker as jy het.”

“So gepraat van cuddle, het jy enige reaksie gehad op die kak wat daai Venter-vrou geskryf het?” vra Nico vir Carel.

“Nee wat, nie juis nie. Daar was so hier en daar iemand wat uitgevis het op

Facebook, maar ek dink die meeste mense weet dis nie waar nie. Wat my eintlik die viesste maak van die artikel, is dat die joernalis nie eens die moeite gedoen het om kommentaar by my of by jou te kry nie. Skryf net wat sy wil en kom weg daarmee.”

“Ek sweer,” sê Nico, “as ek die Powerball wen en ek word sommer miljoene sterk, is dit die eerste ding wat ek gaan doen. Ek gaan elke fokken joernalis en elke fokken publikasie sue vir alles wat hulle het.”

Carel lag.

“Dit gaan tog nie help nie. Jy wen dalk een saak, maar hulle gaan weer en weer die kans gebruik om te skryf net wat hulle wil.”

“Ek kry julle jammer,” sê Alma. “Dit moet aaklig wees om altyd te wonder wat iemand volgende gaan skryf.”

“Ek is al gewoond daaraan,” sê Carel. “Dis nie lekker nie, maar dit kom ongelukkig saam met die werk. Mense is altyd nuuskierig om te weet en nou ja, hulle hou van helde met voete van klei.”

“Ons Afrikaners gun mekaar ook niks nie,” sê Nico. “Die oomblik as jy ’n sukses is, probeer hulle jou aftrek tot in die gutter. Dis siek.”

“Dis darem nie altyd so nie. Die meeste mense gun jou die sukses. Maar ja, daar is altyd dié wat net wag dat jy skeeftrap.”

Die voordeurklokkie lui en Carel gaan maak oop. Linda skud haar sambreel af en stap in.

“Lekker koud en nat, nè?”

“Kom in. Die ander is al hier.” Carel stap voor. “Dis lekker dat julle hier is. Ek moet dit meer doen. ’n Mens kan nie so opgesluit wees nie. Linda, jy ken almal. Jy en Nico het al ontmoet?”

“Ja, die ander dag toe hy die video gebring het. Hallo, hoe gaan dit?”

“Goed, dankie. Nog aan die lewe.”

“Hallo, Alma. Jy lyk mooi vanaand,” sê sy.

Carel kyk na Alma. Sy lyk mooi. Sy het soos gewoonlik jeans en haar kleurryke tekkies aan, maar vanaand het sy ’n langmou-T-hemp met ’n V-hals aan wat stywer sit as die klere wat sy gewoonlik dra. Die donkerblou bring die kleur van haar oë uit en Carel kan sien sy het moeite met haar grimering gedoen. En daar kom hy dit weer agter. Sy bloos!

Hy loer na Linda wat met ’n groot glimlag na Alma kyk. Hoe het hy dit nooit

maakgesien nie? Hy weet natuurlik dat Linda gay is, maar Alma was in sy oë net 'n jong vrou wat nog nie die liefde van haar lewe ontmoet het nie. Altyd aan sy sy en soos 'n moedertjie vir hom, maar daar was nog nooit enige verhoudings nie. Hy het gedink dit is dalk omdat sy so min by die huis is. Nou weet hy.

“Ja, lyk sy nie mooi nie? Ons Alma het kom blom in die Kaap,” merk hy op.

Alma kyk af na haar voete en toe sy weer haar kop lig, kyk sy vir Linda. Daar is 'n blos op haar wange en Carel besef sy is tot haar ore toe verlief.

“Alma, kom help my gou in die kombuis. Nico, sal jy vir Linda 'n glas wyn skink?”

In die kombuis vat hy Alma saggies aan haar arm.

“Hoekom het jy nooit vir my gesê nie?” fluister hy.

“Wat gesê nie?”

“Dat jy verlief is op Linda.”

Sy bloos weer.

“Want ek het nie geweet wat jy daarvan sal dink nie. Ek weet al lank ... Ek weet al lank ek is gay. Ek het probeer. Het mans gedate en so. Maar ek het altyd geweet. Maar Linda, Linda het my eindelijk laat besef,” sê sy. “Carel, jy mag nie vir haar sê nie! Asseblief. Ek voel soos 'n simpel bakvissie. Asseblief, moenie iets sê nie.”

“Ek sal nie, maar ek gaan help waar ek kan. Dit is vir my 'n match made in heaven. Julle sal goed wees vir mekaar. Jy weet Linda is al lank op haar eie. Ek dink sy is weer reg vir 'n verhouding. Sy het seergekry met die vorige een, maar ek dink jy is dalk net wat sy nodig het. Kom ons gaan in, hulle wonder seker waar ons is.”

Die aand is 'n sukses. Hulle lag en gesels, probeer al die probleme in die vermaakbedryf met al sy skete oplos en skinder selfs 'n bietjie.

Halfelf staan Linda op.

“Ek moet ry. Alma, is jy hier met jou eie kar?”

“Ja. Ek stap sommer saam met jou.”

Carel gaan saam met hulle voordeur toe. Die reën het opgehou en voor hy die deur toemaak, sien hy hoe Linda saam met Alma na haar kar toe stap.

“Is dit wat ek dink dit is?” vra Nico toe hy in die sitkamer instap.

“Ek dink so, ja,” sê Carel en glimlag.

“Het jy geweet? Is dit hoekom jy ons vir ete genooi het?”

“Nee, ek het dit vanaand eers besef. Ons mans is mos nie so ingestel op dié dinge nie. Ek is bly vir hulle. Ek dink hulle gaan goed wees vir mekaar.”

“Ek hoop so. Hulle is twee nice girls. Fok, ons arme mans. Waar gaan ons vrouens kry?”

“Soek jy?”

“Ek begin ál meer dink dit sal lekker wees om standvastigheid te hê. ’n Mens kan nie jou lewe lank so rondfok nie. Maar hoe onderhou ek ’n vrou? En wat as daar kinders is? Ek wil nie my hele lewe lank sukkel nie. Maar het ek vir jou gesê ek gaan Janine se nuwe video maak? Ek is moerse chuffed. Hulle hou van my idee en kom oor twee weke af om dit in die Kaap te kom skiet. En een van die regisseurs by die SAUK hier in Seepunt het gebel. Ek gaan stemwerk doen in ’n nuwe radiodrama. Dis minstens iets. Iewers moet my luck begin draai.”

“Ek is bly. Jy moet net vasbyt. Ek het gister weer gelees van drie nuwe Afrikaanse fliëks wat gemaak word. Het jy ’n agent in die Kaap?”

“Nee, sy is in Joburg. Ek sal haar bel. Ek moet seker ook nie so hardegat wees nie. Om te sukkel het ’n manier om jou weer nederig te maak. Luister, Carel, oor die geld ... ”

“Nico, kom ons maak ’n deal. Ons praat nooit weer oor die geld nie. Sien dit as ’n skenking. Sien dit as ’n lening wat jy nooit moet terugbetaal nie. Wen die Lotto, en dan praat ons weer. Maar asseblief, moenie weer daaroor praat nie. Dit pla my nie. Ek sou dit nie gegee het as ek nie geweet het jy het dit nodig nie. Ek het min pelle. Moenie dat dit ons vriendskap opneuk nie.”

“Dankie. Ek waardeer dit.”

“Lus vir ’n nightcap?”

Sy was later bly dit het ophou reën. Sy het 'n baadjie aangehad, maar die ligte reën het begin deurdring en haar jeans was koud en nat teen haar lyf. Sy het eers net voor die huis verbygeloop en toe op haar gewone plek gaan sit. Besef sy gaan verkleum as sy daar bly sit. En wat as iemand haar sien?

Maar sy ken Kapenaars. Hulle doen hulle eie ding. Selfs op 'n relatief klein dorpie soos Melkbosstrand kan jy dit regkry om 'n anonieme lewe te lei. Daar is seker mense wat mekaar ken en oor en weer kuier, maar daar is ook diegene – en sy is een van hulle – wat voortgaan met hulle lewens sonder dat ander van hulle bewus is. Sy gaan nooit na die winkels toe op die dorp nie. Sy ry eerder Tableview toe. Sy is te bang mense raak vriendelik en begin uitvra. Hoe minder mense van haar weet, hoe beter. Sy is in elk geval nie hier om vriende te maak nie.

Sy het weer opgestaan en verby sy huis gestap. Sy het gesien daar is mense by hom. Sy het die klein verkyker uit haar sak gehaal. Dit was duur, maar dit was elke sent werd.

Sy het deur die verkyker gekyk. Gesien hoe hulle in die sitkamer sit. Sy het eers vir Carel gekyk. Hy lyk so mooi in blou. Sy moet tog eendag vir hom sê hy moet meer blou dra. Alma was daar, Linda ook. En Nico de Jongh. Wat is dit met Carel en Nico? Wat as dit waar is? Wat as sy vyf jaar van haar lewe opgeoffer het vir niks? Nee, sê sy vir haarself, dit kan nie wees nie. Dit kan net nie wees nie.

“Hoekom is daar niemand in jou lewe nie?” vra Nico waar hy en Carel in die sitkamer oorkant mekaar sit.

Carel kyk vir Nico. Hy geniet hulle nuwe vriendskap, maar vertrou hom nog nie so dat hy sy hart sal oopmaak nie.

“Jy weet tog hoe dit is. Stel ’n vrou in jou belang vir jou naam en wie jy is, of stel sy belang in die mens?”

“Ja, daar is baie wat net vir die fame en fortune gaan. Ek weet dit. Toe ek in *Moorivier* was, kon ek pick en choose. Die vroue het hulleself omtrent aangebied. Maar daarvan kan ek jou seker niks vertel nie.”

“Ja, dis hartseer. Maar by my is dit ook ... Ek kom nie uit ’n huis wat van liefde oorgeloop het nie. My ma was baie lief vir my, maar my pa ... Kom ons sê net dat ek baie mooi sal dink voor ek eendag trou. Ek gaan baie seker moet wees.”

“Is daar regtig niemand nie?”

“Nee, daar was, maar nie op die oomblik nie.”

Hy wil die onderwerp verander. Te bang dat Nico alles uit hom sal trek.

“Wat wil jy nog in jou loopbaan doen?” vra hy vir Nico.

“Nog baie. Ek wil weer op die verhoog kom. Ek droom van ’n feature, ’n vollengte-fliek. Ek sal graag wil direct. Maar daar is net so fokken min geld. Die flieks kom die een ná die ander uit en ek is seker mense maak geld, maar dis om daardie geld te kry om dit te maak. Wat wil jy nog in jǒu loopbaan doen?”

“Daar is net een ding wat ek weet. Die dag wanneer ek doodgaan, moet mense my onthou vir meer as my musiek.”

“Wat bedoel jy?” vra Nico.

“Daar moet meer wees. ’n Mens moet meer kan doen. Ek kan nie hier bly en met die kar ry wat ek ry terwyl ek weet daar is mense, musikante, wat sukkel nie. Veral nie die ouer mense nie. Ek kry hulle jammer. Daar is ooms wat hulle siel vir die bedryf gegee het en nie weet wie hulle volgende hospitaalrekening gaan betaal nie.”

“Klink my jy is ernstig oor die ding.”

“Ek is. Moet asseblief nie daaroor praat nie. Ek het ’n plan, maar ek moet nog skaaf daaraan. Ek kan nie net terugsit en vir die see kyk nie. Ek moet iets doen. Ek weet ek moet.”

Sy het weer voor die huis verbygeloop. Dit het ophou reën. Sy het gesien hoe Linda en Alma daar weg is, maar Nico het gebly.

Sy wonder wat sy gaan doen as sy moet sien ... Sê nou maar net sy sien Carel en Nico soen mekaar. Sê nou maar net dis waar.

Sy begin huil. Dit kan nie. Dit kán nie.

Sy gaan staan stil en staar die huis aan. Dis asof sy hulle met haar gedagtes wil keer. Asseblief moenie, asseblief moenie, asseblief moenie.

Sy het bly staan tot Nico opgestaan het en Carel agter hom aangestap het. Daar is niks. Sy weet daar is niks tussen hulle nie. As daar was, sou sy iets gesien het.

Sy huil harder en stap na haar huis toe. Maak die hekkie oop en stap na die skuifdeur wat sy met bewende hande oopsluit.

Sy gaan kombuis toe en sit die ketel aan. Sy het iets warmes in haar lyf nodig.

Wat het hulle vanaand geëet? wonder sy. Sy kan dink Carel is 'n goeie kok. Hy het so 'n rustigheid aan hom. Hy lyk soos 'n man wat ure in 'n kombuis kan deurbring.

Haar gedagtes dwaal en sy droom van die tyd wanneer sy by hom in die kombuis gaan sit en hy voor die potte sal wees. Hulle sal gesels oor alles en nog wat en sy sal elke dan en wan na hom toe stap en saggies oor sy rug vryf. Hulle sal wyn drink en eet en jy sal die liefde in die huis kan voel. Dis hoe dit gaan wees, dink sy. Net so.

Sy dink aan haar ma en pa. Hoe gelukkig hulle was. Dit was net die drie van hulle op die plaas. Haar ma het elke oggend ingery dorp toe om haar skool toe te vat en wanneer die klok in die middag gelui het, was sy daar om haar op te tel.

Dit was altyd net die drie van hulle. Hulle was so gelukkig.

Sy het goed gedoen op skool. Wanneer dit prysuitdeling was, het sy met arms vol bekere huis toe gegaan. Altyd akademies, nooit sport nie.

Maats het sy nie juis gehad nie. So nou en dan het sy probeer, maar sy het vroeg reeds besef sy hou nie so baie van mense nie. Sy het pouses haar toebroodjies geneem en in die son gaan sit. In die Noord-Kaap het die son altyd

geskyn.

Toe die geoloë kom om toetse te doen, het haar pa hulle laat begaan. En toe die mynmaatskappy die reuse-aanbod vir die plaas maak, het dit haar ouers nie lank geneem om te besluit nie.

Hulle wil net wag vir haar om matriek te skryf, het haar pa vir die man gesê. Dan kan hulle die plaas vat. Sy dae hier is verby.

Dit was 'n goeie dag toe sy haar laaste vak geskryf het. Sy het deur die skoolhek gestap en in haar ma se bakkie geklim. Sy het geweet 'n nuwe lewe wag op hulle.

Die volgende oggend het die treklorrie gekom. Die meubels wat haar ma wou hou, is ingelaai. Ook van hulle klere en bokse kombuisgoed. Haar ma en pa se bakkies het hy aan 'n buurman verkoop. Die lorrie is daar weg met 'n stofstreep agterna. Die aand sou hulle laaste op die plaas gewees het. Die vorms is geteken en die miljoene was in haar pa se bankrekening.

Hulle het die volgende oggend ontbyt geëet en haar pa se ou Corolla gepak. Wanneer hulle in die Kaap kom, gaan hy vir hulle 'n nuwe kar koop, het haar pa gesê. Splinternuut uit die boks. Sy en haar ma het gelag. Dit was lekker om haar pa so gelukkig te sien.

Hulle het gewoonlik in Stilbaai vakansie gehou, maar dié een was 'n spesiale vakansie. Hulle het Kaap toe gegaan. Vier weke in Langebaan en dan huis soek iewers in die Kaap. Sy het saam met haar ouers besluit om die volgende jaar 'n blaaskans te vat en nie dadelik te gaan studeer nie. Sy was nie seker wat sy met haar lewe wou doen nie en alles sou in elk geval afhang van waar haar pa en ma gaan woon. Sy kon haar nie indink om selfs 'n dag sonder hulle te wees nie.

Die Corolla was oud, maar daar was gelukkig lugversorging en 'n CD-speler. Haar ma het een van Carel Strydom se CD's in die speler gedruk.

“Die klong sing darem mooi,” het haar ma gesê.

“Ja,” het haar pa gesê. “Enige skoonpa se droom.” Hy het omgedraai en vir haar geknippoog.

Sy het skaam vir hom geglimlag.

Die son het later warm gebrand. Haar pa het altyd versigtig gery. Nooit te vinnig nie. Nooit nie. Altyd gehou by die spoedbeperking.

Hy het die slaggat te laat gesien. Die wiel het dit teen 120 kilometer getref en dit het die kar van balans gegooi. Haar pa het die stuurwiel geruk. Haar ma het

gegil. Die kar het begin rol.

Sy is agter uit die kar geslinger en het met 'n harde slag die gruis langs die pad getref. Sy het 'n paar keer gerol en kon voel hoe die gruis die vel van haar arms en bene en haar gesig skuur. Sy sal nooit die geluid vergeet van die kar wat rol nie.

Sy het probeer opstaan. Eers op haar knieë gedraai en met haar bebloede hande op die grond voor haar gedruk.

Die kar was 'n ent van haar af, weer op sy wiele. Sy het gestruik-stap tot daar. Waar haar pa gesit het, was die dak ingeduik tot op die sitplek. Haar ma, nog met die veiligheidsgordel om haar lyf, het met haar kop agteroor gesit.

“Mamma! Mamma!” het sy haarself hoor skreeu. Sy het die deur probeer oopkry. Dit was moeilik. Sy het gepluk. Weer gepluk. Die deur het met 'n kreun oopgegaan.

“Mamma! Asseblief! Mamma!”

Sy het die veiligheidsgordel losgemaak en haar ma onder haar arms beetgekry. Sy weet nie waar sy die krag vandaan gekry het nie, maar sy het haar ma uit die kar gesleep.

Sy het gevoel hoe haar knieë onder haar ingee en haar ma se lyf het bo-oor hare geval. Sy het regop gebeur, haar ma se kop in haar hande geneem.

“Mamma asseblief mamma asseblief mamma asseblief ... ” het sy oor en oor en oor gesê.

Haar ma het haar oë effens oopgemaak.

“Hier sal nou hulp kom. Mamma, asseblief ... ”

Haar ma het haar in die oë gekyk en sag gesê: “Kyk mooi na jouself. Lief vir ... ”

Sy weet nie hoe lank sy so gesit het voor die eerste kar by die ongeluk gestop het nie. Sy onthou net sy het gewonder hoe 'n kar soveel skade kan opdoen, maar die CD-speler hou aan met speel.

Carel het gesing asof hy daar was om haar te troos.

“Ek het die repetisieskedule vir Allegro gekry,” sê Linda.

Carel sit in haar kantoor. Hy was die oggend by André en het ’n plek gesoek om te kom afpak. Dit gaan nie goed met André nie. Hy sukkel om aan te pas en is nukkerig met almal wat met hom te doen het.

“En? Hoe lyk dit?”

“Baie soos verlede jaar. Jy repeteer saam met Nienkie wanneer sy volgende week Kaap toe kom. Jy moet drie dae voor die konsert by Sun City wees, met ander woorde môre oor drie weke. Jou reisreëlins is ook hier. Al die kunstenaars bly weer in die Cascades. Jy vlieg die Woensdagoggend voor die konsert Lanseria toe. Iemand sal jou daar kom haal. Ek sal nog uitvind wie. Jou eerste repetisie in die Superbowl is die middag vyfuur. Dan is daar weer een vir Donderdagoggend en ’n groot sound check laat die middag. Vrydag is daar twee finale repetisies. Die konsert is Saterdagavond seweuur. Hulle het jou mates gevra vir klere. Hulle het vir Dion Roberts gekry om die stilerings te doen. Jy is in goeie hande. Hy weet wat hy doen.”

“Hy moet my net nie laat belaglik lyk nie,” sê Carel.

“Nee, man. Julle het al saamgewerk. Hy ken jou styl.”

“Weet jy wat ek gaan sing?”

“Ja. Natuurlik ‘Soeker’ en ‘Maanmens’ van die nuwe CD. Hulle wil ook hê jy moet ‘Weskusliefde’ van die vorige CD sing, en dan is jy deel van ’n medley van Swannie Swanepoel se musiek. Die medley gaan julle eers by Sun City oefen.”

“Oom Swannie?”

“Jip, hy kry die toekenning vir sy bydrae tot musiek.”

“Hoog tyd. Wanneer laas het jy iets van hom gehoor? Hoe gaan dit met hom?”

“Klink my OK, maar hy raak oud. Ek weet hy bly in ’n ouetehuis iewers in Roodepoort. Hy en die tannie het mos nooit kinders gehad nie.”

“As ek dink hoeveel wonderlike liedjies hy al in Afrikaans geskryf het, breek dit my hart. Ek dink dit moet my volgende CD wees. ’n Hele album met net oom Swannie se musiek.”

“Kan werk. Veral as jy ander mense kry om dit saam met jou te doen. Van sy werk is geskryf om duette te wees.”

“Ek weet. Die ou oom het ’n romantiese siel gehad. Kan jy dalk vir my uitvind of hy finansieel OK is?”

“Liewe aarde, Carel! Wil jy hom ook nou help?”

“Ek sal as ek kan.”

Linda lag.

“Jy! Ek gaan moet keer. Daar gaan niks oorbly nie.”

“Daar is meer as genoeg. Linda, het hulle iets van Azania gesê?”

“Niks wat met jou te doen het nie. Ek sien sy sing een solo. Dis ’n groot kans vir haar. Is jy OK?”

“Ja, ek is. Ek is ook bly vir haar. Ek weet net nog nie ... ”

“Jy sal weet as die tyd daar is.”

“Ek hoop so,” sê Carel. “En? Hoe gaan dit met jou en Alma? Sy straal. Ek kan amper nie met haar huishou nie.”

Linda glimlag.

“Dit gaan goed, baie goed. Sy is ’n liewe, liewe vrou. Ek weet nie wat ek verdien het om haar te kry nie.”

“Julle verdien om mekaar te kry. Ek kan nie gelukkiger wees nie. Julle moet mooi na mekaar kyk.”

Linda kyk vir hom.

“Ons gaan. Ek dink hierdie is een vir altyd.”

Carel dink aan sy besoek aan André toe hy terugry huis toe. André was moeilik. Op hom geskreeu en gesê hy weet nie wat hy deurmaak nie. Dat hy tog in elk geval niks vir hom omgee nie.

“André, ek gee om. Ek wil hê jy moet beter word.”

“Hierdie is nie ’n fokken siekte nie! Dis ’n verslawing! Ek wens net mense wil ophou om my soos ’n kind te behandel. Hoe lank moet ek nog hier bly?”

“Tot hulle sê jy kan gaan.”

“Ek weier. Ek kan na myself kyk. Ek kan!”

André het besef sy aanslag gaan nie werk nie. Sy stem het sagter geword.

“Ek het my les geleer. Asseblief, buddy, kry my hier uit. Ek belowe ek sal nie weer nie. Toe. Asseblief, man.”

“Nee, jy gaan hier bly. Hierdie mense weet hoe om jou te help. Jy moet hier bly tot jy reg is om huis toe te gaan.”

André het begin huil.

“Ek het niemand nie. Daar is niemand wat vir my omgee nie. Julle gee nie ’n fok vir my om nie!”

“Ons gee om. Dis hoekom ons wil hê jy moet hier bly.”

André het gesnuif. Sy oë afgevee.

“Hoe gaan dit by Encore?”

“Dit gaan so-so. Ons hou die wolf van die deur. Jy gaan as jy ontslaan word na jou eie finansies moet kyk. Ek dink jy gaan jou huis moet verkoop. Jy kan nie bekostig om dit te hou nie. Jy gaan moet afskaal.”

“En jy?” het André so hard gevra dat daar van sy speeksel op Carel se gesig gespat het. “Wat van jou? Jy moet seker nie afskaal nie? Ek het jou gekry waar jy vandag is, maar nou kan jy lekker handjies gevou sit en kyk hoe ek afkak!”

“Jy weet dis nie waar nie. Ek sal altyd sorg dat jy OK is. Ek is dankbaar vir wat jy vir my gedoen het, maar hierdie ding het jy oor jouself gebring. Tough love. Ons moet streng met jou wees.”

“Fok julle almal!” het André uitgeroep. “Dis nou wat ’n mens kry as jy iemand uit ’n hool in Saldanha haal. Stank vir dank!”

“André, ek gaan nou loop. Ek gaan weer kom kuier. Dit sal beter raak. Luister net vir die dokters. Praat met die sielkundiges. Doen alles aan jou kant wat jy kan.”

“Man, fok jou! Ek haat jou. Dis jou skuld dat ek hier is.”

Carel het opgestaan en na die deur toe gestap.

“Ek loop nou. Ek sal weer kom kuier.”

Die gesprek met André het hom ontstel. Hy weet dit is André wat hom gekry het waar hy vandag is, maar dit is tog sekerlik nie sy skuld dat die man dwelms begin gebruik het nie? Hy help waar hy kan, maar dan moet mense darem iets van hulle kant af ook doen.

Hy is seker hierdie verskriklike haat en aggressie is deel van André se helingsproses. Dis seker ook ’n mate van vernedering. Hy is skaam oor wat met hom gebeur het. Carel het nog die hele tyd gedink hy sal hom bystaan, maar wragtig, die man maak dit nie maklik nie.

Sy kan bekostig om in The Palace te bly, maar sy gaan nie. Sy het 'n kamer by die Cascades bespreek, want sy weet dis waar die kunstenaars altyd bly. Sy was daar toe Carel verlede jaar in Allegro opgetree het én die jaar voor dit.

Sy bespreek altyd haar kaartjie vir die konsert in die middel voor. Dis die duurste plekke, maar die moeite werd. Nooit in die heel voorste ry nie. Altyd so ses rye agtertoe. Nie te ver nie en ook nie te naby nie.

Sy dink aan die vorige twee keer dat sy daar was. Daar is altyd 'n maalkolk van mense. Die Superbowl is gepak met meer as 5 000 mense, almal daar om hulle gunsteling te sien. Sy was altyd daar vir net een mens: Carel.

Sy het hom verlede jaar een oggend by ontbyt gesien. Sy het geskrik en gebewe toe sy vars vrugte in haar bord skep. Sy het gekyk of hy haar nie dalk raaksien nie, maar hy het nie. Hy het saam met van die ander sangers aan 'n tafel gesit en sy wens sy het die moed gehad om na hom toe te stap, maar daarvoor was sy nie braaf genoeg nie. Sy het haar bord geneem en alleen by 'n tafel gaan sit.

Die konsert was wonderlik, maar vir haar was daar net een man op die verhoog.

Sy het die volgende oggend rondgekyk of sy hom sien, maar hy was nie by ontbyt nie. Sy het later in haar gehuurde kar geklim en lughawe toe gery. Sy sien hom tog wanneer hy weer by die huis kom.

Nou is dit amper weer tyd. Oor 'n paar weke vlieg sy op. Vanjaar gaan sy al die Woensdag. Die konsert is eers die Saterdag, maar sy weet Carel sal al vroeër gaan om te repeteer. Dalk as daar minder mense is, sal hy haar raaksien.

“Luister, girl, is jy reg?”

Azania sit by Heidi in haar kantoor. Teen die mure is daar plakkate van konserte wat sy gereël het en foto's van sangers en akteurs wat sy verteenwoordig. Haar lessenaar loop soos gewoonlik oor van papiere, CD-boksies en tydskrifte.

“Ek is reg. Of so reg soos ek kan wees. Nienkie het my gebel. Ek sien haar wanneer sy in die Kaap is vir 'n kort repetisie en dan weer by Sun City vir die finale repetisies. Ek sing net ‘Hartlam’. Ek is bly hulle het dit vir my gekies. Dit was nog altyd een van my gunstelingliedjies in Afrikaans. En om te dink ek gaan dit sing met 'n volle simfonie-orkes! Ek het nou wel al saam met live bands gesing, maar dis die eerste keer dat ek dit met 'n volle orkes gaan doen. Ek kan nog steeds nie glo hulle het my gevra nie.”

“Ek het die ander dag met Nienkie gepraat. Sy sê sy hou jou al dop van *Idols* af. Sy het net gewag vir die regte kans om jou te gebruik. Daai vrou is brilliant. Sy gaan mooi na jou kyk,” sê Heidi.

“Ek weet. Ek is baie dankbaar. Nienkie het gesê sy gaan my moontlik vir 'n medley ook gebruik, maar sy gaan eers weet as ons by Sun City is. Weet jy wie Swannie Swanepoel is? Almal noem hom oom Swannie.”

“Die ou liedjieskrywer?”

“Ja. Hy kry 'n toekenning vir sy bydrae tot Afrikaanse musiek.”

“Die lifetime achievement?”

“Ja,” sê Azania. “Ek is so bly vir hom. Hy het van die beste liedjies ooit geskryf. Ek het nog altyd gedink dat as ek eendag 'n CD opneem, ek van sy liedjies sal sing. Dis tydloos.”

“Dis 'n idee. Moet ek met 'n paar mense praat?”

“Nee, nog nie. Kom ons kyk eers hoe dit gaan by Allegro.”

“OK. Nog 'n ding. Jou travelling-reëlins het ook gekom. Ek het gevra dat hulle vir jou asseblief 'n kamer moet gee wat groot genoeg is vir jou, Ouma Annie en Roosknoppie. Gesê jy sal daarvoor betaal, maar hulle het gesê dis OK, hulle betaal. Hulle betaal sommer die vliegtuigkaartjies ook. Julle vlieg die

Donderdag voor die konsert op. Een van die production-ouens sal julle by die lughawe kom haal en Sun City toe vat. Man, ek is spyt ek mis dit, maar my granny sal my slag as ek haar verjaardag mis.”

“Ek is ook spyt jy is nie daar nie, maar ek is bly ek het vir Ouma Annie en Rosa daar. Hulle is so opgewonde. Ouma se tas is al amper gepak! Rosa wil net gaan kyk hoe lyk ’n see wat mense gebou het. Sy het nie ’n saak met die konsert nie.”

Heidi lag.

“Daai kind is ’n patroon! Jy moet onthou voor jy loop – ek het ’n geskenkie vir haar.”

“Jy bederf haar.”

“Ek mag maar. Sy is ’n liewe ding en mag maar bederf word. Gaan dit goed met haar?”

“Ja, sy is vrek oulik. Sy kan nie wag vir volgende jaar wanneer sy grootskool toe kan gaan nie,” sê Azania.

“Ek kan nie glo hoe vinnig sy grootword nie.” Heidi kyk vir Azania en wonder of dit die regte tyd is. “Luister, girl, jy is nog nie reg om vir my te sê wie haar pa is nie?”

Azania kyk na Heidi en dan uit by die venster.

“Nee, dis nie belangrik nie. Wat belangrik is, is dat ons gelukkig is. Sy word goed voor gesorg en sy word groot in ’n huis met baie liefde. Dis al wat tel.”

Natuurlik word mense soos sy nie genooi na konserte soos Allegro nie. Daarvoor is sy te kommin. Te boers. Te uitgesproke.

Riana sit in haar woonstel en kyk na haar Facebook-blad. Haar volk is kwaad. Kwaad oor wat in die land aangaan. Kwaad omdat hulle nie werk kry nie. Kwaad omdat die politici ál ryker en hulle ál armer word.

Sy kyk na die kommentare. Meestal oor die land en sy probleme, so hier en daar iemand wat vir haar heuning om die bek smeer oor haar musiek, maar daar is een wat soos 'n dolk in haar hart is.

Riana, hoekom was jy nog nooit op Allegro nie? Almal word gevra behalwe jy.

Sy wil daar wees. Sy wil op daardie verhoog by die Superbowl wees. Dis soos 'n vuur wat in haar brand. Jy het dit nie gemaak as jy nog nie deel van Allegro was nie. Sy weet dit. Almal weet dit. En dan is daar mense wat jaar ná jaar ná jaar gevra word. Wat moet sy doen sodat mense haar sal raaksien? Sal sien dat sy deur die jare hard gewerk het om te kom waar sy vandag is. Beteken dit dan niks nie?

Sy weet sy het nie die beste stem nie, maar sy werk hard. Sy gaan so nou en dan vir sanglesse en probeer alles in haar vermoë om die beste te maak van wat sy het. Hoekom is dit nie genoeg nie? Sal sy ooit goed genoeg wees om in die binnekring van Afrikaanse musiek toegelaat te word?

Sy klap haar skootrekenaar toe en leun terug in die stoel.

As Morné ook net meer sal doen. Hy is useless!

Sy besluit om hom te bel.

“Hallo. Ek kan nie eintlik nou praat nie.”

“Morné, jy kan nooit praat nie! Ek is sat daarvoor. Jy doen niks nie. Jy is veronderstel om my bestuurder te wees, maar jy doen niks nie!”

“Wat wil jy hê moet ek doen?”

Sy kan hoor hy is geïrriteerd.

“Kry vir my meer gigs. Kry my op die groot konserte. Hoekom is ek nog nooit gevra om by Allegro te wees nie? Sê my! Hoekom nie?”

“Want jy kan nie fokken sing nie!” sê hy hard.

Sy is vir ’n oomblik stom.

“Dis nie waar nie. Jy weet dis nie waar nie. Ek het al vier CD’s en my fans is mal oor my,” sê sy.

“Luister, pop, enigiemand kan ’n CD maak. Dit beteken niks nie. En kyk ’n bietjie na jou fans. Is dit regtig die fans wat jy wil hê?”

“Wat bedoel jy?”

“Kyk na daai klomp swape op jou Facebook. Die een meer verkramp as die ander. Jy sou sweer hulle lewe nog in die sixties. Word wakker! Jy moet maar tevrede wees met wat jy het. Meer as dit gaan jy nie kry nie.”

“Hoe durf jy! Jy is die een wat meer van my moet maak as wat ek is. Dis jou werk!”

“ ’n Mens kan nie candy floss uit kak maak nie.”

Sy bly ’n rukkie stil. Haal diep asem. Kyk dan na die foon, want sy is bang hy het neergesit.

“Morné ... ”

“Ja, wat?”

“Jy moet nooit vergeet waar ek vandaan kom nie. Hoekom ek by jou is nie. Dis nie te laat om my storie te vertel nie.”

“Hou op om my daarmee te dreig! Ek is so gatvol vir jou. Ek wou jou nooit op my boeke gehad het nie. Ek was stupid om dit in die eerste plek te doen. Nou sit ek met jou. Ek wens jy wil weggaan! Gaan soek ’n ander bestuurder en kyk wat hulle met jou kan maak. Ek gee regtig nie om nie.”

“Nee, jy het my en ek sal by jou bly tot jy iets van my loopbaan maak. So maklik gaan jy nie wegkom nie.”

“Riana, jy het dit nog nie gemaak nie en jy gaan ook nooit nie. Kry dit in jou klein koppie. Selfs al betaal ek die mense van Allegro, gaan hulle jou nie in die konsert sit nie! Get over it. Dit gaan nie gebeur nie.”

“Jy skuld my, Morné, jy skuld my. Jy skuld my!” skreeu sy.

Sy druk die foon dood. Sy wil huil. Hoe het sy hier gekom? Sy het soveel drome gehad. Sy wou ’n verskil maak. Sy wou mense goed oor hulleself laat voel. Soos Carel haar daai dag by Aardklop laat voel het.

Snaaks, dink sy, sy het nog nooit vir Carel van daardie dag vertel nie. Hy sal dit natuurlik nie onthou nie. Hoeveel jong meisies het nie al skaam-skaam voor

hom kom staan nie? Vaal meisietjies met puisiegesiggies en sterre in hulle oë. Sy het altyd gedink sy sal wag vir die regte tyd, maar die tyd was nog nooit daar nie.

Sy weet ook Morné is reg. Sy gaan dit nie maak nie. Sy gaan nooit die groot naam wees waaroor sy so gedroom het nie. En sy gaan nie 'n ander bestuurder kan kry nie. Niemand wil aan haar raak nie. Sy het net te veel bagasie. Te veel politieke bagasie. Sy sal seker iemand kan kry met groot beloftes van konserte en feeste en CD-kontrakte, maar sy het al geleer van beloftes kom daar gewoonlik niks nie. Daar is steeds mense wat dink musiek is 'n maklike manier om geld te maak. As hulle maar geweet het.

Ten minste is daar iets om na uit te sien, dink sy. Sy was nog nooit by Allegro nie, nie as sanger nie, ook nie as toeskouer nie. Maar vanjaar is dit sulke tyd. Toe sy hoor wie almal gaan optree, het sy gaan kyk hoeveel spaargeld sy het. Dit was nie baie nie, maar met die bietjie spaargeld en 'n geduldige kredietkaart sal sy dit tog kan bekostig om te gaan. Sy haat dit om so te sukkel! 'n Sukkelbestaan in 'n klein woonstelletjie aan die gatkant van Pretoria. Mense dink sy het 'n glansryke lewe, maar dis glad nie so nie. Sy raap en skraap, sing vir 'n paar honderd rand net om huur te betaal en petrol in haar kar te gooi. As sy moet dink hoeveel keer het sy al gratis opgetree net omdat sy gehoop het sy verkoop 'n CD of twee.

Die lewe begin haar onderkry. Sy het nie meer beheer nie. Nie oor haar loopbaan nie, nie oor haar finansies nie, nie oor haar emosies nie.

Sy sug en vee oor haar mond. Haar hand bewe. Sy kan nie onthou wanneer laas sy geëet het nie. Sy is moeg, sy slaap sleg. Daar is iets anders wat besig is om haar lewe oor te neem, 'n onrustigheid wat knaag en knaag.

Carel was natuurlik al by Allegro en vanjaar is hy weer daar. En vir die eerste keer is sy ook daar. Net om te kyk. Sy het 'n kamer in die Cabanas en gaan al die Donderdag deur. Sy kon seker vir die Saterdag deurgery het van Pretoria af, maar sy het besluit om haarself te bederf. Sy het die rus nodig. Dalk kan sy met Carel praat, hom tog oortuig om saam met haar te sing. Dalk kry sy tyd om hom te vertel van daardie oomblik jare gelede by Aardklop.

Wie weet? Dalk kan sy van haar CD's vir die organiseerders gee en dalk gee hulle haar volgende jaar 'n kans. Dalk, net dalk. Sy weet die kans is skraal, maar die Here alleen weet, sy het 'n wonderwerk nodig.

Dalk. Dit voel of haar lewe op dalk gebou is.

Ja, die mense van Allegro wil haar nie in hulle konsert hê nie, maar hulle kan haar nie keer om daar te wees nie.

“Is dit Carel Strydom wat praat?”

“Ja.”

“Meneer Strydom, dis kaptein Botha van Kampsbaai-polisie hier. Ek is baie jammer om te pla. Ek het ongelukkig slegte nuus.”

Carel gaan sit op ’n stoel in sy sitkamer.

“Ja?”

“Ken jy vir André Smit?”

“Ja.”

“Meneer Smit het vanoggend selfmoord gepleeg. Hy het ’n brief by hom gehad met jou nommer op en hy het gesê ons moet jou bel. Ek is jammer. Wat is jou verwantskap met die oorledene?”

“Hy ... André is die baas van die musiekmaatskappy by wie ek is. Waar ... wanneer het dit gebeur? Hoe ... ”

“Meneer Smit het vanoggend sy polse gesny. Hier op Kampsbaai se strand. Dit moes vroeg gewees het. Mense wat gaan stap het, het op hom afgekom. Die ambulans het hom reeds gaan haal. Ek is regtig jammer. Hier is ook ’n brief wat aan jou geadresseer is. Kan jy dit kom haal? En sal jy die res van sy mense laat weet?”

“Ja, ek sal nou ry en dit kom haal. Waar ... waar is André nou?”

“Hy is by die staatslykhuis. Jy kan met die begrafnisondernemers reël om die liggaam te kry.”

“Dankie dat jy laat weet het.”

Hy sit die telefoon neer. Sit verslae. Hy kan dit nie glo nie. Hy het gister nog met een van die sielkundiges by die rehabilitasiesentrum gepraat en hulle het gemeen dit gaan goed met André.

Hy laat sak sy kop. Nie dit nie, net nie dit nie, dink hy. Hy het so gehoop André sal deurdruk, die monster oorwin.

Hy tel die telefoon op. Bel die rehabilitasiesentrum.

“Hallo, ek bel in verband met André Smit.”

“Meneer Smit het homself gistermiddag ontslaan. Ons kon niks doen om hom

te keer nie. Is daar 'n probleem?"

"Ja, daar is 'n probleem. Hy het vanoggend sy polse gesny," sê hy hard.

Hy is kwaad. Kwaad vir homself omdat hy nie meer aandag gegee het nie. Kwaad vir die sentrum dat hulle hom nie laat weet het André het homself ontslaan nie. Kwaad vir André omdat hy dit gedoen het, omdat hy opgegee het.

"Ek is jammer om dit te hoor. Waar is hy nou? Is hy in die hospitaal? Wil u hê hy moet weer hier opgeneem word?"

"Daarvoor is dit te laat," sê hy en druk die foon dood.

'n Skuldgevoel wil hom beetpak. Hét hy genoeg gedoen om André te help? Was hy nie te hard op hom toe hulle laas gepraat het nie?

Carel se mond trek skeef. Hy wil huil. André het sy foute gehad, maar as dit nie vir hom was nie ... André was die een wat in hom geglo het. Hom gemaak het wat hy vandag is.

Bliksem, André, dink hy. Hoekom? Hoekom het jy nie harder baklei nie?

Die brief is op 'n goedkoop skryfblok geskryf, met pen in 'n krabbelrige handskrif.

Buddy,

Ek is jammer om hierdie aan jou te doen. Ek het gefight. Regtig, ek het. Maar hierdie ding was net te groot vir my. Ek het geweet ek sou vir 'n maand of so skoon gewees het, maar ek sou weer val. Ek is 'n swakkeling. Hierdie ding is te groot vir my.

Ek het die laaste paar dae my sake in orde gekry. Fanie het vir my al my papiere gebring en ek het met die bank gepraat. Die versekering sal uitbetaal vir die kar. Dis R840 000. Die huis se verband was amper R2 miljoen, maar die huis is R3 miljoen werd. Ek het ook 'n polis of twee (Fanie het al die besonderhede) wat saam so net meer as R1,5 miljoen sal uitbetaal. Dit los vir julle genoeg geld om Encore aan die gang te hou. Ek het 'n prokureur laat kom en 'n nuwe testament laat opstel. Ek het gereël dat R500 000 aan my ma-hulle gaan, maar jy kry die res. Werk mooi met die mense by Encore. Ek is jammer dat ek julle so los. Ek kan net nie meer nie.

Sê vir my ma-hulle ek is jammer. Ek het hulle trots probeer maak en ek is lief vir hulle.

Carel, vat asseblief Encore en sorg dat dit aan die gang bly. Ek wil hê daar

moet iets van my agterbly. Ek was dalk 'n fokop, maar ten minste het ek jou vir Suid-Afrika gegee. Moenie Encore net weggooi nie. As daar een ding in my lewe was wat die moeite werd was, dan was dit Encore.

Ek is regtig jammer dat jy nou met die kak sit. Ek hoop daar sal 'n tyd kom waar julle aan my sal dink en die goeie tye onthou.

Till we meet again,

André

“Is jy OK?” Linda se stem is sag oor die telefoon.

“Nee, seker nie. Ek is die moer in vir André. Ek het so gehoop hy gaan sterker wees. En my hart is seer. Dit voel of daar 'n nat kombers om my skouers hang.”

“Wanneer is die begrafnis?”

“Maandag. Dis by die klein kerkie in Kloofstaat. Sal jy daar wees?”

“Natuurlik,” sê Linda. “Hoe laat?”

“Elfuur,” sê Carel. “Sy ma-hulle vlieg die oggend af, maar vlieg weer die middag terug. Dis 'n vreemde familie daardie. Sy broer het gesê daar is niks van André wat hulle wil hê nie. Hy het gesê hy was nooit regtig deel van hulle familie nie en hulle het hom nooit gesien nie. Hy weet van die nuwe testament en dat amper alles na my toe kom, maar hy het gesê hulle gee nie om nie. Hy is net bly sy ma-hulle kry van die geld. Vreemd, nè?”

“Dit is vreemd. Mense se weë is maar duister. Het jy al besluit wat jy met Encore gaan doen?”

Carel staan voor sy sitkamervenster. Dis 'n mooi dag.

“Nee. Ja. Ek weet nie. Ek moet nog dink daaroor. Ek dink tog ek moet. Ek kan nie my lewe lank sing nie. En dit was André se wens.”

“Jy sal goed wees. Jy het 'n goeie kop vir besigheid en jy ken die bedryf. Doen dit.”

“Ek dink tog ek sal.” Hy sug. “Ek gaan hom baie mis. Hy was goed vir my. Ons het dalk nie baie saam gekuier nie, maar hy was tog 'n vriend. Ek kan dit eintlik nou nog nie glo nie. Dis so donners hartseer. Om te dink dat ek die een is vir wie hy die brief gelos het. Nie een van sy ander vriende nie. Vir my. Ek besef nou eers ek het baie meer vir hom beteken as wat ek ooit gedink het. Hel. Wanneer gaan ek beter voel?”

“Jy weet wat hulle sê van tyd wat alle wonde genees,” sê Linda.

“Ja, dis seker so. Dis vreemd. Ek is amper meer hartseer oor André as wat ek oor my eie pa was.”

“Jy sal hierdeur kom. Vat jou tyd. En onthou, ek en Alma is hier vir jou.”

“Dankie,” sê Carel.

“En die geld wat André nagelaat het? Het julle dit by Encore nodig?”

“Nie alles nie. Tussen my en Fanie het ons dinge weer op dreef. Dit gaan eintlik onder die omstandighede goed. *Maanmens* is verby 130 000 en Swartkat, jy weet die rock-band van Stellenbosch wat André verlede jaar geteken het, se nuwe CD doen baie goed. Die kinders het talent.”

“Ek is bly. Maar wat gaan jy met die res van die geld maak?”

“Ek het ’n plan. Ek werk nog daaraan, maar ek het ’n plan. Ek sal nie dat mense André vergeet nie.”

Sy is jammer vir Carel. Hy en André was immers na aan mekaar, maar sy is bly André is uit die pad. Sy dink nie hy het regtig meer omgee vir Carel nie. Carel was net die gans wat die goue eiers gelê het.

Sy het lank gedink of sy na die begrafnis toe moet gaan, maar het daarteen besluit. Sy sal te opsigtelik wees. Sy is seker net mense wat André geken het, sal daar wees. Mense sal dalk wonder wie sy is. Dis ook 'n hartseer dag en sy wil nie hê haar en Carel se eerste ontmoeting moet op 'n hartseer dag wees nie. Dit moet 'n mooi dag wees. Dit moet wees soos sy altyd gedroom het dit sal wees.

Sy kyk na die klere wat voor haar kas hang. Haar maag maak 'n draai. Sy is opgewonde oor die paar dae by Sun City. Sun City, Suid-Afrika se eie sonstad. Dis waar, die son skyn altyd daar. Nog elke keer dat sy daar was, was dit warm. Sy het nooit langs die swembad gaan lê of in die mensgemaakte see gaan swem nie, maar sy het graag gaan stap en die voëls gaan kyk en gelag vir hoe die bobbejane so op hulle gemak in die bome sit, so asof hulle ook daar is met vakansie.

Sy is reg vir haar reis. Reg vir die naweek. Sy het 'n gevoel dat dinge hierdie naweek gaan verander. Dis so 'n warreling in haar maag. 'n Opgewonde gevoel wat sy nie weet waar dit vandaan kom nie.

Sy wêet daar gaan hierdie naweek iets gebeur.

Azania het al baie gevlieg sedert die tyd toe sy op *Idols* was, maar dis asof sy so senuagtig is soos met die eerste keer. Dalk is dit maar net die herinneringe van *Idols* en Sun City wat haar so laat voel, dink sy.

Haar repetisie met Nienkie het goed afgeloop en sy kan nie wag om die liedjie saam met die volle orkes te sing nie.

Sy draai na Ouma Annie en Rosa waar hulle vasgegespe sit.

“Is julle reg?”

“My kind, ek weet darem nie van hierdie nie. Dis ’n groot stuk metaal wat in die lug moet bly,” sê haar ouma.

Azania lag.

“Toemaar, Ouma, hulle kry dit reg om elke dag duisende vliegtuie in die lug te hou.”

“Mamma, wanneer gaan ons nou vlieg?”

“Amper, liefkind, nog net ’n rukkie.”

Met die opstyg sien sy hoe haar ouma se kneukels wit raak om die armleuning. Sy leun oor en vat haar ouma se hand. Gee dit ’n drukkie en glimlag.

Die vlug loop goed af en met die landing gryp haar ouma ’n sakdoek en druk dit voor haar mond. Toe die vliegtuig stadig na die lughawegebou toe ry, kan sy die verligting op die bejaarde gesig sien.

“Dit was lekker, maar dis beter om op vaste aarde te wees,” sê Ouma Annie.

Hulle het hulle bagasie gekry en toe hulle uitstap, het Azania dadelik die jong man met die Allegro-bord omhoog gesien.

“Hallo, ek is Azania Paulse. Wag jy vir ons?”

“Ja, hallo, my naam is Hugo. Julle ry saam met my. Kom, ek stap voor. Kan ek help met die bagasie?”

Azania het na die landskap om haar gekyk. Sy kan sien die somerreëns het al geval. Dit is groen en skoon.

By Sun City laai Hugo hulle voor die hotel af.

“Ek help julle gou met die bagasie. Gaan hoor by ontvangs waar julle kamer

is.”

“Dankie,” sê Azania. Sy neem Rosa aan die hand en haak met haar ander arm by haar ouma in. “Kom ons gaan kyk waar ons die volgende paar dae bly.”

Dit is ’n pragtige kamer. Dit het ’n uitsig op ’n deel van die gholfbaan en Azania sien hoe verstom is haar ouma.

“My kind, Ouma het nog nooit soveel van grênd gesien nie,” sê sy. “Wie maak dié plek skoon? Hoeveel hande is nodig om hierdie beddegoed so wit te hou?”

“Genoeg, Ouma, meer as genoeg. Kyk, Rosa, ek en jy slaap in hierdie groot bed. Ouma slaap op haar eie op hierdie bed. Dis mooi, nè?”

“Baie mooi, Mamma. Kyk, daar is ’n tjoklit op die kussing. Is dit vir ons?”

“Ja, jy kan maar myne ook kry.”

Azania stap na die lessenaar en sien daar is ’n koevert met haar naam op. Sy maak dit oop en haal haar skedule vir die volgende paar dae uit.

“Kom ons pak uit. Ek moet vanmiddag vieruur in die Superbowl wees vir my eerste repetisie. As ons klaar uitgepak het, kan ek julle ’n bietjie gaan rondwys. Daar is genoeg tyd.”

Haar ouma kom voor haar staan. Sy vou haar oumenshande om Azania se gesig.

“Ouma is so trots op jou. Ek het mos altyd gesê hierdie is waarvoor jy gebore is. Nie vir die hartseer en die swaarkry nie. Die Here het vir jou ’n stem gegee sodat jy jouself uit die swaarkry kan sing. Ouma is so trots.”

“Dankie, Ouma, maar sonder Ouma sou ek dit nie kon gedoen het nie. Dit was Ouma wat my tot hier gekry het. Ouma het altyd in my geglo. Ek is so bly Ouma is hier, dat Ouma self kan sien dat dit met my goed gaan.”

Daar is trane in haar ouma se oë. Sy druk Azania en hou haar lank vas.

“Hoekom is Ouma hartseer?” vra Rosa.

“Ouma huil omdat ek bly is, my kind.”

Carel kyk na die repetisieskedule vir die dag. Gister het goed gegaan. Hy het ook gesit en luister na van die ander en dit gaan 'n goeie konsert wees. Hy sien dat hy vanmiddag vyfuur weer in die Superbowl moet wees.

Hy gaan sit by die lessenaar in sy kamer en skakel sy rekenaar aan. Maak die dokument oop waaraan hy nou al 'n paar dae werk. Dinge begin nou meer sin maak. Dit gaan werk, dink hy. Ek moet net nog mense kry om te help, maar dit gaan werk.

Hy het haar nog nie gesien nie. Hy het al gewonder wat sy eerste woorde sal wees. Hoe verwoord hy dit waarmee hy al so lank rondloop?

Al wat hy weet, is dat dit tyd is.

Sy wens sy kon uitvind waar sy kamer is. Sy het hom nog glad nie gesien nie. Natuurlik is hy al hier, maar sy weet nie wanneer hy repeteer nie. Sy kan tog nie in die ontvangsarea bly rondsit met die hoop dat sy hom gaan sien nie. Maar sy weet hy moet die een of ander tyd uit sy kamer kom. Sy kyk in die spieël en sit lipstiffie aan. Sy gaan Entertainment Centre toe stap om by die deure te gaan luister of hy nie dalk by die Superbowl is nie, maar daar is pal sekuriteitsmense wat sorg dat die deure toe bly. Net as jy 'n spesiale toegangskaart om jou nek het wat wys jy is deel van die produksie, mag jy ingaan.

Dit frustreer haar. Sy het al die geld in die wêreld, maar sy kan nie een koop nie.

Sy besluit om eerder na die swembad toe te gaan. 'n Bietjie son sal haar goed doen, dink sy.

Die kamer is seker nie te sleg nie, dink Riana. Nou nie vyfster nie, maar skoon en met alles wat sy nodig het. Sy weet Carel moet al hier wees. Die groot name kom altyd 'n paar dae vroeër om te repeteer.

Dis warm. Sy wonder of sy die klein opdraand moet stap na die Entertainment Centre. Sy kan seker wag vir een van die busse, maar sy raak ongeduldig as sy moet wag. Sy is ook bang iemand herken haar en vra of sy dan vanjaar in die

konsert is. Sy gaan moet sê nee, sy is nie. Hoe haat sy nie hierdie bedryf nie!
Sy maak haar handsak oop en maak seker alles is daar wat sy nodig het.

Hy sien hulle eerste. Azania is so mooi soos altyd. Sy glimlag breed en hy onthou hoe daardie glimlag die eerste dag al sy voete onder hom uitgeslaan het. Hy sien die vrou langs haar.

Ouma Annie het jare bygekry, maar sy straal steeds liefde uit. Sy oë soek. Sy moet hier wees. As Azania en Ouma Annie hier is, dan moet sy ook hier wees.

Hy kyk. Stap effens nader. Gaan staan agter 'n pilaar sodat hy hulle goed kan dophou waar hulle by die swembad sit.

Daar is sy. Sy hart maak 'n draai. Daar is 'n suising in sy ore.

Daar is sy. Sy dogtertjie. Sy Rosa.

Azania voel hoe iemand haar dophou. Sy kyk op. Sien nie dadelik iets nie. Dan stap die man agter die pilaar uit. Carel.

Sy skrik. Nie nou nie, asseblief nie nou nie.

Sy staan op. Stap na hom toe. Sy glimlag nie meer nie.

“Hallo, Carel.”

“Hallo, Azania.”

“Dis lank.”

“Ek weet,” sê hy. Hy kyk oor haar skouer. “Is dit sy?”

“Ja. Moenie. Asseblief nie. Sy weet nie van jou nie.”

“Maar sy moet tog weet sy het 'n pa.”

“Wanneer sy vra, sê ek altyd vir haar ek sal haar eendag vertel.”

“Eendag is nou.”

“Hoekom nou? Het jou gewete jou begin inhaal?”

“Ja,” sê hy eerlik. “Maar nie net my gewete nie. Daar is 'n gat in my siel. Ek is jammer. Ek het te lank gewag. Ek kan nie meer sonder julle nie.”

Hy rammel, struikel oor sy woorde.

“Carel, vyf jaar is 'n lang tyd.”

“Ek weet dit net so goed soos jy. Dit was hel. Jy weet nie ... Jy sal nooit weet hoe moeilik dit vir my was nie. Ek is 'n lafaard.”

“Moenie te hard met jouself wees nie. Jy het goed vir ons gesorg,” sê Azania.

“Dis nie goed genoeg nie. Dit was nooit goed genoeg nie.” Hy kyk oor haar

skouer en sien Ouma Annie kom aangestap.

“Hallo, Carel.”

“Hallo, Ouma Annie.”

Sy was altyd vir hom Ouma Annie. Nooit tannie of mevrou nie. Altyd Ouma Annie.

“Dit lyk of dit goed gaan,” sê sy.

“Ja, dankie, Ouma Annie. Ek het net ... Ek het julle gemis.”

Ouma Annie trek haar skouers terug en kyk hom reguit in die oë.

“Jy het altyd geweet waar ons is.”

Carel is skaam voor die ouer vrou se wysheid. Sy was nog altyd ’n trotse vrou. Rosa kom aangehuppel.

“Mamma, wie is die man?”

Azania kyk af na haar dogtertjie met die mooi oë.

“Rosa, dis Carel Strydom.” Sy weet nie wat om verder te sê nie. Sy het die oomblik al duisend keer in haar kop gespeel, maar nie geweet dit gaan nou, hier van alle plekke, gebeur nie. Sy het geweet sy en Carel sou mekaar die een of ander tyd sien, maar gehoop dis agter die verhoog tussen baie ander mense. Nie só nie.

“Hallo, Rosa.”

Carel hurk af en kyk vir haar. Dit voel of iemand hom terselfdertyd aan die keel beet het en sy hart uitruk. Dis sy. Dis sy Rosa. Hoe mooi is sy nie! Sy het my oë, dink hy.

“Maar wie is jy?” vra Rosa.

“Ek ... ek en jou mamma ken mekaar. Ek sing ook.”

“Rosa, moenie so nuuskierig wees nie,” sê Azania.

“Ek dink ek en Rosa moet kamer toe gaan. Gee vir Ouma daardie kaart dat ons kan inkom. Kom wanneer jy klaar is,” sê Ouma Annie.

Azania haal die kaart uit haar sak en gee dit vir haar ouma.

“Ek sien julle nou-nou. Ek sal weer ’n draai kom maak voor ek Superbowl toe gaan vir die repetisie,” sê sy.

Carel en Azania hou die twee dop terwyl hulle wegstap. Hy draai na haar toe.

“Kan ons iewers gaan praat? Sommer daar onder die sambreel?”

Hulle stap en gaan sit by die ronde tafel.

“Ek is bly jy is hier,” sê hy. “Bly dat jy gevra is om in die konsert te sing,

maar ook bly dat ek jou weer kan sien. Ek wou al so lank ... ”

“Moenie verskoning vra nie. Ek het al baie gewonder en dan het ek vir myself gesê dit kan nie vir jou maklik wees nie. Ek weet jy is ’n goeie man. Jy het ’n goeie hart. Jy het nie weggeloop van jou verantwoordelikhede nie. Jy het meer as goed genoeg vir Rosa gesorg.”

“Jy weet dis nie genoeg nie. Geld maak nie alles reg nie. ’n Pa moet daar wees vir sy kind. Maar ek was so bang. Bang vir wat dit aan my loopbaan sal doen. Bang dat ek die pa sal word wat my pa was. Bang. Ek is ’n lafaard.”

“Nee, jy is nie,” sê Azania. “Jy het gedoen wat jy gedink het reg is.”

“Hoe kan ek dit regmaak? Ek is gereed om aan die wêreld te erken ek is Rosa se pa. Sy moet weet ek is haar pa. Jy ... Daar was nog niemand anders nie. Ek dink ook nie daar sal ... ”

“Ons moet nie oorhaastig wees nie.”

“Nee, dis nie wat ek van jou verwag nie. Ek wag al vyf jaar. Ek kan nog wag.”

Hy glimlag vir haar en kyk in haar oë. Dit voel of sy hart sing.

“Wat doen ons nou?” vra sy.

“Ek sal graag vir Rosa wil sê ek is haar pa. Met Ouma Annie praat en vir haar sê ek is jammer. Ek wil hê almal moet weet. Jy weet die media gaan hierop spring soos ’n honger leeu?”

“Ja, maar dit is seker tyd. Ek het in my hart geweet dit gaan die een of ander tyd gebeur. Jy is reg. Dit is tyd.”

“Jy was altyd die slimmer een van ons twee.”

Sy lag en hy leun oor en vat haar hand.

Nee, dit kan nie wees nie. Nee! Nee! Nee! Sy word yskoud. Sy ken hom so goed. Sy weet, sy kan sien, dit is nie ’n vriendelike gesprek nie. Daar is iets meer. Daar is ’n intimiteit tussen hulle wat sy nog nooit tussen hom en ’n ander vrou gesien het nie.

Haar hande bewe. Sy wou net in die son kom sit. Sy het nie gedink sy sal hom hier sien nie.

Sy gaan sit ’n ent van hulle af. Haar binnekant voel lam. Sy hou hulle stip dop. Sy sien hoe hulle ál nader aan mekaar leun soos die gesprek vorder. Sy kon sien hoe hulle ál meer ontspan. Hoe gemaklik hulle met mekaar is.

Sy het gewonder of dit Azania Paulse is wat ook in die konsert is. Sy weet nie

baie van haar nie, maar het haar naam op die plakkate gesien. Sy is 'n mooi vrou. Dit kan sy sien.

Dalk is hulle net vriende, dink sy. Ou vriende wat opvang.

Toe buk hy oor en vat die hand van die mooi vrou met die vel wat die kleur van sjokolade is. Sy sien hoe hy vir die mooi vrou kyk.

Hulle is nie net vriende nie.

Riana is natgesweet toe sy by die ingang van die Cascades kom. Dit is 'n ander soort hitte. Dis warm en klam. Die sweet voel swaar op haar lyf.

Sy het op 'n ingewing besluit om by die hotel in te kom en nie Superbowl toe te stap nie. Dalk is Carel hier.

Sy het deur die ruim ontvangsarea gestap tot op die buitestoept. Afgekyk na die swembad wat daar onder lê. Sy het hom dadelik gesien. Carel se lyf was skuins gedraai waar hy by die tafel sit. Sy het gesien hy praat met iemand, maar sy kon nie die persoon onder die sambreel sien nie.

Riana het die hyser na die grondverdieping geneem en uitgestap na waar die swembad is. Sy het nader gestap en effens gebuk om te sien met wie hy praat. Dis Azania Paulse, het sy gesien.

Riana het nog nader gestap. Gaan staan om goed te kyk.

Toe sien sy hoe hy oorleun en haar hand vat.

Sy het geweet sy moet iets doen. Sy moet dit keer. Dit kan nie wees nie. Sy is die een. Carel weet dit nog nie, maar sy is die een. Nie hierdie vrou nie. Sy.

Sy staan op en voel hoe haar bene bewe. Sy begin stap. Sy weet nie wat sy gaan sê as sy daar kom nie, maar sy hou aan stap. Uit die hoek van haar oog sien sy 'n ander vrou nader kom. Sy kyk na haar. Dis Riana Kruger. Sy weet hoe sy lyk. Sy hou nie van haar nie en luister nie haar musiek nie, maar sy weet wie sy is. Dis sy wat al die skinderstories oor Carel versprei het. Aaklige vrou!

Riana het vinniger begin stap.

Sy besef sy sal iets moet doen.

In die loop druk sy haar hand in die sakkie wat om haar lyf hang. Sy voel die Leatherman. Sy stop, haal dit uit en maak dit oop. Sy trek die lem uit en begin weer stap.

Riana voel of sy sweef. Daar is 'n wasigheid om haar en 'n brandgevoel in haar kop.

“Carel,” sê sy.

Hy kyk op.

“Riana, hallo,” sê hy en frons. “Wat maak jy hier?”

“Ek is hier vir die konsert. Net 'n gewone konsertganger. Ek is mos nie goed genoeg om te sing nie. Ek is mos nie een van die uitverkorenes nie. Net nooit goed genoeg nie.” Sy kyk na Azania met haat in haar oë. “My vel is mos nie die regte kleur nie.”

“Riana, dis ongevraagd. Almal in die konsert is daar omdat hulle verdien om daar te wees,” sê hy en staan op.

“Dit is nie!” skreeu sy. “Daar is mense wat nie verdien om daar te wees nie. Wat nie so hard soos ek gewerk het nie. En jy! Alles word op 'n skinkbord vir jou gegee. Alles!”

“Ek verstaan nie wat jy van my wil hê nie?”

“Ek dink ek moet gaan,” sê Azania en sy wil begin opstaan.

“Jy gaan fokken nêrens nie, meid!” skreeu Riana. “Sit! Jy is net so 'n groot deel van die probleem.”

“Riana, kalmeer. Jy is histeries,” sê Carel.

“Ja, ek is histeries. Weet jy wat ek al alles deur is? Weet jy wat ek alles moes opoffer net sodat jy my moet raaksien?”

“Ek verstaan nie. Hoekom moet ek jou raaksien?”

“Jy onthou nie eens nie,” sê sy en gee 'n kreunlag. “Ek was 'n kind. 'n Skaam meisietjie met vaal haartjies en 'n puisiegevrete toe jy by Aardklop vir my 'n CD gegee het. Gegéé het. Verniet! Jy het die dag gesê ek moet my geld spaar vir iets wat vir my iets sal beteken. Ek het nie geld gehad nie. Ons het nooit geld gehad nie. Van daardie dag het jy, net jy, vir my iets beteken. Jy is die rede hoekom ek begin sing het. Jy, Carel Strydom. En jy vee nog altyd jou gat aan my af. Behandel my soos die arm mynerskind wat ek is.”

“Ek het nie geweet ... ”

“Natuurlik het jy nie geweet nie! Hoe sou jy weet? Al waarin jy belangstel, is jou eie loopbaan, jou eie lewe. Jy gee nie 'n hel om vir ander mense nie!”

“Ek gaan myself nie ... Jy ken my nie,” sê hy.

“Maar wat moet ek nog doen? Is dit nie genoeg dat ek daai skinderbek Tertia

en die twee slet-susters uit die pad gekry het nie? Is niks goed genoeg vir jou nie?”

Carel word koud.

“Wat bedoel jy met Tertia en die twee susters?”

“Dit was ek. Dit was ek wat van hulle ontslae geraak het. Tertia het aan jou gekarring en gekarring. Die hele tyd liegstories oor jou geskryf. Sy was maklik. Sy was die aand so dronk, sy het my nie eens agter haar gehoor nie. ’n Baksteen en ’n mes met ’n skerp lem is goeie wapens vir ’n vrou.”

Haar oë staan wild in haar kop.

“En die susters? Hoekom hulle?” vra Carel.

“Want hulle het gemors oor jou aan die koerante vertel. Hoe kon hulle sê jy en Nico het ’n ding aan? Dis nie waar nie. Jy is nie ’n moffie nie. Ek het geweet dis nie waar nie. Hulle het jou nie geken nie.”

“Maar jy het dan self op Facebook saamgepraat? Geskimp dat dit waar is.”

“Ek het gepanic. Ek was bang die polisie begin rondkrap. Hulle sou uitvind ek was daardie naweek in Uitenhage. Maar die susters het gekry wat hulle toekom. ’n Mens lieg nie so nie.” Riana begin lag, ’n rou oergeluid. “Nee, ek sien dit het ook nie gehelp nie. Wat meer moet ek doen? Wat?”

“Riana, jy het hulp nodig,” sê hy.

Azania staan stadig op. Riana ruk om.

“Ek het gesê jy moet sit, jou fokken meid!”

Carel vererg hom.

“Riana, moenie so met Azania praat nie. Sy is my kind se ma,” sê hy beheersd.

“Wat? Watter kind? Hoe is sy die ma van jou kind? Jy? Met die meid? Nee, nee, nee. Dis nie waar nie,” sê Riana en begin huil. “Dit kan nie wees nie. Nee! Nie jy nie. Net nie jy nie. Hoe kon jy?”

Sy haal die klein Ruger LCP-pistool uit haar handsak. Sy het dit altyd by haar. In Suid-Afrika moet ’n vrou gewapen wees. Gevaar is om elke hoek en draai. Ja, ’n vrou moet altyd gewapen wees. Sy haal die veiligheidsknip af. Gee ’n tree nader. Sy lig die pistool en Carel sien dit. Dis op hom gerig.

“Jy sal betaal hiervoor,” sê sy.

Sy is naby genoeg om alles te hoor. Hulle sien haar nie raak nie. Daar is ’n paar

mense wat by tafels 'n ent weg sit en 'n kelner kyk op toe hy Riana hoor skreeu.

Sy kan dit nie glo nie. Carel het 'n kind. 'n Kind by hierdie mooi vrou met die sjokoladevel. Sy kan dit nie glo nie.

Iewers binne haar praat 'n stem. Jy moet hom help. Hy het jou hulp nodig. Carel is nie veilig nie.

Sy kyk af na die mes in haar hand. Toe sy opkyk, sien sy hoe Riana die pistool op Carel rig.

Sy dink nie twee keer nie.

“Riana, luister, ons kan vir jou hulp kry,” sê Carel.

“Ek het nie jou hulp nodig nie! Dis jou skuld! Dis julle almal se skuld! Die fokken land. Dis daai bliksem van 'n Morné wat my verkrag het. Dis die bliksemse bedryf wat die meeste van ons behandel of ons niks is nie. Ek wou net 'n kans gehad het. By jou. By die mense. Ek wou net iets beteken het.”

Sy lig die pistool verder op. Mik daarmee na die kol tussen sy oë.

Sy is soos 'n blits. Sy hardloop en druk die lem van die Leatherman hard in die vrou se arm.

Riana gil. Laat val die pistool en slaan haar ander hand oor die kol waar die bloed begin loop. Carel spring en tel die pistool op.

Hy kyk na die ander vrou. Sy het nog die Leatherman in haar hand, maar sy staan doodstil en kyk vir Carel.

“Azania, kry sekuriteit. Vinnig!” sê hy.

Azania spring op en hardloop. Carel sien hoe Riana inmekaarsak. Sy snik en laat haar kop sak. Die bloed vlek haar klere en drup op die plaveisel.

“Ek is jammer, ek is jammer, ek is jammer,” prewel Riana oor en oor. Sy kyk op na waar Carel staan. “Ek wou net gehad het jy moet my weer spesiaal laat voel. Ek wou net iemand wees.”

“Maar hoekom? Hoekom ek?” vra hy.

“Want jy is die enigste een wat my laat voel het of ek ook 'n mens is.”

Sy laat sak haar kop. Sy is klaar baklei. Moeg. Tot die been toe moeg. Die pyn in haar arm laat haar bewe. Haar lyf ruk en sy het nie die moed of die krag om op te staan nie. Sy huil. Die tranes loop oor haar wange en meng met die bloed by haar knieë. Dis net so seer, Here, dis net so seer, dink sy. Sy gee nie meer om

nie. Niks wat al met haar gebeur het, kan so erg wees soos hierdie nie. 'n Kind. Om te dink hy het 'n kind. By daai vrou.

Riana weet sy het hom vir altyd verloor.

Azania kom aangehardloop met twee sekuriteitsmans by haar.

“Please take this woman to a safe place and phone the police,” sê Carel. “She will also need to see a doctor for the wound on her arm.”

“What did she do?” vra die een man.

“She will be arrested for three murders.”

Hulle vat haar elkeen aan 'n arm en stap weg met haar. Riana stap gewillig saam. Soos 'n bokser wat 'n stryd verloor het. 'n Vrou vir wie die lewe 'n laaste hou geslaan het.

“I will come now and give a statement,” roep Carel agter hulle aan. “I just need to thank this lady.”

Hy draai na die ander vrou toe. Sy staan steeds daar. Soos 'n standbeeld. Bleek en met die Leatherman steeds in haar hand.

“Wie is jy?” vra hy.

“Ek is Mara. Mara Visser.”

Die Saterdagavond by die konsert, voor hy “Weskusliefde” sing, staan hy agter die mikrofoon en sê: “Hierdie een is vir Azania, die inspirasie vir die liedjie, en Rosa, my dogter wat ek nooit weer sal laat gaan nie.”

Epiloog

Die Burger

30 Oktober 2012

Strydom maak hart oop

Deur Sophia Lategan

Hy is die afgelope sewe jaar een van Afrikaanse musiek se talentvolste sangers en liedjieskrywers, maar van Carel Strydom die mens weet ons min.

Strydom was die afgelope tyd om verskeie redes in die nuus. Aan die een kant was daar die sukses van sy loopbaan, met *Maanmens* wat vanjaar een van die plaaslike topverkopers is. Aan die ander kant was daar die dramatiese inhegtenisneming van die sangeres Riana Kruger vir drie moorde wat sy na bewering gepleeg het om Strydom se guns te wen. Strydom het ook by die onlangse Allegro-konsert voor die gehoor van meer as 5 000 mense erken hy is die pa van die sangeres Azania Paulse se dogter, Rosa.

“Dit het tyd geword om eerlik te wees. Vir mense te sê wie en wat ek is,” sê Strydom (34). “Ek het lank ’n leuen gelewe en wil dinge regstel.”

Sy stoep wat uitkyk op die see by Melkbosstrand, is gerieflik ingerig. ’n Tafel en stoele, sagte kussings om op te sit.

Hoe lank reeds weet hy hy is klein Rosa se pa?

“Ek het nog altyd geweet. Ek en Azania het mekaar sewe jaar gelede ontmoet toe sy agtergrondsang op een van my albums gedoen het. Ek het dadelik van haar gehou. Ons het mekaar beter leer ken en alles wat sy gesê en gedoen het, het my beïndruk. Ek besef nou ek was van die begin af verlief op haar.

“Ons het ’n paar keer uitgegaan, maar ek het altyd gevoel dit moet skelm gedoen word. Ek was bang mense sien ons saam en begin skinder. Ek was ’n dwaas en is nou baie skaam daaroor. ’n Paar maande later het sy gesê sy is swanger. Ek het teëgeskop. Gesê ek is nie reg vir kinders nie. Sy was die dapper een. Sy is die een wat weggeloop het en gesê het sy sal eerder die kind op haar eie met liefde grootmaak as om my te dwing om iets te doen wat ek nie wil nie. Ek het egter vir Azania en Rosa van die begin af finansieel ondersteun.”

Hy vertel verder dat dit hom baie gepla het dat hy nie sy kind wou erken nie. “Dit was ’n suur kol wat die hele tyd aan my gevreet het.”

Strydom en Paulse het mekaar vir die eerste keer weer by Allegro gesien, waar hulle al twee opgetree het.

“Ek het die oomblik toe ek haar sien, besef daar is net een vrou vir wie ek werklik nog lief was, en dit was Azania. Ek het ook die eerste keer my dogtertjie gesien en dis ’n gevoel wat ek vir niemand kan beskryf nie. Ek het liefde ervaar soos nog nooit tevore nie.”

Dit was die naweek van Allegro, wat jaarliks by Sun City gehou word, waar Riana Kruger erken het sy het nie net die *Scoop*-joernalis Tertia Viviers vermoor nie, maar ook twee susters van Uitenhage, Susra en Chamonique van der Walt, wat gerugte oor Strydom se seksualiteit in ’n koerantstorie versprei het.

“Dit was vir my ’n groot skok,” sê Strydom. “Ek het nie besef Riana is tot so iets in staat nie. Sy het my ’n paar maande gelede genader om ’n duet saam met haar op haar gospel-CD te sing, maar ek het dit van die hand gewys. Sy het daarna weer kontak gemaak, en te oordeel na alles wat sy op haar Facebook-blad geskryf het, het ek nie gedink sy het veel ooghare vir my nie. Ek was verkeerd. Sy het die dag by Sun City vertel dat sy my die eerste keer ontmoet het toe sy nog op skool was. Ek kan dit nie onthou nie, maar ek is nou jammer dat ek nie geweet het nie. Dalk sou ek haar kon help. Ek is jammer vir haar. Sy het ’n harde lewe gehad. Maar die reg moet nou sy gang gaan en besluit wat met Riana sal gebeur.”

Daar was nog ’n kinkel in die kabel toe ’n aanhanger van Strydom hom te hulp gesnel het en Kruger met ’n mes in die arm gestee het. Kruger het in daardie stadium ’n pistool op Strydom gerig gehad.

“Mara Visser het my lewe gered. Ek weet nie wat sou gebeur het as sy nie daar was nie.”

Maar wie is Mara Visser? Is sy net nog ’n aanhanger?

“Ek het later besef sy is meer as ’n aanhanger. Mara se ouers is in ’n motorongeluk dood pas nadat sy matriek geskryf het. Sy was ook in die kar en haar ma is in haar arms dood. Sy het ’n obsessie oor my begin kry en het met die geld wat sy geërf het, nie net ’n huis naby myne in Melkbosstrand gekoop nie, maar ook een by Bulshoekdam waar ek ’n huis het. Ons het later besef dis sy wat vir Nico de Jongh oor die kop geslaan het toe ons een naweek daar was.

“Mara is op die oomblik in ’n versorgingsfasiliteit waar sy die hulp kry wat sy nodig het. Die dokters sê dat sy aan post-traumatiese stres ly. My musiek het

gespeel toe die ongeluk gebeur het, en dis waaraan sy al die jare vasgeklou het. Ek was gister by haar. Dit gaan beter met haar, maar ek dink dis nog 'n lang pad.

“Ek is nie kwaad vir haar nie. Ek was maar net die een ding waaraan sy geklou het toe haar ouers dood is. Sy het geglo ek is haar redding. Ek glo sy sal 'n heel mens aan die ander kant uitkom. Ek sal help waar ek kan. Ja, daar is so nou en dan goeie dinge wat kom van obsessiewe aanhangers,” sê hy en glimlag skeef. “Maar moet my nie verkeerd verstaan nie – ek is haar ewig dankbaar. Sy het my lewe gered.”

Strydom het ook verlede maand sy vriend en musiekmaatskappybaas, André Smit van Encore Musiek, verloor. Smit het 'n einde aan sy eie lewe gemaak.

“André het ander duiwels gehad wat hom gejaag het. Hy het dit probeer oorwin, maar hy kon nie. Ek gaan hom mis.”

Encore Musiek is aan Strydom bemaak en hy sal voortgaan daarmee.

“Dis opwindende tye vir Afrikaanse musiek,” sê hy. “Die mark is dalk nie so sterk soos wat dit 'n paar jaar gelede was nie, maar dit help om die gehalte te verbeter. Musiekmaatskappye, nie net ons nie, dink twee keer voor hulle iemand 'n kontrak aanbied. Dit beteken net die bestes kry 'n kans. Ek is ook opgewonde oor die digitale eeu wat musiek ingaan. Dis alles dinge wat nuwe skop aan die bedryf gaan gee.”

Nog iets waaroor Strydom baie opgewonde is, is 'n trust wat in Smit se naam begin gaan word.

“Die André Smit Trust gaan daar wees om te sorg dat ons musikante, sangers en liedjieskrywers – eintlik almal wat 'n bydrae tot Afrikaanse musiek gemaak het – die sorg kry wat hulle verdien op hulle oudag. Ek was gelukkig. Ek het begin naam maak in die bloeityd van Afrikaanse musiek. Mense voor my was nie so gelukkig nie. Ek glo dis my plig, én my mede-sangers s'n, om die ouer garde die aftrede te gee wat hulle verdien. Dis nie reg dat iemand soos oom Swannie Swanepoel moet raap en skraap om sy medisyne te betaal nie. Hy, en soveel ander soos hy, het die pad vir my en ander oopgemaak. Ons skuld hulle.”

Strydom en Paulse gaan eersdaags klankateljee toe om 'n duetalbum met van Swanepoel se liedjies op te neem.

“Nie net is dit liedjies wat verdien om weer opgeneem te word nie; dis ook 'n gepaste huldeblyk aan oom Swannie. Al die geld wat met die CD gemaak word, gaan aan hom. Ons sal sorg dat sy laaste tyd op aarde so gemaklik moontlik is.

Hy is dit werd.”

En die liefde?

“Ek en Azania vat dit stadig,” sê hy en glimlag. “Maar dit gaan goed. Dit gaan baie goed.”

Erkennings

- Ek is elke dag dankbaar vir die talent wat ek gekry het. Elke dag.
- Dankie aan dr. Etienne Bloemhof wat die saadjie geplant het vir 'n boek wat ek nooit gedink het geskryf gaan word nie. Dankie vir jou raad, leiding en ondersteuning. Dis 'n eer.
- Dankie aan Susan Bloemhof wat van die begin betrokke was en my die hele tyd moed ingepraat het.
- Dankie aan my familie, die Roggebande en die Boshoffs, wat saam met my bly is wanneer daar dinge soos hierdie gebeur.
- Hierdie boek sou nie moontlik gewees het sonder die amper toevallige ondersteuning van SARS en Aardklop nie. Ek is diep dankbaar.
- Aan al my vriende vir hul ondersteuning en liefde. Dankie dat julle geduldig met my is wanneer ek so nou en dan in geselskap in die niet sit en staar. Ook my baie ywerige Facebook-kring wat soms seker heimlik keelvol was vir die ewige updates oor die boek.
- Aan dr. Reinette van der Westhuizen vir die hulp met die mediese aspekte van die boek.
- Almal in die musiekbedryf en die media wat inspirasie vir hierdie boek was. Nie een van die karakters is gegrond op iemand wat nog lewe of wat al dood is nie. Regtig. Dis net fiksie.
- Dankie aan almal wat Afrikaanse boeke ondersteun.

Oor die boek

Die joernalis Tertia Viviers word vermoor kort ná sy 'n geheim uitvind wat die gewilde sanger Carel Strydom se loopbaan kan verwoes.

Maar dié geheim is nie die enigste ding wat sy lewe moeilik maak nie. Daar is 'n sangeres wat enigiets sal doen om Carel se aandag te trek, nog 'n sangeres wat gehoop het *Idols* is haar pad uit armoede, 'n obsessiewe aanhanger wat alles dophou wat hy doen, 'n bitter akteur wat 'n nuwe lewe probeer maak en die baas van sy platemaatskappy wat sy eie geheim het. Boonop is dit 'n musiekbedryf wat glad nie meer is wat dit was nie ...

Noot vir dood is 'n heerlike roman, geskryf deur 'n gesoute joernalis wat die Afrikaanse musiekbedryf intiem ken.

Oor die skrywer

Ilza Roggeband is in Johannesburg gebore. Sy was 'n leerling aan Laerskool Unika, waar sy 'n biblioteekprefek was, en Hoërskool Randburg en het ná skool 'n diploma in modeontwerp voltooi. Na draaie by die SAUK, verskeie advertensiemaatskappye en 'n dag en 'n half by 'n motorverhuringsmaatskappy, het sy by *Huisgenoot* in Johannesburg as redaksionele assistent begin werk. In bykans 18 jaar by Media24 was sy by *Huisgenoot*, *Sarie* en toe weer by *Huisgenoot* waar sy onder meer betrokke was by die tydskrift se verhoë by kunstefeeste soos Aardklop en KKNK, asook die musiekkonsert Skouspel. Sy het in 2007 as vryskutjoernalis begin werk en in 2009 het haar boek *50 Stemme – Die Grootste Name in Afrikaanse Musiek* verskyn. Sy is die wenner van vier ATKVeertjies.

Ilza woon in Melkbosstrand saam met haar seun, Zac.

Queillerie
is 'n druknaam van NB-Uitgewers,
'n afdeling van Media24 Boeke (Edms) Beperk,
Heerengracht 40, Kaapstad
Alle regte voorbehou
www.queillerie.co.za

Kopiereg © Ilza Roggeband 2013

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie elektroniese boek mag sonder die skriftelike verlot van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Omslagontwerp: Mike Cruywagen
E-boekontwerp: Cheymaxim

Ook beskikbaar in druk:
Eerste uitgawe 2013
ISBN: 978-0-7958-0074-0

Epub-uitgawe:
Eerste uitgawe 2013
ISBN: 978-0-7958-0075-7 (epub)

Mobi-uitgawe:
Eerste uitgawe 2013
ISBN: 978-0-7958-0076-4 (mobi)

Inhoud

[Titelblad](#)

[Opdrag](#)

[Hoofstuk 1](#)

[Hoofstuk 2](#)

[Hoofstuk 3](#)

[Hoofstuk 4](#)

[Hoofstuk 5](#)

[Hoofstuk 6](#)

[Hoofstuk 7](#)

[Hoofstuk 8](#)

[Hoofstuk 9](#)

[Hoofstuk 10](#)

[Hoofstuk 11](#)

[Hoofstuk 12](#)

[Hoofstuk 13](#)

[Hoofstuk 14](#)

[Hoofstuk 15](#)

[Hoofstuk 16](#)

[Hoofstuk 17](#)

[Hoofstuk 18](#)

[Hoofstuk 19](#)

[Hoofstuk 20](#)

[Hoofstuk 21](#)

[Hoofstuk 22](#)

[Hoofstuk 23](#)

[Hoofstuk 24](#)

[Hoofstuk 25](#)

[Hoofstuk 26](#)

[Hoofstuk 27](#)

[Hoofstuk 28](#)

[Hoofstuk 29](#)

[Hoofstuk 30](#)

[Hoofstuk 31](#)

[Hoofstuk 32](#)
[Hoofstuk 33](#)
[Hoofstuk 34](#)
[Hoofstuk 35](#)
[Hoofstuk 36](#)
[Hoofstuk 37](#)
[Hoofstuk 38](#)
[Hoofstuk 39](#)
[Hoofstuk 40](#)
[Hoofstuk 41](#)
[Hoofstuk 42](#)
[Hoofstuk 43](#)
[Hoofstuk 44](#)
[Hoofstuk 45](#)
[Hoofstuk 46](#)
[Hoofstuk 47](#)
[Hoofstuk 48](#)
[Hoofstuk 49](#)
[Hoofstuk 50](#)
[Hoofstuk 51](#)
[Hoofstuk 52](#)
[Hoofstuk 53](#)
[Hoofstuk 54](#)
[Hoofstuk 55](#)
[Hoofstuk 56](#)
[Hoofstuk 57](#)
[Hoofstuk 58](#)
[Hoofstuk 59](#)
[Hoofstuk 60](#)
[Epiloog](#)
[Erkennings](#)
[Oor die boek](#)
[Opsomming](#)
[Oor die skrywer](#)

[Kolofonbladsy](#)